

jou praktiese huis-en-tuingids

SA se
No.1
huis-en-tuin-
tydskrif



R100.00 (BTW inkl.)
Namibië N\$105,00

September | Oktober 2025

KOS

Alles is beter met KAAS!

HAND MET 'N PLANT

Ou plaastuin
vernuwe met
idees uit Italië

Organiese
tuin op 'n
eiland in die
Oranjerivier

REGRUK MET FLAIR-
KOMPETISIE

MEER KONTANT
OP DIE SPEL

Skrif nou in!

DOPAMIEN *dekor*

MAAK IMPAK MET LEWENDIGE KLEURE, PATRONE,
TEKSTURE & 'N TIKKIE NOSTALGIE

KAAPSTAD

Dromerige glashuis
in Nuwelandbos

JOHANNESBURG

'Geïnspireer deur die
romanse van 'n ou skuur'

RIEBEEK-KASTEEL

Volhoubare modulêre
huis van net 62 m²

WELLINGTON-
OPKNAP

Ingekleur in
kontemporêre
aardse brune

KLEURSLIM

BEKOSTIGBARE GETINTE KLEURE



PREMIUMKWALITEIT-VERF




Met gevorderde Kleurslim-tegnologie is ons verf beschikbaar in meer as 800 bekostigbare Duram-getinte kleure. Die resultaat is uitsonderlike kleurdiepte, vervaagweerstand, akkuraatheid en dekking.

Bekostigbare kleurmenging beskikbaar by toonaangewende hardewarewinkels.

Kleure mag verskil as gevolg van drukbeperkings.

Duram
SMART PAINT



LESERHUIS 18



LESERHUIS 28



40 LESERHUIS



Maak 'n impak! 50



LESERTUIN 104



Kaas - beslis, ja! 112

DEKOR

- 8 Vars idees vir dieredekor
- 18 Style, kleure en kuns in Nuweland-huis, Kaapstad
- 28 Johannesburg-huis **respekteer gister met die oog op die toekoms**
- 40 Skoon lyne, neutrale kleure, organiese materiale in Riebeeck-Kasteel
- 50 Verfris jou styl! Maak impak met vars fokuspunte en nuwe detail
- 66 Opknop Bruin en hout nuutgemaak in Wellington-huis uit die 60's

IN DIE KOMBUIS

- 112 Kaas dit en geniet dit!
- 122 Hertzogkoekies stap vir stap
- 124 Kortpadkos Aandete in 'n japtrap!
- 126 Kos & drank Nuwe dinge

kompetisies

- 6 Sê jou sê en WEN
- 64 Skryf in vir **Regruk met Flair 2025** en WEN jou deel van R120 000!
- 80 WEN met jou **troeteldierfoto's**
- 91 Voltooi **Blokraai #186** en WEN

IN DIE TUIN

- 92 Italiaanse inspirasie vir 'n Robertson-plaastuin
- 104 Oranjerivier se water voed welige tuin op Kanoneiland

gereeld

- 12 Wat's nuut op die dekortoneel
- 74 Raad Vra die kenners
- 80 Troeteldiere Honde by die werk
- 82 Tuindagboek
- 130 Agterblad deur Karin Brynard

Ek is nie wat 'n mens sal noem 'n "early adopter" as dit kom by tegnologie nie. Dis nie oor ek skrik vir tegnologie nie, allermens! Maar ek hou daarvan om die kat uit die boom te kyk.

Soos met die iPod, destyds. Klein diskoteek op jou bo-arm as jy die soort is wat vertonerig draf op die Seepuntse promenade, maar hoe lank was dit voor slimfone presies gedoen het wat die iPod net 'n vervelende oomblik kon en is dié klein toestelletjie die vergetelheid ingestuur? Ek is bly ek het nie my geld daarop uitgegee nie.

Maar nou is ons in die greep van KI, amper drie jaar meelewend in ons alledaagse bestaan. Ek gebruik dit byna elke dag, maar net laasweek word ek die byspeler in 'n bizarre verhaal.

Sien, ek het onlangs my kantoor geskuif van een vertrek in my huis na 'n ander en wil een van die ingeboude kaste omskep in 'n klein klank-ateljee.

Ek wend my tot ChatGPT met 'n eenvoudige por: "Design a cupboard with the following measurements: 2 027mm high, 550mm deep, 860mm wide. I need one shelf, 750mm off the floor. Underneath this shelf, divide the space into four equal-sized cubes."

En die onsigbare orakel agter my rekenaarskerm begin oes uit die kennisbank van die heelal: "Sketch coming up," sê hy.

Maar niks gebeur nie. Ek verfris my skerm. Steeds niks.

Uit radeloosheid teken ek uit my ChatGPT-rekening en teken weer in: Sowaar, 'n illustrasie van 'n kas. Maar nie die kas wat ek wil hê nie. Ek por weer, en weer, en weer. Elke keer moet ek uitteken om die prentjie te sien, maar hoe meer ek por, hoe minder korrek is die prentjie.

En probeer 'n ander KI-platform en herhaal die porre. Maar dinge gaan net agteruit. Die kas het naderhand vier deure. Ek vervies my en tik: "This is really disappointing. The illustration is deteriorating. Never mind, I will draw it myself with a pencil and a ruler." Kan jy glo? Antwoord die klein snip: "I understand – and I'm sorry for the frustration. Thank you for your patience through all the iterations. Good luck with your build!"

Tsk. Darem goeie maniere...

Iedergeval: Die prentjie (geteken met die hand) is by nutsman Deon de Goede en die kas kom die naweek. KI het my intussen met 'n rits ander goed gehelp, binne sekondes. En my baie tyd en moeite gespaar. Ek sal weer probeer...

Intussen: Dis September en terwyl die lewe voortsnel, vier ons, soos altyd, 'n lewe nader aan die natuur in dié uitgawe. Soos altyd is die bladsye gepak met regte idees, van regte mense. Lekker lees.



Wicus
redakteur@tuis.co.za

• Ons jaarlikse spesiale uitgawe **Tuis Werf** is nou te koop. Dié ekstra dik bêreboek is net die regte medisyne vir die somermaande wat wink. Dis tyd vir deure oopgooi en buite leef. Dis immers een van die grootste plesiere van ons lieflike land.

• Dan, groot nuus: Ons gewilde **Regruk met Flair**-kompetisie is terug, met 'n nuwe borg aan boord! Gelmar vat vanjaar ons hande in die soektog na die beste opknapprojekte van lesers. Is dit dalk joune? As jy nie inskryf nie, sal ons nie weet nie! Lees alles op bl. 64.

tuis home **gelmar**
REGRUK
MET FLAIR

tuis

REDAKTEUR
Posadres
Algemene navree

Wicus Pretorius, redakteur@tuis.co.za
Posbus 1802, Kaapstad 8000
Yumna Tofey
yumna.tofey@media24.com, 021 406 4552

REDAKSIE
Artikelredakteur
Kreatiewe redakteur
Ontwerpredakteur
Kosredakteur
Tuinredakteur
Teksredakteur
Digitale redaksie
Multimedia-joernalis
Foto-opknapper

Beatrice Moore-Nöthnagel,
beatrice.noethnagel@media24.com
Marian van Wyk
Andrew Maritz
Johané Neilson, johane.neilson@tuis.co.za
Marié Brody
Elna van der Merwe
Annette de Wet, Walter Hayward
Suné Esterhuizen
René Nortjé

MEDEWERKERS

Johletta Brits, Natalie Boruvka, Jeanne Botes, Maria Botha, Karin Brynard, Elza Cooper, Greg Cox, Paula Dubois, Gerda Engelbrecht, Gillian Eva, Lynne Fraser, Mary Jane Harris, Suretha Jansen van Rensburg, Misha Jordaan, ER Lombard, Haidee Muller-Isaacs, Jan Ras, Karl Rogers, Jeandri Streicher

ADVERTENSIES & INHOUDSBEMARKING

Verkoopsdirekteur Bea van der Vyver, bea.vandervyver@media24.com, 011 877 6047

Verkoopsbestuurder Lani Rheeder

Sleutelklantbestuurders Charlene Meyer, Daniela Di Giovanni, Leone Jacobs, Nicolette Kannenberg, Riette Peens, Debbie van der Merwe

Kantoorbestuurder Ann du Bois

ann.dubois@media24.com, 011 713 9529

DIVERSE INKOMSTE

Hoof: Sakeontwikkeling en strategieondersteuning

Lise van Breda, lise.coetsee@media24.com

Geleenthedisdirekteur Francois Malan, francois.malan@media24.com

STUDIO

Hoof Laila Majiet

Kreatiewe hoof Sandlasethu-Siphe Yilani

Redakteur: Spesiale projekte Gerda Engelbrecht, gerda.engelbrecht@media24.com

Produksiebestuurder Christine Smith

Senior bemarkingsbestuurder Andile Nkosi, andile.nkosi@media24.com

Bemarkingsbestuurder Setjhaba Maphike

Projekbestuurder Nafiesa Hoosain

UITGEWERSPAN: MEDIA24 MEDIA

Uitvoerende hoof Minette Ferreira

Inkomstehoof Nerisa Coetzee

Finansiële hoof Lana Goliath

Bedryfshoof Edwina Lyners

SIRKULASIE

Kategoriebestuurder tommy.chapman@onthedot.co.za

Produkbestuurder Janine Snyman, janine.snyman@onthedot.co.za

MEDIA24 KORPORATIEF

Uitvoerende hoof: Media24 Raj Lalbahadur

Waarnemende finansiële hoof: Media24 Nelmarie Beyers



Die volgende uitgawe van
Tuis is 3 Oktober op straat.

MEDIA24 Tuis word uitgegee deur Media24, Heerengracht 40, Kaapstad 8001. Tel. 021 406 2121



Kopiereg Media24. All regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie tydskrif mag sonder die geskrewe toestemming van die redakteur gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopieëring, skryf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting. Die redaksie onderskryf nie noodwendig die standpunte gehuldig in artikels, rubrieke en advertensies nie. Hoewel alle redelike voorsorg getref is om te verseker dat die advies wat in die tydskrif gepubliseer word, akkuraat is, kan die redakteur en die uitgewer geen verantwoordelikheid aanvaar vir enige verlies, skade of ongerief wat daaruit mag voortspruit nie. Die redaksie behou die reg om veranderinge te maak aan enige materiaal wat aan die tydskrif gestuur word, en kan nie aanspreeklik gehou word vir enige skade aan of verlies van die materiaal nie. Alle pryse is onderworpe aan verandering en kan verskil van winkel tot winkel; die prys in die winkel moet as die finale bevestigde bedrag beskou word.

Jou visie.
Ons kundigheid.
Die perfekte kombuis.



33 jaar van gehaltesdiens. 2-jaar-kombuiswaarborg.
Meer as 42 vertoonlokale landwyd. 0861 327 9543
Trotse lid van die Kombuis spesialistevereniging.

 easylifekitchens.co.za

"Ek het onlangs die voorreg gehad om met EasyLife Kitchens saam te werk, en die ervaring was wonderlik. Van die ontwerpfase tot die finale installasie is elke stap met professionaliteit en aandag aan detail uitgevoer. Ek is ongelooflik tevrede met hoe my kombuis lyk en beveel hulle sterk aan vir enigiemand wat hul ruimte wil herskep." **Julie Mason, Centurion**

Ons lesers sê

WENBRIEF



Kompetisie vir leke?

Chris Botha van Centurion skryf Ek het ons sitkamer in die eerste ses maande van vanjaar vasgevat en alles self gedoen – selfs panele en 'n spieël opgesit.



Dit het my laat dink: Kan julle nie in elke uitgawe van *Tuis* dalk voor- en ná-foto's plaas van werk wat lesers as selfdoen-amateurs aangepak het nie? En kan dit nie 'n kompetisie word waar die jaarlikse wenner 'n interieurkursus wen nie?

Iets uit niets

Erna Jorgensen van Pretoria skryf Ek is 'n baie getroue intekenaar van *Tuis* (deur Netwerk24) en sien altyd geweldig baie uit na elke uitgawe!

Natuurlik stel ek in dekor en ontwerp belang. So kyk ek al vir 'n paar jaar hoedat my neef Dieter Lombard, wat in Amerika woon, sy beeldskone Airbnb in Portland eiehandig ontwerp en in 'n lushof omskep – soveel so dat die einste plek uit omtrent 1 000 ander in die omgewing gekies is vir 'n episode van 'n werklikheidsprogram op Amerikaanse televisie.

Hy het begin met 'n baie eenvoudige huis wat eintlik niks anders as potensiaal gehad het nie. Dis so 'n mooi storie van transformasie.



Plante as dekor

Tanya Killerby-Korf van Mbombela skryf Vandag is plantnatmaakdag in my huis. Al my geliefde huisplante (al 34 van hulle) word liefdevol buitentoe gedra om 'n bietjie ligte son te geniet en goed natgemaak te word. In die huis lyk alles nou so kaal en die vertrekke sonder siel, amper morbid. Dis sulke tye dat ek besef hoeveel lewe plante aan 'n huis gee. Hulle is nie net dekor nie, hulle transformeer 'n vertrek. Hulle versag hoeke, verbeter 'n mens se bui en bring 'n stil vreugde. Ek kan my nie 'n huis sonder plante indink nie!



KORTLIKS

Wat is dit wat 'n meubelstuk klassiek of 'n erfstuk maak? Ek het hierdie rottang-koffietafel in die laat 1980's gekoop. Dis deel van 'n stel wat stoele en 'n tweesitplekbank insluit. Al is die koffietafel effens te groot vir my ruimte, is ek steeds baie lief daarvoor. Tendense kom en gaan, maar ek het nog nooit iets gekry waarvan ek so baie hou nie – daarom is dit vir my klassiek. – **Amanda Renwick, Johannesburg**

tuis

OP FACEBOOK

Wat is een ding van die winter wat jy nie sal mis nie?

- Die drie treë tussen die stort en die handdoek. – **Hantie Boshoff**
- Nee wat, ek kan skaars buk met al die klere wat ek aanhet. – **Lydia Broodryk**
- Eet meer (eintlik amper te veel) lekker warm winterkos. – **Ronel Connaway**
- Net die donker oggende, verder hou ek van die winter: geen vlieë, hitte en muskiete nie! – **Ulrica de Beer**
- Ek hou van 'n Durban-winter. Die tuin is groen en ons kry net-net koud genoeg om die verw warmer soms aan te skakel. – **Ellen Jonker**
- Ruite wat toegewasem is en lae en lae klere en komberse. – **Charmaine Smal Wall**

WEN!

Die skrywer van die wenbrief ontvang 'n ShowerPro

Diamond Filter ter waarde van R980.

Die Tappwater ShowerPro Diamond Filter bring nie net stylvolle vernuwing na enige badkamer nie, dis ewe goeie nuus vir jou vel en hare. Dié gevorderde stortfilter, wat in Europa ontwerp is, verwyder chloor en ander onsuiverhede uit die water. Dít dra by tot minder droogheid en irritasie, wat jou vel sagter en jou hare gladder en blinker maak. Gefiltreerde water is veral goed vir krullerige hare en help dit om vog te behou, krulle te definieer en hare minder te laat breek. Die minimalistiese ontwerp bring iets moderns na jou badkamer en dra ook by tot 'n skoner stortroetine. Die ShowerPro Diamond is gemaak met volhoubaarheid in gedagte deur gehalte en doeltreffendheid te kombineer; boonop is dit maklik om te installeer. Kry meer inligting by tappwater.co/en-za.



Die redakteur behou die reg om briewe te redigeer.

Tyd om te Ontspan

Die Woodoc-Manier



Woodoc Water-Borne MARINE is 'n sterk, duursame, waterbestande verseëlaar, perfek vir buitenshuise houtoppervlakke blootgestel aan uiterste weertoestande.



Woodoc 45 is 'n waterdraende verseëlaar, geskik vir ongeglasuurde, poreuse substrate soos hierdie sementvloer. Dit skakel stof, veroorsaak deur onverseëlde oppervlakke, uit.

Dit is waterwerend, sterk, duursaam en is verenigbaar met die Woodoc Colours Reeks wat jou dekormoontlikhede uitbrei.

Ons webwerf het volledige besonderhede en "Hoe-om-dit-te-doen" -advies.

Gebruik ons nuwe **Woodoc Wizard** om die perfekte verseëlaar te kies. www.woodoc.help



Woodoc
KOS VIR HOUT®

Woodoc Kliëntediens: Vir vriendelike, persoonlike hulp en advies, skakel Tolvry 0800 411 200, gedurende kantoorure. www.woodoc.com Facebook Woodoc WhatsApp +27 66 302 4702

Diere DEKOR

Kyk wat gebeur met ontwerp wanneer dit deur diereliefhebbers gedoen word!

Saamgestel deur Johané Neilson

Vis uit die water

Met vier perde, vier katte en sewe honde, om nie eens te praat van die voëls nie, is dit 'n eufemisme om die Morris-familie van Beaulieu, Johannesburg, as diereliefhebbers te beskryf! Die argitek Adrian Morris van Morris & Co en sy vrou, Daniela, het hul droomgesinshuis op 'n perdelandgoed gebou en hul liefde vir die buitelewe en die natuur om elke hoek en draai beklemtoon. Die swembad was 'n laat toevoeging nadat die huis voltooi is. "Aanvanklik het ons net gras hier gehad, maar dit het swak gevaar, veral in die winter. Daarom het ons die stuk om die swembad herontwerp om 'n 'buitekamer' te skep met struik, gruis, 'n vuurput en visbeeldjies," sê Daniela. Nou kan die honde op die gruis hardloop sonder dat die gesin bekommerd is oor die grasperk!

* Blaai na bladsy 28 om die res van hul huis te sien.

Houtvisse van Amatuli Artefacts;
metaalboog gemaak deur Master in Steel

Braaihoenders word kuns

“Ons bring die meeste van ons tyd in die winter in hierdie binnehof aan die agterkant van ons huis deur, want dit is so lekker warm,” sê Daniela. “Toe ons eenkeer in Italië gereis het, het ons in ’n villa gebly met ’n kuierarea langs die kant waar ons elke aand geëet het, en ons het besluit dat ons iets soortgelyks by ons huis wil hê,” onthou Adrian. Hulle het van ’n ou pakkamer ontslae geraak, die area gelyk gemaak, die verhoogde beddings gebou en toe die groentetuin en hoenderhok bygevoeg. “Dit is nou die beste deel van die tuin,” voeg Adrian by.

Vir die pret het hy en sy dogter, Olivia, ’n muurskildery op die agtermuur van die hok met die hand geverf van hoenders wat op KFC-emmertjies staan. Een hou ’n plakkaat vas wat sê: “Fly through.” Om die datum te vier, het hulle ’n hoender-geïnspireerde “familiewapen” geskep.

“Die vorm van die hok komplementeer die twee voëlhokke wat ons in die onderste tuin het. Dit is geïnspireer deur een wat my oupa in sy tuin gehad het toe ek nog ’n kind was,” sê Adrian. >>

Meubels van
Patio Warehouse

Spoggerige ingang

Die stamboekhonde in hierdie kontemporêre Franschhoek-huis het 'n ekstra spesiale ingang wat deur die argitek Martin Kruger ontwerp is. Dit is 'n pragtige skuins ("splayed") venster met inlegdetail en 'n honde-deur gemaak van peerhout. Dit kom van 'n boord op die eiendom.

Het jy geweet?

Dié soort venster is 'n argitektoniese ontwerp waar die vensteropening aan die een kant breër is as aan die ander kant om 'n skuins opening in 'n muur te skep.

Kunssinnige honde

Kyk hoe perfek pas Shima en Harkey se hondemandjies by die tekstuurkuns van Gary Stevens in dié Parktown-Noord-huis! Dis blote toeval, sê die interieurontwerper Tiggs Crozet oor die Baba Tree Basket Company-mandjies. 'n Baie gelukkige toevalligheid noem ons dit.

Foto Greg Cox/Bureauux • Styling Jeanne Botes




Foto Karl Rogers/Vignette • Stilering Natalie Boruvka/Vignette



Foto Karl Rogers/Vignette • Stilering Natalie Boruvka/Vignette



Foto Greg Cox/Bureauux • Stilering Jeanne Bôtes

Vyfster-hondehok

Terwyl hulle in Houtbaai gewoon het, wou die argitek Mano Kalos en sy vrou, Antje Berlin, hê dat hul troeteldiere, Arjuna, 'n Rhodesiese rirug/windhond-kruising, en die optel hond Bella (foto), 'n spesiale hok moes hê wat by die mense se huis pas. Met die hulp van 'n plaaslike skrynwerker het Mano 'n struktuur met 'n minimale voetspoor geskep wat bo die fynbosomgewing uitsteek. Soos met die hoofhuis, het die hondehok 'n Zinalume-sinkdak en Siberiese larksbekleding, gekies om in te pas by die fynbos wanneer dit verweer raak. Op die dak het hulle waterwys vetplante geplant.

Badtyd is maklik

Na 'n lekker spelery op hul Franschhoek-plaas is badtyd vir dié oulike drie – die Labradors Millie (13) en Tullamore (2) en die goue apporteer hond Elba (6) – 'n maklike takie in dié verhoogde bad. Dit is ontwerp deur die argitek Martin Kruger en gemaak van beton wat vooraf gegiet is en geseël is om dit waterdig te maak. Die trappe maak dit maklik om die honde in die bad te kry sonder dat die eienaar hulle hoef op te tel. Vanweë die hoogte is dit ook nie nodig om af te buk om hulle te was nie. Slim! 🏠

KONTAKTE EN VERSKAFFERS

Amatuli Artefacts amatuli.co.za **Baba Tree Basket Company** babatree.com **Mano Kalos** manokalos.co.za **Martin Kruger Architects** martin-kruger.com **Morris&Co** morriscolab.com **Master in Steel** 079 524 1719, masterinsteel@gmail.com **Patio Warehouse** patiowarehouse.co.za **Tiggs Crozet Interior Design** tiggscrozet.com



Wat's nuut

Saamgestel deur Johané Neilson



Karusa-3-laai-bedtafel R4 995,
Celeste-lamp R3 695 en keramiekbak
R295, blockandchisel.co.za

Geborduurde
strooikussing
(55 x 55 cm)
R199.99,
mrphome.com



SIT GERUS

Leah-stoel (ander kleuropsies
beskikbaar) R19 514,
alifurn.co.za



Die Swivel Paradise-
muurlig is ontwerp met 'n
muurhegstuk wat kan
draai en het 'n materiaal-
kabel en muurprop sodat
jy dit enige plek kan
gebruik. Ons hou van die
handige skakelaar
wat hoog sit!

Swivel Paradise-muurlig
in Sunset R6 200,
arrangestudio.co.za



Foto Frances Marais • Stilerig Sami Pienaar



Pom Pom-strooikussing en geraamde kunswerk R79.99 elk, pepstores.com



Mal hieroor!

Die Tulip Paper String-hanglig (skerm: 22 cm H x 50 cm D; R1 950, klight.com) is so stylvol en met die hand gemaak. 'n LED-gloeilamp sal die natuurlike kleur aksentueer en 'n rustige gevoel skep.

Fluweelkussing met oorkruispatroon in Plum R799, poetrystores.co.za



Die Amandla-kers deur Ethereal Candle Crafters (R550 elk, etherealcandlecrafters.com) is deel van hul skulpturele reeks – een-een mooi of saam met ander.



Kyk mooi

Spieël met goue raam (600 x 900 mm) R669, gelmar.co.za

Ronde spieël met goue raam (600 mm) R449 en vierkantige spieël met swart raam (800 mm) R699, gelmar.co.za



Koop aanlyn!

Gelmar, een van SA se grootste winkelgroepe vir huisverbetering, bied hul wye reeks gehalteprodukte aanlyn teen bekostigbare pryse – en hulle lewer by jou deur af! Besoek gelmar.co.za.



Die St. Leger & Viney-span van die Kramerville-toonlokaal het dié pragtige buitesambreel met fraaiings laat maak vir hul binnehof om die plaaslik vervaardigde Fynbos Stripe-materiaal uit die Wild Things-binne/buitereeks te wys – en die mense was gaande! Dit word nou op bestelling gemaak; besoek een van St. Leger & Viney se toonlokale in Johannesburg, Pretoria, Kaapstad of Durban en loer in by stleger.co.za. >>

SKEP, VERNUWE!

WIE Jennifer Borriero

WAAR Gqeberha

HAAR WERK Jennifer noem haar skulptkuns Sienna on the Shore na aanleiding van haar dogter wat van kleins af saam met haar ma 'n regte strandloper was. Haar kleurrike Tutti Frutti en Monochrome Ombre Grids is groot gunsteling en word in huise dwarsdeur Suid-Afrika en ook oorsee gesien.

"My liefde vir skulpe het ontwikkel in kuns wat wys watter ongelooflike verskeidenheid en kleure ons pragtige kuslyn bied," sê Jennifer. "Ek versamel klein hoeveelhede op 'n etiese manier (heelwat minder as die beperkings vir persoonlike gebruik) en enige skulp wie se inwonertjie nog binne woon, word teruggevat see toe. Ek speel graag met kleurkontraste om die skoonheid van elke skulp te beklemtoon."

Bekyk Jennifer se kuns by [instagram.com/Sienna_on_the_shore](https://www.instagram.com/Sienna_on_the_shore) of e-pos haar by jenniferborriero@gmail.com oor beskikbare kunswerke.



Woolworths se nuwe Food Emporium-vlagskipwinkel by The Village Square in Durbanville herdefinieer kruideniersinkopies. Dit sluit in 'n innovasiekombuis, 'n vergrote slaghuistoonbank, 'n vistoonbank en heerlike fyngebak. Ons hou baie van die bloemistoonbank waar jy jou eie bos blomme kan bestel by die kenner aan diens wat dit ook persoonlik vir jou sal toedraai.

Beplan jy 'n kombuisopknapp?

Vra jou naaste verskaffer van paneelborde uit oor die nuwe reeks produkte van PG Bison, skeppers van dekoratiewe houtgebaseerde paneelprodukte. Die kombuis op die foto spog met Super Black MelaWood SupaTexture in die Acuity-afwerking op die swart kaste, Zaros Luxora-werkoppervlakke in die Textured-afwerking (binnekort beskikbaar), en Vieste MelaWood SupaTexture in die Capitol-afwerking op die laaie en onderste kaste. Besoek [pgbison.co.za](https://www.pgbison.co.za).



SAGTE VORMS

Dane-3-sitplekbank in Danny Dusty Blue
R52 997, [sofacompany.co.za](https://www.sofacompany.co.za)



Charlie-bankie in die nuwe Sunday Curry-kleur
R6 999, [sofacompany.co.za](https://www.sofacompany.co.za)



Thread Office Olive-duvelsloop van gewaste katoen (dubbel) van R999, [yuppiechef.com](https://www.yuppiechef.com) >>

CiELO

Inspiring Spaces



DIE WALLACE REEKS

CIELO.CO.ZA

WINKELS

GAUTENG: FOURWAYS • KRAMERVILLE • CENTURION • PRETORIA • EDENVALE • ALBERTON •
ROODEPOORT • **WES-KAAP:** SOMERSET-WES • GEORGE • TABLE BAY • DE WATERKANT • **KWAZULU-**
NATAL: BALLITO • **OOS-KAAP:** PORT ELIZABETH • **MPUMALANGA:** NELSPRUIT • **LIMPOPO:**
POLOKWANE • **NAMIBIË:** WINDHOEK | DESIGN HUB • **MAURITIUS:** BLACK RIVER | BANGALOW



SKANDEER MY


KOOP AANLYN
OF IN DIE WINKEL

Dit blom in die Overberg

Laasjaar was die eerste Stanford in Bloom-fees op dié mooi dorpie in die Overberg. En vanjaar maak hulle weer so, van 10 tot 24 September. Die twee weke lange fees is 'n viering van tuinmaak, en gee besoekers die kans om die streek se unieke biodiversiteit te ontdek. Daar is ook markte en stalletjies, en soos laasjaar, kan besoekers "Chelsea Flowers in Stanford" besoek – 'n replika van die goudbekroonde uitstalling wat ontwerp en gebou is vir die RHS Chelsea-blommeskou. Besoek stanfordinbloom.co.za.

PASOP VIR GLY!

Gepoleerde Matrix-porseleinteëls in mat glasuur is glybestand (600 x 600 mm) R199/m², italtile.co.za



Lady with a Public Earring
(olie op doek; 2024) deur Ade Kipades



Vir jou dagboek

Solo Studios – 'n jaarlikse kunsmakietie in die Riebeekvallei (net 80 km van Kaapstad) – gebeur vanjaar van Vrydag 24 tot Sondag 26 Oktober. Jy kan kunstenaars in hul ateljees en galerye besoek asook 'n private versameling van Modern Art Projects South Africa en 'n spesiale uitstalling van Ardmore-keramiek beleef. Besoek ook 'n kunstenaar se volhoubare ekohuis wat volledig uit plastiek- en tekstieloorskiet gebou is, en luister na praatjies oor hoe om te belê in kuns. Besoek solostudios.co.za vir kaartjies, inligting en verblyfopsies. 🏠

Rio-marmerlessenaarlamp
R2 200, hertexhaus.co.za



Botaniese lap

Vier die lente met Carole Nevin se nuwe Fynbos Garden Collection. Die pragtige botaniese ontwerp is gedruk op 100% voorspinkatoen (220 g/m²; van R595/m, carolenevin.com) en kan gebruik word vir gordyne, stoffering, tafellinne en kussings.

Dit word met die hand gedruk in haar Muizenberg-ateljee. Die aardse kleurpalet wat geïnspireer is deur Kaapse fynbos, sluit in salie, houtskool en indigoblou sowel as tikkies geelgroen en rooibos.


Honeysuckle in
Chartreuse & Sage

Disa in Rooibos

Agapanthus in Indigo



Elegansie in Elke Detail



incanda
FURNITURE



Koop aanlyn
www.incanda.co.za

Besoek ons:

Pretoria | Kramerville | Bloemfontein | Paarl | Durbanville | Hermanus
Somerset-Wes | George | Port Elizabeth | Polokwane | Windhoek Design Hub

WIE WOON HIER? Jenny en Mark
Parsons en hul honde, Oscar en Roxy

WAAR Nuweland, Kaapstad

GROOTTE 450 m²

'n Fees VAN andersheid

Uit 'n huis se bontspul style skep 'n egpaar 'n visuele paradys.

Deur Beatrice Moore-Nöthnagel • *Foto's* Jan Ras • *Produksie* Marian van Wyk



Omdat die glashuis aan die noordekant van die huis is, is dit koel in die somer onder die blaredak. In die winter word dit deurspoel deur sonlig.

Terwyl baie mense die stad verruil vir die stadiger pas van 'n klein dorpie, was dit vir Jenny en Mark Parsons andersom. Einde 2020 het hulle Riebeek-Wes gegroet en teruggetrek na Kaapstad.

“Ons het sewe baie gelukkige jare in die Riebeekvallei beleef, maar ons het die energie van die stad gemis,” sê Jenny, 'n kunstenaar en kleurkunstenaar. “Toe ons huis gouer verkoop is as wat verwag is, moes ons haastig na nuwe plekke begin kyk.”

Met sy oorstroomende groenigheid en nabyheid aan die stad was Nuweland die perfekte voorstad vir hul nuwe begin.

“Ons het baie ‘beige bokse’ bekyk – almal in perfekte toestand, maar net nie vir ons nie,” sê Jenny.

Uiteindelik het 'n ongewone woning met 'n glashuis hulle hart gesteel. Dit het aandag nodig gehad, maar die erf was groot en boomryk en naby die Nuweland-bos waar hulle elke dag kon gaan stap.



Die voormalige donkerblou trappe gloei nou geel. “Dis net vir die pret – ek is mal oor die estetika van die herwinde trap,” sê Jenny. Hulle het glasdeure in swart staalrame tussen die oopplankombuis en -eetkamer en die portaal en leefvertrek laat installeer om te help met temperatuurbeheer.

Sak van Skinny laMinx

Soveel style

Die Parsonse was bly oor die grootte van die huis wat al hul kuns kon akkommodeer. "Toe ons ons groot ou plaashuis op Riebeek-Wes verlaat, was ons nie lus om ons kuns te verminder nie," verduidelik Jenny.

"Die huis is omstreeks 1964 gebou in 'n mengelmoes van style. Die glashuis is vermoedelik aangebou om 'n warm leefruimte by die eetkamer te voeg. Dit is beskryf as 'n glashuis in New York-styl en is soortgelyk aan die een by Babylonstoren. Ek is nie gek oor die 70's se aluminium-glashuise nie, maar ek is mal oor dié een. Die uitsig op die berg is wonderlik!" >>

Houtpanele is een van die oorspronklike kenmerke van die huis waarmee die Parsonse moes vrede maak. "Ons is nie mal daaroor nie, maar op 'n sekere vlak voeg dit visuele warmte en tekstuur by," sê Jenny. "Die kombuis is egter pragtig ontwerp; as ek dit ooit sou moderniseer, sal ek min of meer by dieselfde ontwerp hou." Die opvallende oranje Italiaanse FontanaArte Pangen-hanglamp is gekoop by 'n winkel wat intussen toegemaak het.

Eettafel van James Mudge Furniture Studio; vintage- Italiaanse eetkamerstoele van Huisraad Modern

Die groot skoonmaak

Met 'n beperkte begroting nadat hulle die huis gekoop het, was daar nie sprake van strukturele veranderings nie.

“Dit lyk asof die huis gebou is met herwinde materiale, insluitend Victoriaanse elemente soos die loodglasvensters en trap, en deure uit die 1950's,” sê Jenny.

“Daar was baie binnenshuise klipbekleding, latplafonne en groot ou houtbalke wat ons verwyder het voordat ons ingetrek het. Ons het van die afwerkings ontslae geraak en dinge vereenvoudig. Hier is steeds allerhande style, maar ons het dit wat ons nie pas nie, verwyder.”

Die eens oorgroot kaggel en klipbekleding wat 'n hele muur in die sitkamer bedek het, het nou 'n vars voorkoms met pleister en 'n eenvoudige losstaande smeulstofie (*oorkant regs onder*).

Net so is daar geen spoor oor van die klipbedekte muur in die

eetarea nie, waar die oorspronklike stofie nou in 'n alkoof staan.

“Nadat ons al die klipbekleding verwyder het, het ons 'n paar meter leefruimte gewen!” sê Jenny. Danksy 'n vinielvloer van goeie gehalte op die onderste verdieping was dit maklik om vervangingstrokke by te voeg vir 'n naatlose voorkoms na die groot skoonmaak.

Nog 'n kosmetiese verbetering wat 'n groot verskil gemaak het, was om RhinoBoard met isolasie by te voeg en dit wit te verf.

“Ons het die hele onderste verdieping wit geverf, insluitend die oorspronklike swart houtdakkappe en ook onder die trapportaal wat donker hout was,” sê Jenny.

“Dit het ons huis geweldig opgehelder.

“Ons sou nooit 'n sjiek voorkoms kry nie, dus het ons die huis se eksentriekheid omarm en ons eenvoudig oorgegee aan sy andersheid.” >>



Die oorspronklike houtstoof is skoongemaak en staan nou gemaklik in 'n helder oranje alkoof. Toevallig is dit dieselfde oranje as die nuwe hanglamp oor die etenstafel, wat later gekoop is. Bo die esdoring-kaggelrak, wat die Parsonse geïnstalleer het, word kunswerke deur (*van links*) William Kentridge, Johann Louw en Connor Cullinan uitgestal.



VERFKLEUR

Duram Southwest Magic



VERFKLEUR

Paint & Decor Sunday Hike

As 'n kleurkunstenaar kies Jenny kleur intuïtief. “Ek is 'n groot aanhanger van Paint & Decor in Durbanville. Hulle bied subtiële en intelligente kleure – en hulle kan enige skakering meng wat jy begeer.”




Strooikussings van Skinny laMinx; kuns (van links) deur Clare Menck, Fred Schimmel, Jenny Parsons (bo) en Mary Visser (onder)



VERFKLEUR

Paint & Decor
Daydream



'n Ingeboude
kopstuk bied
uitstalplek.
Strooikussings
van Skinny
laMinx

Die ou badkamer is uitgehaal en die inspirasie vir die opknap was “eertydse Hollywood-glans” met ’n pienk-en-groen kleurskema en ’n tikkie blinkigheid in die vorm van koperkrane.



LESERHUIS



Ons versameling *kuns en ander mooigoed* is ’n weerspieëling van 36 jaar van getroude lewe en ’n liefde vir tuisteskepping. – Jenny

VERFKLEUR

Paint & Decor
Off the Beaten Track



Toebehore en sanitêre ware van Continental Bathroom Supplies; blikbeeldjie deur Lynda Kropman



Kuns en kleur

Terwyl die Parsonse meestal by wit mure gehou het om die voorkoms lig en lugtig te hou, is daar beslis geen gebrek aan kleur nie, danksy ’n verseidenheid fokusmure, meubelstukke en sagte meubilering. “Ons geniet helder, warm kleure en kies altyd iets soos ’n rusbank, lamp of gordyne in ’n gewaagde skakering,” sê Jenny.

“Ons is nie aanhangers van beige of grys nie. Ons het ’n natuurlike speelse houding teenoor ons leefruimtes en ek veronderstel dit word weerspieël in ons keuses,” voeg sy by. “Ons word nie regtig deur trends beïnvloed nie. Baie van ons dekoritems is aan ons geskenk, geërf of êrens ontdek. Hulle is almal deurdrenk van hul eie persoonlike geskiedenis. Ek en Mark geniet ’n mid-eeus-moderne estetika, maar ons is taamlik eklekties in ons smaak en koop dikwels iets omdat ons daarvan hou, ongeag die koel faktor.

“Ons koop kuns wat by ons aanklank vind – stukke waarvan ons hou en wat ons destyds kon bekostig, hoewel ons wel soms al ons begroting oorskry het!” sê Jenny laggend. “Soms koop ons kuns saam en soms ondersteun ons net mekaar se individuele keuses. Dit is ’n balanseertoertjie. Ons kunsversameling is ’n baie belangrike deel van ons lewens; dit gee ons elke dag soveel plesier.” >>



Strooikussings van Skinny laMinx



Die trapportaal op die boonste vloer het nou houtrelings nadat die broekiekant verwyder is.



VERFKLEUR

Duram
Sunny at Heart



VERSKAFFERS EN KONTAKTE

Clare Menck [instagram.com/claremenck](https://www.instagram.com/claremenck) **Connor Cullinan** [instagram.com/connor.cullinan](https://www.instagram.com/connor.cullinan) **Continental Bathroom Supplies** [continentalbathrooms.co.za](https://www.continentalbathrooms.co.za)
Duram [duram.co.za](https://www.duram.co.za) **FontanaArte** [fontanaarte.com](https://www.fontanaarte.com) **Huisraad Modern** [huisraad.co.za](https://www.huisraad.co.za) **James Mudge Furniture Studio** [jamesmudge.com](https://www.jamesmudge.com) **Jenny Parsons** [jennyparsons.com](https://www.jennyparsons.com)
Johann Louw [instagram.com/johannlouw](https://www.instagram.com/johannlouw) **Lynda Kropman** [instagram.com/lyndakropman](https://www.instagram.com/lyndakropman) **Mary Visser** [maryvisser.co.za](https://www.maryvisser.co.za) **Paint & Decor** [paintdecordiy.com](https://www.paintdecordiy.com)
Skinny laMinx [skinnylaminx.com](https://www.skinnylaminx.com) **William Kentridge** [kentridge.studio](https://www.kentridge.studio)

A black-framed glasshouse with a curved roof stands in a garden. Large trees with thick trunks and autumn-colored leaves surround the structure. A stone path leads through fallen leaves towards the glasshouse. Inside the glasshouse, a purple sofa, a wooden table with a vase of yellow flowers, and a checkered floor are visible. A small black lamp post is in the garden to the left.

Dis maklik om op 'n koue wintersdag
'vas te haak' in die glashuis. – Jenny

Ondervloerse verhitte in die glashuis hou dinge knus. "Die enigste nadeel is dat dit lek, al het ons nogal baie herstelwerk gedoen," verduidelik Jenny. "Maar hierdie styl glashuis is blykbaar berug daarvoor omdat die staal uitsit en krimp. Ons het nog 'n paar klein lekkasies en ons sal net aanhou om die instandhouding so goed as moontlik te doen." 🏠

WIE WOON HIER?

Adrian en Daniela Morris, hul kinders, Gabriel (18) en Olivia (15), vier perde, vier katte en sewe honde

WAAR Beaulieu, Johannesburg

GROOTTE 600 m² (huis);

10 000 m² (eiendom)

KONTEMPORÊRE plaashuis-styl

VERFKLEUR

Plascon
Bantry Cream

'n Gesinshuis
op 'n perde-
landgoed
respekteer die
verlede en hou
die oog op die
toekoms.

*Deur Mary Jane Harris
Foto's Karl Rogers/Vignette*

Die eenvoudige geweldak en motorhuise wat met sinkplaat beklee is, is in pas met die plattelandse omgewing en die Morrisse se liefde vir ou plaashuise. "Ons het probeer om verf en instandhouding te beperk toe ons afwerkings gekies het," verduidelik Adrian. "Ons het klip, baksteen en sinkplaat ingesluit en omdat verf afdop met temperatuurskommelings, het ons sakgesmeerde bakstene aan die warm westekant gebruik. Die sinkplate op die motorhuise is geïsoleer om hitte-opbou teen te werk."

Die leefarea is ingerig met 'n kombinasie van ou en nuwe meubels. "Die kleiner bank was vroeër in my ma se slaapkamer. Ek het dit nuut oorgetrek met 'n eksotiese materiaal wat ek 'n paar jaar gelede by 'n deorskou raakgesien het," sê Daniela. Sy het die 3 m lange geel bank laat maak om dit te komplementeer. "Ek is mal oor geel en groen."

Glaskas op bestelling
gemaak deur
The Grand
Living



Dit het die argitek Adrian Morris en sy vrou, Daniela, twee jaar geneem om die perfekte eiendom te kry waar hulle hul droomhuis kon bou. “Daniela se ouers het sowat 35 jaar op hierdie perdelandgoed gewoon en wou afskaal. Ons, aan die ander kant, het ’n groeiende gesin gehad en wou ’n plek van ons eie bou,” verduidelik Adrian. “Ons is mal oor die omgewing en Daniela en die kinders is ywerige perderuiters, so dit sou natuurlik gerieflik wees om op ’n landgoed te woon waar ons ons perde kon aanhou – én ons al die voordele van ’n plattelandse omgewing geniet.”

Ongelukkig was daar geen leë erwe op die landgoed nie. Dit was nie maklik om ’n eiendom te kry met al die vereistes wat hulle gestel het nie: ’n helling, ’n uitsig en ’n bestaande huis (waar Daniela se ouers kon woon) en wat genoeg ruimte gelaat het om hul eie huis te bou.

Dit het hulle gebaat om te wag. “Ons het uiteindelik een gekry wat alles gebied het wat ons soek,” sê Adrian. “Hoewel dit suid front, was dit ’n voordeel aangesien ons nie veel van ’n winter het nie en die somer so warm is.” Deure en vensters wat noord wys, is geïnstalleer om die meeste van die wintersonlig te benut, terwyl die patio aan die suidekant altyd koel is in die somer. >>



Teen die muur is Daniela se versameling Royal Doulton Brambly Hedge-borde. “My ma was lief vir Royal Doulton, so ek het al vroeg die eetstel begin bymekaarmaak,” sê Daniela.



Die kontemporêre fasade met I-balke en ’n rou betonplafon is gemeng met tradisionele plaashuisafwerkings soos sakgesmeerde en rou baksteen. “Die huis strek tot in die tuin en ons leef byna heeljaar met al die deure en vensters oop,” sê Daniela.





Skuifdeure deur McCoy's Doors & Windows; ottoman deur Johann Nel Designs; gloeilampe en hangkoorde deur Hoi P'loy

Die gebruik van I-balke en pasgemaakte glasskuiфdeure in aluminiumrame maak die oorgang van die leefarea na die patio en buite-areas byna naatloos. "Soos met die ander ligte het ons die gloeilampe en kables gekoop en die beligting self ontwerp," sê Adrian.



Adrian het die Chinese kabinet jare gelede in Durban gekoop. "Dit was oorspronklik die tradisionele swart en rooi, wat my nie aangestaan het nie," sê Daniela wat dit geverf het met Annie Sloan Duck Egg Blue van Simply French. "Die koffers kom van familie en een was my skooltas."

Foto Morris&Co



Eerste huis vir sy gesin

Die paartjie het die erf in 2012 gekoop en in 2013 begin bou. "Hoewel ek huise vir ander mense ontwerp het en daaruit baie geleer het oor waarvan ek hou en wat ons pas, is dit die eerste huis wat ek vir my gesin ontwerp het," sê Adrian.

"Ek is lief vir die buitelewe en dit was dus vir my belangrik om 'n gevoel te skep dat ons met ons omgewing verbind is, selfs wanneer ons binne is," sê Daniela. "Ons wou baie natuurlike lig hê en wou graag die voorkant van die huis oopmaak om die uitsig en tuin beter te geniet. Ons kan selfs die kinders sien wanneer hulle in die arena perdry."

"Ons wou nie gange hê nie," voeg Adrian by, daarom is die groot leefruimte, wat aan die een kant deur die kombuis geanker word, oop. "En as jy boontoe gaan, gaan jy reguit na die pajama-kuierkamer.

"Vanuit hierdie ruimte lei twee slaapkamers aan die een

kant en die hoofslaapkamer aan die ander kant."

Die styl van die huis is geïnspireer deur sy plaasagtige omgewing. Adrian se argitektuur- en ontwerppraktyk, wat hy in 2020 gestig het, het as ontwerpfilosofie: Respek vir die verlede en 'n oog op die toekoms. "Terwyl ons ontwerp vir 'n kontemporêre lewe, hou ons ook daarvan om 'n gevoel van nostalgie te skep," verduidelik hy.

Hy en Daniela is albei lief vir ou plaashuise en veral die romanse van hergebruikte skure. Adrian het tradisionele elemente ingesluit soos die eenvoudige geweldak, die klassieke monitordak in die middel van die eerste verdieping (sien foto links) en die motorhuise wat met sinkplaat beklee is en wat soos plaasskure lyk. "Ek het dit geïntegreer met die kontemporêre toevoeging van 'n platdak-paviljoen wat die patio, ateljee en daktuin huisves," vertel hy. >>

VERFKLEUR
Plascon
New York Square

Eettafel op bestelling gemaakt deur
Maple Street Timbers; ronde metaaltafel
van Cottonwood Trading; ligtoebere
van Greencraft Lighting

32 tuis September | Oktober 2025

VERFKLEUR
Plascon
New York Square

Eettafel op bestelling gemaakt deur
Maple Street Timbers; ronde metaaltafel
van Cottonwood Trading; ligtoebere
van Greencraft Lighting

32 tuis September | Oktober 2025

VERFKLEUR
Plascon
New York Square

Eettafel op bestelling gemaakt deur
Maple Street Timbers; ronde metaaltafel
van Cottonwood Trading; ligtoebere
van Greencraft Lighting

32 tuis September | Oktober 2025

VERFKLEUR
Plascon
New York Square

Eettafel op bestelling gemaakt deur
Maple Street Timbers; ronde metaaltafel
van Cottonwood Trading; ligtoebere
van Greencraft Lighting

32 tuis September | Oktober 2025

In die winter stroom die son deur groot noordfront-deure en is die leeshoekie langs die eetarea lekker snoesig. "Ek is mal oor plante en probeer soveel as moontlik indruk," sê Daniela. "Ons het die houtvloer in 'n visgraatpatroon gelê; dit was tipies in klassieke, deftige vertrekke," voeg Adrian by.

Houtvloer van Fulcrum Flooring

Daar's niks in dié huis wat ek sal verander nie.
Ek wil vir altyd hier woon. – Daniela



Louis, Olivia se ponie, staan agter 'n hek wat geïnspireer is deur een wat hulle in Italië gesien het. Hek gemaak deur Master in Steel



Daniela en Adrian met een van hul sewe aanneemhonde. "Ons woon behoorlik in die winter in dié binnehof aan die agterkant, want dit is so warm," sê sy.

Hulle wou 'n gevoel skep dat hulle buite woon dus was 'n groot, onderdakstoep met ruim leef- en eetareas 'n prioriteit. "Ons het die betonplafon in sy rou vorm gelos omdat ons van 'n warm, rustieke voorkoms hou," sê Adrian. Die donker bakstene aan die westekant sluit aan by die I-balke sowel as die venster- en deurkosyne.



Kandelaar van High Thorn; pizza-oond van Avin

Storie sonder einde

"Om dit oop te hou met 'n naatlose verbinding met die patio, wou ons so min as moontlik stutstrukture op die suidfront-fasade hê. Dit is hoekom ons I-balke gebruik het. Toe het ons gedink dat ons dit net sowel binne kan herhaal," verduidelik Adrian. Die I-balke bied 'n moderne interpretasie van rustieke houtbalke sowel as bykomende ondersteuning sodat die betonblad wat die boonste verdieping ondersteun, dunner kan wees as wat gewoonlik nodig is.

Die bouwerk het ongeveer twee jaar geduur. "Ons het 'n klein bouspan in diens geneem en die bouwerk self bestuur," sê Adrian. "Tydens die proses het ons glad nie die oorspronklike ontwerp van ons huis verander nie. Maar sedert die voltooiing het ons nog nie opgehou om die eiendom te ontwikkel nie."

Hulle het nou 'n swembad en bykomende motorhuise bygevoeg, 'n bestaande buitegebou in 'n werkwinkel omskep en kantore gebou vir Adrian se groeiende argitektoniese en interieurontwerponderneming, Morris&Co.

Die tuin het ook ontwikkel. "Die uitdaging met groot eiendomme is dat die huis verlore kan lyk in die middel van 'n uitgestrekte grasperk. Ons het dit dus geanker met wat ons 'buitekamers' noem: die swembadkamer, 'n binnehof wat noord wys buite die kombuis, 'n groentetuin en selfs 'n bostuin," verduidelik Adrian. "Ek en Daniela deel 'n gemeenskaplike tuinflilosofie. Tuine is ons manier om die natuur te wys dat ons haar tegemoet kan kom oftewel haar halfpad kan ontmoet." >>

Eenstemmig oor ontwerp

Die paartjie het ook saam aan die interieurs gewerk. "Ek kom uit 'n modeontwerpagtergrond," sê Daniela. "Ek hou daarvan om met 'n leë doek te begin. Hier wou ek skakerings van wit hê. Dan voeg jy items waarvan jy hou en versamel, in lae by. My ouers het van antiekskoue gehou en as kind het ek gereeld saam met hulle na sulke byeenkomste gegaan. Ek is my hele lewe lank 'n versamelaar en ek het besef as jy dinge koop waarvan jy hou en wat jou gelukkig maak, dit alles in een ruimte kan werk."

Gelukkig is Adrian en Daniela ook op dieselfde bladsy wat ontwerp betref. "Ons reis baie en ons word geïnspireer deur wat ons sien," sê Adrian. "Daar is altyd 'n nuwe projek," voeg Daniela by. "Ek stel 'n verbetering voor en dan sê Adrian dikwels: 'Ja, ek het dieselfde gedink.'"

Baie van hul opvallende meubelstukke kom uit hul vorige huis, waarvan sommige oorgeverf en weer oorgetrek is. Adrian het ruimtes ontwerp om spesiale items te akkommodeer sodat alles perfek gepas het toe hulle intrek.

"Baie van ons kuns het vir ons 'n spesiale betekenis. Ons het stukke oor die jare versamel, ook op ons reise na plekke soos Italië en Ierland. Ons huis is soos 'n geleefde geskiedenis," sê Adrian. "Soos 'n interessante museum," voeg Daniela by. >>

"Die gastebadkamer is waar mens bietjie drama kon skep met donker kleure," sê Daniela. Die kassie is ook 'n ou een wat sy met 'n verfkwas bygekom het.

Badkamertoebehore van Antique Bathrooms; kandelaar van Loads of Living

VERFKLEUR

Plascon Pompeii

Gabriel se ruiterrosette word uitgestal bo sy bedkassie, 'n ou meubelstuk wat Daniela geverf het.

VERFKLEUR

Dulux Spheric Winter



VERFKLEUR

Plascon Dusted Moss



Olivia het die kleurskema vir haar kamer gekies.

Pienk kabinet van Pedersen + Lennard

'n Deur van staal en geribde glas verbind die aantrekkamer met die ruim hoofbadkamer, waar klassiek en kontemporêr gemaklik saamwoon. "Die geribde glas laat lig deur terwyl dit steeds privaatheid verskaf," verduidelik Adrian.

Wasbakkas gemaak deur Sharson Shopfitters



"Dit lyk miskien antiek, maar ek het dié kandelaar jare gelede by Mr Price Home gekoop," sê Daniela.

Badkamertoebere en bad van Antique Bathrooms; handdoek van Mungo



ITALTILE

HERVERBEEL JOU BADKAMER IN

VOGUE

NEUTRO

Blink geglasuurde keramiek-
MUURTEËLS

DENIM

GREIGE

ESMERALDA

75x300mm



SKANDEER VIR DIE KLEURE: Vogue Denim, Esmeralda, Greige, Neutro

Klassieke metroteëls is tydloos en bly ewig byderwets danksy opwindende glasure, teksture en kleure, asook vars idees vir installering. Italtile se eksklusiewe nuwe **Vogue-versameling metromuurteëls van keramiek** bied skitterende dekor-moontlikhede met hul aardse, handgemaakte gevoel, sensasionele kleurpalette en asemrowende deursigtige glasuur. Volhoubaar vervaardig in Spanje. So, watter kleur jy ook al huis toe neem, jy gaan 'n titsel groen by jou ruimte voeg. Eksklusief van Italtile

Deursigtige Glasuur



Hoëglans

Aardse Voorkoms

4 Palette

Ons vertoonlokal is **7 dae per week oop.**

AANLYN WINKEL 010 271 2272




ITALTILE

LIVE BEAUTIFULLY



Die hoofslaapkamer loop uit op die daktuin en is ontwerp met 'n leeshoekie en lessenaar. Agter die bed is 'n aantrek-kamer. Die groot venster kyk uit op die woudagtige tuin. "Die sonsondergange is iets om te beleef!" sê Daniela. 🏡

Lampskerm van Amatuli



'n Monitor-dak het 'n verhoogde middelste deel, dikwels langwerpige of vierkantige, wat strek oor die hoogste rief van die dak. Hier is gewoonlik vensters wat natuurlike lig inlaat en ventilasie verbeter na die ruimte daaronder. Kyk op bl. 30 hoe Adrian dié ontwerpelement gebruik het in hul eie huis.

VERSKAFFERS EN KONTAKTE

Amatuli amatuli.co.za Antique Bathrooms antiquebathrooms.co.za Avin avin.co.za Cottonwood Trading cottonwoodfurniture.co.za Dulux dulux.co.za E-Werkz 087 049 0101, e@werkz.co.za Fulcrum Flooring fulcrumflooring.com Greencraft Lighting greencraft.co.za Haded Tiles haded-tiles.com High Thorn highthorn.co.za Hoi P'loy hoiploy.com Johann Nel Designs 083 378 1599 Loads of living loadsofliving.truworths.co.za Maple Street Timbers msttimbers.co.za Master in Steel 079 524 1719, masterinsteel@gmail.com McCoy's Doors & Windows mccoys.co.za live Morris&Co morriscolab.com Mungo mungo.co.za Patio Warehouse patiowarehouse.co.za Pedersen + Lennard pedersenlennard.co.za Plascon plascon.co.za Sharson Shopfitters sharson.co.za Simply French simplyfrench.co.za The Grand Living thegrandliving.co.za



P1352



P1375



P1360 / P1361

'n Verligte Lente

Ontdek nuwe uitdrukkings van elegansie en kreatiwiteit met Eurolux se eksklusiewe versameling hangligte. Nesta Pendants (P1361 & R1360) bied tydlose betowering met 'n moderne, dog retro styl in staal en glas. Dis beskikbaar in 'n diameter van 200mm of 300mm. Die Aeris LED Pendant (P1375) spog met 'n goue draai-ontwerp en 'n 2m-lank verstelbare kabel - perfek vir dramatiese, lae-hangende ligte. Die Paz 3-Light Pendant voeg Art Deco-geïnspireerde gesofistikeerdheid toe tot jou spasie deur die klassiek met die hedendaagse te vermeng. Elke hanglig sluit 'n 2-jaar waarborg in.

Omskep jou tuiste dié lente - laat jou kreatiwiteit blom. Beskikbaar by uitgesoekte handelaars. Vir meer inspirasie, besoek www.eurolux.co.za

Kaapstad | Johannesburg

f y i
www.eurolux.co.za

eurolux
Lighting your way

Die neutrale palet in die piepklein sitkamer laat dit oop en lugtig voel. Die meubels is gemaklik, mooi én funksioneel. Astrid het kontemporêre elemente met handgemaakte Afrika-items gemeng ter wille van warmte en karakter.

WIE WOON HIER? Astrid McLeod
WAAR Riebeeck-Kasteel
GROOTTE 62 m²

'n Komvenster links gee heerlike ekstra sitplek, terwyl die langwerpige kas onder die trap bēreplek bied, maar ook uitstalplek vir mooigoed. Stapeldeure (oorkant) skep 'n naatlose binne-buite-vloei, wat die interieur groter laat voel.

Die erf het skuins
afgeloop na die
straat dus moes
heelwat grond
verwyder word om dit
gelyk te kry voor die
huis gebou kon word.
Die huis sit aan die
agterkant van die
erf en die swembad
is voor die huis op
dieselfde vlak gebou.

Kontemporêre HOUTHUIS

'n Galery-eienaar se plattelandse huis fokus op skoon lyne,
neutrale kleure en organiese materiale.

Deur Beatrice Moore-Nöthnagel • Foto's Misha Jordaan • Produksie Marian van Wyk

Op die stertkant van 'n grondpad net langs Hoofstraat in die bekoorlike dorpie Riebeeck-Kasteel staan 'n kompakte, modulêre houtraamhuis. Dié huis van 62 m² wat in 2024 hier opgerig is, is volhoubaar gebou en minimalisties. Astrid McLeod, eienaar en kurator van die RK Contemporary kunsgalery, sê die sirkel is nou voltooi nadat sy 13 jaar gelede hierheen verhuis het.

“Ek het my eerste huis, wat ek in 2011 gekoop en in 2012 opgeknap het, omskep in 'n gastekothuis genaamd Bloemendal,” sê sy. Die gastehuis en haar nuwe huis, Nook Living, wat ook op Airbnb te huur is, is in dieselfde straat.

“In 2021 was ek so gelukkig om 'n erf van 540 m² in die hande te kry,” sê Astrid. “Gegewe die beperkte plek het ek geweet ek sou die meeste van elke vierkante meter moes maak. Ek het 'n moderne benadering gekies asook 'n modulêre ontwerp ter wille van funksionaliteit en styl.”

Vandag is daar vir haar niks lekkerder as om laatmiddag op die dek te sit met 'n glas wyn en na die voëls in die tuin te kyk nie.

“Dit is 'n rustige tyd van die dag – 'n kans om asem te haal en die uitsig te geniet.” >>



Om aan te sluit by die skoon lyne van die huis is strak beddings gebou. Dit is gevul met grasse en waterwys plante wat nie net die lyne sal versag wanneer hulle groter is nie, maar wat ook die warm somers van die Swartland kan oorleef.

Die kombuis is minimalisties en
hoogs funksioneel – 'n kompakte ruimte
sonder tierlantjies. – Astrid

Spaarkamer

'n Smal kombuis was die natuurlike keuse gegewe die uitleg van die klein huis. "Dit werk uitstekend – veral met die kroegtoonbank wat ook as 'n werkoppervlak dien," sê Astrid. Die blink melamienkassies met 'n granietblad en 'n oop, afgewitte dennehoutrak verskaf pak- en uitstalplek.

Stapelvensters wat heeltemal oopmaak, bied 'n binne-buute-eetervaring met 'n kroegtoonbank aan albei kante.



Astrid McLeod

Minimalistiese houtwerk

Pleks van tradisionele sement en bakstene het Astrid hout gekies vir 'n moderne, minimalistiese en natuurlike estetika. Sy het die hulp van 'n plaaslike argitek, Christine Roos, ingeroep om die planne te teken en Ben Gütersperger van Evermine vir die bouwerk.

“Hout is vir die primêre struktuur gebruik en die meeste hiervan is elders in modules gebou en dan op die terrein aanmekaargesit,” verduidelik Astrid.

Behalwe die houtraam het ander boumateriaal ingesluit beton-en-staalfondamente, Colorbond-metaalplate (op sommige plekke versteek agter termobehandelde houtpaneel), Diamondek-dakplate, aluminiumdeure en dubbelglasvensters.


“Nadat die fondamente deur 'n plaaslike bouer voltooi is, is die houtraam ingebring en op die plek gemonteer. Hierdie vervaardiging weg van die perseel het die konstruksietyd aansienlik verminder sodat die bouwerk baie doeltreffender kon vorder as met tradisionele metodes.”

Astrid sê die hele konstruksieproses was relatief eenvoudig en daar was geen groot probleme nie. “Die enigste uitdaging was om 'n jaar te wag vir 'n Eskom-aansluiting! Ek moes 'n verlengkoord van die bure oor die muur na my toe aanlê!”


Die netjiese huis is alles waarop Astrid gehoop het en dit pas perfek by haar leefstyl. Die grondvloer huisves die oopplan-sitkamer en kombuis met 'n binne-buute-kroegtoonbank asook 'n badkamer en die hoofslaapkamer. Die spaarkamer is op 'n tussenvlak bo die sitkamer. >>

Deursigtige dakplate van Inverted Box Rib-polikarbonaat met 65%-sonbeheer bo-op 'n struktuur van geoliede SA dennehout laat natuurlike lig deur en verminder hitte-opbou.





Daar is 'n steil afdraand vanaf die huis na die parkeerarea en 'n ekstra stuk grond. Dit was die ideale plek vir nog 'n paar olyfbome en 'n boulesbaan. "Dis net nog 'n klein plesiertjie van dié huis, verkieslik met 'n glas wyn in die hand," sê Astrid met 'n glimlag.



Astrid se keramiekversameling (bo) sluit werk in van Cathy Brennon (huis op stelte), Katja Abbott (wit rot), Cynthia Edwards (groen vaas met kartelende handvatsels) en Jen de Charmoy (swart en wit vase). Hier is ook houtskulpture deur Lameck Tayengwa en 'n handgemaakte houthuisie van Tommy's Gift Store.





Kuns is ewe tuis in die badkamer! Hier is *Water Nymph* deur JP Meyer (links), *Riebeek Landscape* deur Sera Holland (bo regs) en *Sapphire* deur Karen Elkington (onder regs).



Die Swartland-landskap deur André van Vuuren bo die bed in die hoofslaapkamer en die kleiner landskap deur Anthony Harris is twee van Astrid se gunstelinge. "En ek is ook lief vir die twee stillewes van affodille deur Fanie Buys (onder links). Hoewel hulle van verskillende generasies is, hou ek baie van dié drie kunstenaars."

'n Kompakte leefwyse

Die dekor is eenvoudig en natuurlik met 'n fokus op skoon lyne, neutrale kleure en organiese materiale, wat 'n rustige ruimte skep wat warm en aards voel. Die algehele voorkoms is ontspanne en subtiel.

"Aangesien die huis klein en kompak is, het ek helder, oorweldigende kleure vermy en 'n neutrale palet gekies om 'n gevoel van ruimte en oopheid te skep," sê Astrid. "Ek hou daarvan om tikkies geel in al sy skakerings in te sluit – dit voeg warmte en spatsels vrolike kleur by."

Die kies van meubels was 'n bietjie moeiliker aangesien die ruimte nie geskik is vir lywige banke of leunstoel nie.

"Ek het besluit op kompakte, gemaklike stukke en het stoele gekies wat binne én buite goed werk," sê Astrid. "Die ingeboude komvenster is 'n slim ruimtebespaarder en 'n heerlike knus sithoekie. En ondanks die beperkte plek was 'n koningingrootte-bed met ekstra lengte in die hoofslaapkamer 'n moet, want gerief was ononderhandelbaar."

VERSKAFFERS EN KONTAKTE

André van Vuuren andrevanvuuren.co.za **Anthony Harris** anthonyharris.co.za
Cathy Brennan instagram.com/catherinebrennon **Christine Roos** roos.co.za
Cynthia Edwards instagram.com/gwyn_studio **Decofurn** decofurnsa.co.za
Design Afrika designafrika.co.za **Diamondek** diamondek.co.za
Evermine everminetimberhomes.co.za **Fanie Buys** faniebuys.com
Jen de Charmoy jendecharmoy.co.za **JP Meyer** instagram.com/j.p._meyer
Karen Elkington instagram.com/k.elkington.art **Katja Abbott** katjaabbott.com
Lameck Tayengwa instagram.com/lamecktayengwa **Sera Holland** seraholland.co.za
Tommy's Gift Store instagram.com/tommysgiftstore

KOM KYK KUNS!

Beleef Solo Studios in die Riebeek-vallei tussen 24–26 Oktober. Dit word jaarliks gehou en lok gevestigde en nuwe kunstenaars wat hul private ateljees en galerye vir die publiek oopstel. Besoek solostudios.co.za.

Kontemporêre kuns

Die keuse van die kuns was die maklikste deel vir Astrid. As gallery-eienaar kry sy die eerste keuse van enigiets wat by die deur inkom.

“Ek het ook ’n aantal kunswerke present gekry,” sê sy. “Weer het ek gemik om die interieur gebalanseerd te hou, so ek het stukke met ’n neutraler palet gekies om te verseker dat hulle die ruimte aanvul sonder om dit te oorweldig.”

Benewens kuns het Astrid ’n passie vir Afrika-handwerk en haar beste bron is die Design Afrika-winkel in Soutrivier, Kaapstad.

“Hul ware kombineer tradisionele vakmanskap met pragtige ontwerp. Ek voel die vermenging van Afrika-elemente met ’n meer kontemporêre styl skep ’n unieke en gebalanseerde voorkoms – na my mening werk dié kontras ongelooflik goed.”

Op die vraag wat die woord ‘kontemporêr’ vir haar beteken, sê Astrid: “Kontemporêre styl ontwikkel altyd; dit weerspieël wat aktueel en stylvol is. Of dit nou kuns, meubels of dekor is, kontemporêre ontwerp put uit vandag se neigings. Dit is ’n styl wat voortdurend aanpas by die manier waarop ons nou leef.”

En haar raad aan ander huiseienaars wat in kuns wil belê?

“Moet asseblief nie kuns koop om by die gordyne te pas nie!” vra Astrid.

“Kuns moenie ’n nagedagte wees of bloot gebruik word om ’n plek vol te maak nie. Kies kuns waarvan jy regtig hou en wat met jou praat – of dit nou die kleure, die onderwerp of die emosie is wat dit oproep.” 🏠

Ek wou hê die slaapkamers moet voel soos *’n stil rusplek.* – Astrid

Astrid het ’n eenvoudige, rustige styl vir die slaapkamers gekies. “Die doel was om alles lig te hou met sagte, neutrale palette en eenvoudige meubels,” sê sy. “Natuurlike teksture, goeie beddegoed en ’n paar uitgesoekte kunswerke gee persoonlikheid.”



Die spaarkamer bo die sitkamer is ontwerp om die skuins plafon te akkommodeer. Die houtkopstuk steek uit bo die rand van die tussenvlak. Die lae kanttafeltjies op wiele en ’n matras op ’n futonbasis hou die meubilering vaartbelyn en kompak en verseker dat dit goed onder die skuins plafon inpas.

Kopstuk van Decofurn

GROOT
BESPARINGS

BAANBREKENDE
TEËLS

VAN R390 m²



ANGELO STRATURIO
600x1200mm

HOË
GLANS

SILVER ROOT WHITE
800x1600 mm

RAPULANO
600x1200mm

SPAZIO GRIS
600x1200mm

WHITE ONYX
800x1600mm

UITGESOEKTE TIVOLI-KRANE
TOT 20% AFSLAG VAN R1 599^{elk}

COTTO SENSATION SWART RONDE WASBAK
NOU R2 890^{elk} WAS R3 290

AFFIRMATIONS SWART KLIP
Swart Klip Gloei-LED-Spieël 600x900mm
NOU R5 990^{elk} WAS R6 990

VICTORIA & ALBERT WARNDON
Glanswit Vrystaande Bad
NOU R26 990^{elk} WAS R30 990

NIMBUS BAMBOES-EN-WIT
Muurgemonteerde Badkamerkassie
Wasbak Uitgesluit 1600x450mm
NOU R15 990^{elk} WAS R17 990



25-
JAAR
waarborg

victoria + albert®
volcanic limestone baths



7-
JAAR-
WARRANTY

TIVOLI

10-
JAAR-
WARRANTY

DIV/NA



UITGESOEKTE

BYKOMSTIGHEDE TOT
& MOSAÏEKE

GUN JOUSELF 'N
STYLVOLLE VERTREK

40% AFSLAG



LUUKSE STYLBESPARINGS IS OP DIE TAFEL
TEËLS, KRANE, SANITÊRE WARE EN
BADKAMERMEUBELS.



ZACK®
follow your style

GLOBAL STONE



MET TOT
40% AFSLAG

TEËLS | KRANE | SANITÊRE WARE | BADKAMERMEUBELS

Ons vertoonlokaal is 7 dae per week oop.

Pryse is geldig solank voorraad hou en onderhewig aan verandering. Pryse sluit BTW in.

ITALTILE

LIVE BEAUTIFULLY

MARTINA SAND 333x1000mm

TIMELESS SAW PERLA 290x890mm

ROCKSTONE PEARL 1000x1000mm

TITANIUM PERLA 300x900mm

VULCANO PEARL 290x890mm

ROCKSTONE
ERVAAR DIE WENKAART
VAN SPAANSE
STEENVOORKOMS-
PERFEKSIE.

GEREKTIFISEERDE
PORSELEIN

6 AANSIGTE
XXL-FORMAAT

Eksklusief by



ITALTILE **VERHOOG DIE STYL-SPEL.**
LUUKSE EUROPESE-STYL BESPARINGS IS OP DIE TAFEL.

VAN R199_{M²}

Verken hierdie pragtige produkte en soveel meer in die **winkel** of **aanlyn**. www.italtile.co.za/winningstylepromo

ITALTILE

LIVE BEAUTIFULLY



MaaKimpak

Blaas lewe in jou huis met vars fokuspunkte en nuwe detail.

Deur Beatrice Moore-Nöthnagel • Foto's Karl Rogers en Jan Ras • Produksie Marian van Wyk

Laag op laag

“Ek is ’n dapper ontwerper; ek skrik nie vir kleure en patrone nie,” sê die binne-ontwerper Alison Reynolds van The Painted Door Design Co. En dis presies hoekom ons so baie hou van haar en haar interieurs, wat ons dikwels in *Tuis* wys. “Ek versamel interessante items en materiale waar ek ook al gaan,” voeg sy by. “My sukses lê in die laag-op-laag-estetika.”

Kopstuk deur Moorgas & Sons; bedkassie van Block & Chisel; kunswerke deur Lené Ehlers; muurvase deur Michael Chandler; bedlampe deur Artefact; deken van Babylonstoren; ottoman van Coricraft



PATROON OP PATROON

Die plakpapier is die groot aandagtrekker in Alison se slaapkamer in haar Seepunt-woonstel. “Ek hou baie van die Britse ontwerper Kit Kemp se ontwerpe – die kleure is altyd pragtig en weldeurdag,” verduidelik sy.

Die plakpapier word gemaak deur GP and J Bake van Londen en plaaslik verskaf deur St. Leger & Viney. “Ek hou van die blou, dis vrolik en gesellig.”

Maar in haar strewe na lae hou sy nie op by plakpapier nie. Kuns is bo-op die plakpapier gehang sonder dat dit afbreuk doen aan die ontwerp omdat die items ’n ooreenstemmende kleurskema het. Net so bring die kopstuk en gordyne nog ’n komplementerende kleur na die vertrek.

Oorvloedige kussings en ’n deken – op sigself ’n kunswerk – rond die voorkoms af. Alison se beste raad as jy met verskillende patrone in dieselfde kleure werk, is om dit samehangend te doen. >>

2



Staalkassie van Pedersen + Lennard; houtkassie
(sien oorkant) van Onsite Gallery; kopstuk van
Moorgas & Sons; kopstukmateriaal van
St. Leger & Viney



Alison Reynolds



3 Meng alles saam

Moenie die kans laat verbygaan om detail by te voeg met 'n opvallende kopstuk nie, sê Alison. “Ek het nog altyd van dié vorm gehou vir 'n kopstuk; hier eggo dit die kurwes van die skulpe en blaar teen die muur en die blaarpatroon van die bedlinne. Die gemaklike kopstuk is 7 cm dik. Die materiaal is die produk van 'n samewerking tussen St. Leger & Viney en die plaaslike ontwerper Jennifer Jones. Die ontwerp is so maklik om saam met ander kleure te gebruik.”

Saamgegroeper teen die muur is 'n verskeidenheid keramiekware en kunswerke soos die ikoniese skulpe van Lucie de Moyencourt en ronde werke deur Galia Gluckman.

Alison hou ook van bedkassies in verskillende style. “Ek dink dis belangrik om meubels te meng. Geen reël sê jou bedkassies moet dieselfde wees nie.”

Alison voel net so oor bedlampe. “Die verskillende hoogtes lyk interessant.” >>

4 Elke vrou het *luiperdpatrone* nodig in haar lewe. – Alison

Die kombinasie van botaniese plakpapier en 'n ikat-ontwerp op die gordyne bewys dat verskillende patrone saam kan werk as hulle in dieselfde kleurskema is.

Joh Del-plakpapier van Cara Saven Wall Design; gordynmateriaal van St. Leger & Viney



Detail soos die klompiebakstene op die trappe en die skermmuur van windblokke kontrasteer pragtig met die swart staalhek en die donker muurkleur.



Stylvolle stene

Windblokke ("breeze blocks") is al 'n goeie eeu lank op die toneel en nou is hulle met mening terug – binne én buite.

"Sulke blokke maak 'n sterk argitektoniese stelling en hulle is net reg vir vandag se trend om ruimtes op slim maniere te skei," sê die argitek en ontwerper Hanno de Swardt van Onnah Design. "Danksy kontemporêre ontwerpe is hulle meer relevant as ooit – en baie mooi daarby! Hulle is boonop doeltreffend as dekoratiewe skermes en is ideaal om grensmure aantrekliker te maak."

Deesdae kry mens windblokke in allerhande materiale, van kleistene tot duurder keramiekinstallasies.

"Meng en pas verskillende ontwerpe in jou huis om dit nog interessanter te maak," is Hanno se raad.

Windblokke van Klay



6

FOKUSPUNT

Dié oorspronklike skerm van windblokke op die agterstoep was die inspirasie vir die gebruik van soortgelykes binne die huis ook. Regs is dit te sien as 'n skeiding tussen die voordeur en sitkamer. >>




Windblokke van Klay; handgemaakte kerse van Ethereal Candle Crafters

Winkels toe!

Maak 'n stelling met klei, keramiek of sement.

Klay Chai
Sunrise
Screen-
kleiblok
R49.90,
Stiles



Ipanema-sementblokke
R89 elk, Oksijen

Siersteen-windblok
(beskikbaar in ses kleure)
prys by navraag, Corobrik

Die DNA Breeze
Block is 'n
handgemaakte
keramiekkuns-
werk (beskik-
baar in vier
afwerkings)
R750 elk,
Rialheim

KENNERSRAAD Gebruik blokke



Hier is die argitek
Hanno de Swardt se wenke:

- Besluit op die beste plek vir die meeste trefkrag wanneer jy windblokke installeer –

dis nie iets wat weggesteek word nie!

- Wanneer jy 'n gebou opknep, besluit vooraf waar die blokke kom. Bereken die grootte van die ruimte en die blokke sorgvuldig – jy wil nie ná installasie aan die blokke moet sny om dit te laat pas nie. As die regte opening geskep word, behaal jy 'n netjiese installasie.

- Herhaal die blokke op meer as een plek in jou huis of tuin ter wille van kontinuïteit.

- Vra jou verskaffer watter sement jy moet gebruik vir hul produk en vir toekomstige onderhoud. >>

KONTAK onnahdesign.co.za

7 Die marmer-effek

'n Formele sitkamer kry 'n sterk fokusmuur met die byvoeging van 'n oorgroot stuk marmer rondom die kaggel. "Meer as 10 mense was nodig om dit in te dra en te installeer!" vertel die huiseienaar, Klara McClunans. "Dit was 'n intense en taamlik skrikwekkende middag!"

Die McClunans het verskeie marmerverskaffers besoek voor hulle dié stuk gekry het. "Die oomblik toe ons dit sien, het ons net geweet. Dit was enig in sy soort in die pakhuis en het perfek by ons visie gepas," verduidelik Klara. "Omdat ons huis so neutraal en minimalisties is, wou ons hê die kaggel moes 'n sterk fokuspunt wees. Marmer bring 'n gevoel van beweging na die ruimte en skep 'n 'wow-faktor' wanneer jy hier instap. Dit bring ook 'n nuwe tekstuur om die hout en materiaal te balanseer." >>

Interieurontwerp en niervormige ottoman deur Design in a Box; marmer van Continua; vloere deur Oggie Hardwood Floors; kaggel deur Carbel; leunstoel van Schönn Furniture; plafonlig van lighting.co.za; ronde sementkoffietafel en kanttafel van @home

BRONS EN KOPER

As 'n ode aan Klara se skoonpa wat 'n bronsbeeldhouer was, word metaalelemente dwarsdeur die huis herhaal. "Ons is gelukkig om verskeie van sy kunswerke hier uit te stal en het besluit om dit te eggo met koper aksente in die vorm van stoel- en tafelpote en ander subtiele detail," vertel Klara. "Dis 'n warm metaal wat diepte en elegansie gee sonder om oordadig te wees."

PLANTLEWE

'n *Strelitzia* wat omtrent 1.8 m hoog in 'n pot staan, balanseer die neutrale ruimte. "In so 'n minimalistiese vertrek voel dit nie oordonderend nie," sê Klara. "Dit is 'n sterk, natuurlike teenwoordigheid wat pragtig inskakel by die houtvloere en marmerkaggel."

Van die aanvanklike natproses tot die finale afronding – ons vertoonlokaal spog met 'n uitgebreide versameling topprodukte uit 'n keur van meer as 100 handelsmerke.

'n Vertoonlokaal met 'n persoonlike stempel

www.durbanvillesanitary.co.za



Durbanville - Tel: 021 975 1930 Eenheid 8 Cattle Baron-sentrum, Maraisstraat, Durbanville 7550

Tokai - Tel: 062 048 5989 Fabriek A, Eenheid 3 & 4, Honeywellweg 8, Tokai

Sunningdale - Tel: 087 997 1055 Building 1, Blok A, The Emporium h.v. Woodlands- & Sandownweg, Sunningdale

8 Onthoulap

'n Opsitbankie oorgetrek in Delft-geïnspireerde materiaal bring iets sjarmants na Cornel Strydom se plaashuis buite Colesberg. "Dié ontwerp gee my ongeloflike plesier elke keer wanneer ek hier instap en daarna kyk," sê sy. Sy het Delft gekies om hulde te bring aan al die mense wat in die plaashuis gewoon het sedert dit in 1858 gebou is. "So baie families het hier gewoon, gewerk en geëet – en dikwels uit Delft-ware geëet of breekgoed met 'n blou-en-room ontwerp," verduidelik Cornel.

Mark Alexander
Java in Batik
Blue-materiaal
van Romo
South Africa


Foto Greg Cox/Bureaux

Winkels toe!


Vestig die aandag op jou gunsteling-meubelstukke met fantastiese stoffeermateriale in blou.



Cape Floral Blue R1 150/m,
Design Team



Inca Trail Indigo R890/m, Hertex



Bukhara in Indigo R1 173/m,
Lula Fabrics

KENNERSRAAD Tekstuur en kleur



Die binne-ontwerper Cornel Strydom sê hoe jy detail kan inbring met kleur en materiaal:

- Wanneer jy op 'n hoofaksentkleur besluit, soos blou in dié geval,

herhaal verskillende skakerings dwarsdeur die vertrek vir maksimum effek. Ek het Delft-blou op die klein bankie gebruik, donkerblou op die rottangbank en 'n metaalblou op die ronde kanttafel (*sien oorkant*).

- Waag met aksente of komplementerende kleure. Hier het ek gespeel met 'n bietjie roes of oranje, wat oorkant blou op die kleurwiel is. Dit laat die blou uitstaan.
- Moenie te streng wees as jy strooi-kussings in verskillende materiale en ontwerpe gebruik nie – meng is goed.
- Wees prakties wanneer dit by banke kom. Hoewel myne gestoffeer is, het ek verwyderbare oortreksels vir die sit-kussings, armleunings en rugkante laat maak. Hulle beskerm die bank en kan maklik gewas word.

- Dis die moeite werd om te spaar tot jy 'n meubelstuk van goeie gehalte kan koop; anders wil jy dit dalk na 'n paar jaar vervang. >>

KONTAK [instagram.com/cornel_strydom](https://www.instagram.com/cornel_strydom)



Melora Blue Moon prys
by navraag, Silk House



Flourish Midnight R770/m,
Skinny laMinx



Jaipur Floral in Celery prys by navraag,
St. Leger & Viney



Japandi Zen Deepsea prys by navraag,
Stuart Graham Fabrics

9

DOEN DIT IN GROEN

Die kopersoonlikheid Herman Lensing se hardwerkende kombuis moes 'n slag opgeknip word. Soos sy wederhelf, Wilmer Müller, sê: "Ons wou bietjie wegkom van die geel-rooi-en-swart kleurskema. Groen is steeds 'n groot

trend en dit laat die vertrek sagter lyk en voel.

"Ons het die kruidenierskas, wat ook die mikrogolf en koffiemasjien huisves, geskuif na die opwaskamer om meer plek te maak in die oopplanarea."

VERFKLEUR

Duram True Fern

10

BEKLEET DIT

Paneelwerk is nou hoogmode en dis 'n lekker manier om detail in te bring sonder om te veel geld uit te gee. Die houtstroke om die kombuiseiland is gekoop in 'n rol op 'n agtergrond van swart vilt wat net so aan die oppervlak geheg is.



11 Iets nostalgies

Net vir pret het Herman plakpapier laat maak van Boet en Saartjie, geliefde karakters uit sy kindertuin-leesboeke. “Dis speels en sentimenteel en laat hom goed voel terwyl hy kosmaak,” sê Wilmer. “Boet en Saartjie herinner hom aan sy kinderdae in Upington – en vir Herman is nostalgie ’n belangrike bestand-deel van elke ete!”

Kombuisopknop en houtpaneelwerk deur Bascule Joinery; Boet en Saartjie-plakpapier spesiaal gemaak deur Groen Bespoke Wallpaper; groen vaas (*bo regs*) van Babylonstoren; kroegstoele van Cielo; hanglig van Eagle Lighting

Mense van ’n sekere ouderdom sal goeie herinneringe hê aan *Boet en Saartjie*, die hoofkarakters uit hul eerste leesboeke op skool! – *Herman*

VERFRIS JOU STYL

DETAIL VAN DIE TEMA

Geraamde bladsye uit een van Herman se Boet en Saartjie-boeke.



VERLIEF OP ROOI

Herman was nog altyd mal oor ’n rooi Smeg-yskas – hy het dié een gekoop toe sy eerste Smeg die gees gegee het. Die kleur is sterk, maar die ontwerp maak dit tydloos. >>



Meer is meer!

Speel met verskillende ontwerpe en patrone – wanneer mens die kombinasie regkry, skep dit opwindende detail in 'n vertrek.



12 Toor met teëls

Baie soos in haar slaapkamers is Alison lief om verskillende kleure, ontwerpe en patrone ook in die badkamer te gebruik.

“Ek hou van die kombinasie van groen, swart en wit,” sê sy. “Ek eksperimenteer graag met heelwat verskillende elemente, want dit skep 'n interessante geheelbeeld. Ek wou dié smal vertrek groter laat lyk en die groen KitKat-teëls onder die plafon gee juis hoogte en definisie.”

Wit waaierteëls op die muur agter die wasbak (*bo regs*), tesame met die KitKat-rand en patroonteëls wys dat drie verskillende soort teëls selfs in 'n klein plekkie kan werk!

13

SPIEËTJIE, SPIEËLTJIE

Ons hou baie van die kralespieël geïnspireer deur 'n neo-klassieke Robert Adam-ontwerp. Dit is plaaslik ontwerp deur Michael Chandler en gemaak deur die Zimbabwiese draadkunstenaar George Magaso. Beslis 'n wenner!

VERSKAFFERS EN KONTAKTE @home bash.com **Artefact** artefact.co.za **Babylonstoren** shop.babylonstoren.com **Bascule Joinery** basculejoinery.co.za **Block & Chisel** blockandchisel.co.za **Cara Saven Wall Design** carasaven.com **Carbel** carbel.net **Cielo** cielo.co.za **Continua** continua.co.za **Coricraft** coricraft.co.za **Corobrik** corobrik.co.za **Design in a Box** designinabox.co.za **Design Team** designteamfabrics.co.za **Duram** duram.co.za **Eagle Lighting** eaglelighting.co.za **Ethereal Candle Crafters** etherealcandlecrafters.com **Fabienne Jouvin** fabiennejouvin.com **Galia Gluckman** galiagluckman.com **Groen Bespoke Wallpaper** groenjan.co.za **Hertex** hertex.co.za **Hoi P'loy** hoiploy.com **Kirsten Beets** kirstenbeets.art **Klay** klay.co.za **Lené Ehlers** leneehlersstudio.com



14

Hartsgoed

Dié muur in Alison se leefkamer is 'n dinamiese koraalkleur wat goed kontrasteer met die geel konsoletafel wat sy elf jaar gelede aangeskaf het.

Twee kralestoeltjies bevestig haar neiging om uiteenlopende style te kombineer. "Ek is baie ten gunste daarvan dat jy jou huis inrig met dinge waarvoor jy lief is," sê Alison.

Geel konsoletafel van Block & Chisel; hangligte van Hoi P'loy; kershousers en flesse deur Fabienne Jouvin



15

RANGSIK GROEPE

"Ek hou daarvan om temas te skep met byvoorbeeld blomme, skoelappers en voëls, soos wat teen dié muur gesien kan word," sê Alison. "Interessante versamelgoed trek altyd my aandag." 🏠

Kuns deur Kirsten Beets

SKRYF NOU IN!

Dis jaar 15 van ons jaarlikse *Regruk met Flair*-kompetisie, en ons het 'n nuwe borg: Pak jou projek aan met **Gelmar** – jou vertroude vennoot en kleinhandelaar.

Moeg van jou afgeleefde kombuis, die gesukkel met 'n beknopte, onpraktiese badkamer, jaloers op jou buurman se stoep of net klaar met werk by die eetkamertafel? Ruk dit reg! Met flair – en Gelmar...

Gelmar is een van Suid-Afrika se vooraanstaande huisverbeteringswinkels. Hulle bied 'n wye reeks topgehalte-produkte wat funksionaliteit en ontwerp kombineer om jou praktiese oplossings te gee vir jou huisopknep. Die beste van alles? Die afwerkings is indrukwekkend en die pryse bekostigbaar.

Of jy 'n huiseienaar is wat 'n naweekprojek wil aanpak of 'n professionele kontrakteur wat groot restaurasies doen, kies Gelmar. Met meer as 90 jaar

ervaring, 'n toewyding aan gehalte en 'n passie om klante te help met hul huisverbeteringsdrome, is Gelmar meer as net 'n winkel – dis 'n vennoot op jou pad na transformasie.

Gelmar het 51 takke in Suid-Afrika (soek die een naaste aan jou by gelmar.co.za/store), of koop aanlyn by gelmar.co.za.

Met meer as 3 000 produkte het jy 'n reuse-keuse – of dit 'n selfdoenprojek is of die laaste afronding saam met jou kontrakteur.

Inskrywings is nou oop vir die Tuis | Home-*Regruk-met-Flair*-kompetisie in vennootskap met Gelmar – en ons wil jôu projek sien.

Waarom wag? Skryf in, jy kan wen!

KONTAK ONS

As jy enige vrae oor die kompetisie het, e-pos dit aan sune.esterhuizen@media24.com.

DAAR IS DRIE KATEGORIEË

Stuur jou foto's sodra jy besluit het watter een pas jou projek die beste!

1

SELF GEDOEN

Hierdie kategorie is vir die kranige selfdoener wat 50% van die werk self kaggedraf het. As jy dus nie skrik vir mure uitkap en nuwe teëls lê nie, laat waai! Jy moet 'n koste-ontleding voorlê en wys wat jy met jou eie hande gedoen het.

2

BUIITE DIE BOKS

Indien jy jouself beskou as iemand wat vernuwend kan dink, is hierdie kategorie vir jou. Dit kan enigiets van 'n blyplek op wiele tot 'n buitekombuis behels. En maak nie saak of jy self gebou of net die projek bestuur het nie, skryf hier in.

3

O, SO MOOI

Het jy tien duime en is vrekbang vir hamers en bore, maar jy het 'n lieflike opknep bestuur en daarvoor betaal? Oorweeg dan hierdie opsie. Jy kom in aanmerking vir die prys, selfs al het 'n kontrakteur 100% van die fisiese werk gedoen.

DIE PRYSE

R120 000 kontant kan gewen word: Die wenner in elke kategorie ontvang **R30 000**; die naaswenner in elke kategorie ontvang **R10 000**.



SLUITINGSDATUM

13 November 2025;
skryf in by projects.24.com/fix-it-with-flair-2025-tuis-home/index.html.
V's & B's geld.



SKRYF SÓ IN

- Skryf jou opknep in by projects.24.com/fix-it-with-flair-2025-tuis-home/index.html.
- Inskrywings sluit om middernag op 13 November 2025 – geen laat inskrywings word aanvaar nie!
- Net aanlyn inskrywings word aanvaar. Inskrywings per faks, geregistreerde pos, e-pos of enige ander metode sal nie in aanmerking geneem word nie.
- Laai die “voor-” en “na-” foto's van die

projek wat jy inskryf. As jy nie jou inskrywing met een slag kan voltooi nie, kies die “save-” opsie aan die onderkant van die vorm. Tik jou e-pos-adres in om 'n skakel te ontvang waar jy jou inskrywing binne 30 dae kan voltooi.

- Foto's moet minstens 72 DPI wees en hoogstens 2MB.
- In die selfdoenkategorie moet jy 'n begroting indien wat wys minstens 50% van die werk is deur jou gedoen.

DIE nuwe bruin

Toe die Boonzaaiers 'n Wellington-huis opknep, het hulle soos die vorige eienaars met bruin en hout gespeel – maar op 'n splinternuwe manier.

WIE WOON HIER?

Ilze en Jan-Willem Boonzaaier en hul kinders, Izak (10), Reine (8) en Anna (6)

WAAR Wellington

GROOTTE 338m²

EETKAMER

Ilze se eetkamertafel is al ouer as tien jaar. Die stoele het sy onlangs by Coricraft gekoop. Die opdienkabinet langs die eetkamertafel is ou kombuiskaste wat nuwe handvatsels gekry het.

Kuns bo kabinet van Cindy Pretorius; lamp van Superbalist

SITKAMER

Sy hou van skoon lyne en aardse elemente, sê Ilze. Omdat die vertrek ruim is, moes die lampskerm se skaal daarby pas. “’n Kleiner een sou vreemd lyk hier.” >>

Wit lampskerm van Glo Lighting



Toe hulle verlede Maart op Wellington aanland, het dié Bolandse dorpie met sy ryk geskiedenis Ilze en Jan-Willem Boonzaaier heeltemal oorrumpel.

Nadat 'n werkgeleentheid hier vir Jan-Willem opgeduik het, het die paartjie en hul drie jong spruite hul tuiste op 'n plaas tussen Ashton en Robertson verruil nog voordat hulle geweet het wat hul adres in Wellington sou wees. Maar die dorp was so reg in hul kraal en toe Jan-Willem, wat in die landbousektor werk, 'n pos hier kry, was die besluit eintlik heel maklik.

“Alles is net 'n klipgooi van mekaar. Jy kry steeds die platte-landse gevoel met die stad net hier anderkant. Dis werklik waar 'n lekker en opregte gemeenskap,” sê Ilze.

“Ons was eers net op soek na 'n huurhuis en glad nie haastig

om te koop nie,” vertel dié spesialis in geografiese inligtingstelsels en passievolle binneversierder.

Maar toe vertel 'n agent hulle van 'n lieflike dubbelverdieping-gezinshuis uit die laat sestigerjare wat dalk binnekort op die mark sou kom. Sy en haar man kon hul nuuskierigheid nie bedwing nie en gelukkig laat weet die eienaars toe hulle kan solank kom kyk.

Op met die trappe na bo tot in die sitkamer is hulle oorrumpel deur 'n berguitsig reg uit die boeke. “Ek het so 'n boomhuis-gevoel gekry,” vertel Ilze.

“Daar is hope natuurlike lig en die eiendom is omring deur groot, digte bome. Jy sien niks voor in die straat nie, maar hoor die voertuie en die kinders se gelag en gesels wanneer die skoolklok lui.” >>

Ilze het die eiland self ontwerp. “Daar is twee vlakke: bo kan almal sit en eet terwyl ek op die onderste vlak kook,” vertel sy.

Kroegstoeltjies van Cielo; kuns op kombuisrak van Franchette Sandenbergh

KOMBUIS/SITKAMER

Ilze glo dat 'n oop leefruimte warmte skep. "Ek is dol oor kook en dis lekker om kos te maak terwyl ek die kinders voor die TV dophou en dan die berge buite kan sien." Die sitkamer is nie te minimalisties ingerig nie, want hoewel Ilze dit stylvol en modern wou inkleur, moes dit ook warm en leefbaar wees.

Die dubbele houtdeur wat eers die sitkamer met die kombuis verbind het, is verwyder en die muur wat die vertrekke skei, is uitgebreek. Die houtdeur en die kombuiskassies is herbenut. "Ons het nuwe handvatsels gekry vir die kaste en die houtdeur het ons agterdeur geword wat na die beplande kombuistuin lei."

Lampe bo kombuiseiland van Glo Lighting; handvatsels van Gelmar en LeRoy Merlin



"Ek wou graag 'n bank hê wat inpas by die skakerings van die vertrek. Dié een is sampioenkleurig en sy proporsies is ruim – hier is genoeg plek vir die hele gesin."

Leerbank van @home

KAGGEL

Die oop kaggel is vervang met 'n smeulstofie en is tesame met die groot lampskerm treffende fokuspunte in die leefarea. Ilze hou van byderwetse KitKat-teëls. Jou brein sien die herhaling van patrone raak, glo sy, daarom het sy die teëls by die kaggel in die kombuis herhaal.

Teëls van Stiles

Die twee roomkleurige stoele van Superbalist met hul interessante lyne was vir Ilze 'n moet-hê-kopie. Die roomkleurige koffietafels pas perfek hierby.

Stoele en koffietafels van Superbalist

Wat voorheen 'n onderdakstoepie by die voordeur was, is nou toegebou en omskep in 'n slim werkhoekie.



Kunswerk van Laurinda Belcher; studeertafel van Fynbossie

Die Boonzaaiers: By Ilze en Jan-Willem is Izak, Reine en Anna



Dit is net fase een

Die geluk was aan hulle kant. Lang storie kort: Toe die eienaars uiteindelik besluit om te verkoop was Ilze en Jan-Willem voor in die ry. Gou is die koopkontrak onderteken en kon die bouprojek begin.

“Ons het in September begin met die opknapprojek wat eintlik moes klaar wees einde November. Dit was toe nie en toe ons intrek, moes ons vir nog drie weke so saam met die werkery leef,” vertel Ilze.

’n Oopplan-leefruimte is ideaal vir hul leefwyse en daarom moes die kombuis en sitkamer in een leefvertrek omskep word.

Om dit reg te kry en die vloei tussen die kombuis en sitkamer maksimaal te ontgin is die muur tussen die twee vertreke verwyder. Sô is ook meer natuurlike lig ingelaat en ’n algehele gevoel van ruimte geskep. Die oorspronklike aparte ingangsportaal is ook by die ruim nuwe leefvertrek geïnkorporeer.

Vir die Boonzaaiers was dit nog net die begin. “Fase twee is nou in die pyplyn. Die houtdek gaan ’n sementstoep word met ’n braai aan die een kant, en dan moet daar trappies kom van die dek af na die swembadarea. Onder die dek gaan ons nog ’n vertrek bou; dit sal dalk ’n studeer- of slaapkamer word. Ons werk ook aan ’n splinternuwe ingangsportaal by die onderste ingang.” >>

Wanneer daar baie mense aan tafel is, word die kos op die opdienkabinet uitgepak.



HOOFBADKAMER

Die ovaalvormige spieël in die en suite-badkamer het 'n lang soektog geveg – maar aanhouer het gewen! Die spieël is gekies om by die boogvormige stortskerm en die wasbak te pas. “Saans lyk dit so mooi, veral met die sagte lig wat van agter die spieël skyn. Niks irriteer my meer as kliniese, skerp lig nie.” Hier het Ilze ook 'n teël gekies in die KitKat-patroon en omdat sy dol is oor aardse elemente het sy 'n teëlsement in 'n terracota-kleur gekies om by die koperkrane te pas.

Spieël van Leroy Merlin; teëls van Italtile; koperkrane van On Tap; seep van Bergblom Soap; lyfprodukte van Amanda Jayne





Lampies van Glo Lighting;
bedkassies van Pedersen +
Lennard; bed van Weylandts;
grimeertafel deur Pieter Nyman
Houtwerke

KENNERSRAAD

Pak 'n opknappak só aan



Die Boonzaaiers se huis is ontwerp vir lekker leef, sê hul argitek, Liza Joubert. Sy sê as jou begroting of tyd beperk is, pak die projek in fases aan eerder as om dit met een skoot af te jaag. Deur alles gelyktydig te probeer aanpak en kompromieë aan te gaan, kan die eindresultaat iets wees waarmee jy nie werklik tevrede sal wees nie. As dit die moeite werd is om te doen, is dit die moeite werd om dit reg te doen.

- Of dit nou 'n opknapping of 'n nuwe bouprojek is, bly die uitleg van die ruimtes die kern van die ontwerp. Wanneer 'n huis spesiaal gevorm word rondom die leefstyl van 'n gesin, ontstaan daar unieke ruimtes wat nie net funksioneel is nie, maar tydloos – 'n tuiste wat saam met die gesin groei.
- Tendense soos oopplan-leefruimtes is gewild, maar dit bly belangrik om jouself af te vra: Pas dit werklik by die manier waarop ons leef? Is julle gemaklik daarmee om voortdurend in mekaar se ruimte te wees, of is daar 'n behoefte aan plekke van stilte en afsondering – soos 'n leeshoek of studeerplek?
- Vloei en funksie is nie al oorweging nie, maar ook hoe ruimtes met mekaar en met die buitekant in gesprek tree – van oriëntasie ten opsigte van natuurlike lig tot die vloei van vars lug deur die huis en die verhouding tot die uitsigte.

• Volhoubaarheid is uiters belangrik, soos om bestaande elemente waar moontlik weer te gebruik en om plaaslike ambagsmanne en verskaffers te ondersteun. Ilze het byvoorbeeld Pedersen + Lennard-tafeltjies as bedkassies gebruik, 'n plaaslike kunstenaar soos Laurinda Belcher ondersteun en produkte van plaaslike verskaffers ingesluit. Ons het ook nou saamgewerk met plaaslike vakmanne. Die gesin het die idee van hergebruik ten volle benut, wat nie net die begroting bevoordeel het nie, maar ook gehelp het om afval te verminder. 'n Voorbeeld is die hergebruik van die oorspronklike deur tussen die kombuis en sitkamer om 'n verbinding na die toekomstige kombuistuin (beplan vir fase twee) te skep. Die meeste van die bestaande kombuiskaste het behoue gebly en net handvatsels is vervang. Die butler-wasbak is ook mooi bewaar, net die kraan is vervang. Die bestaande houtkombuisblad is geskuur en weer afgewerk as 'n werktafel vir die tuisonderrigarea. 🏡

KONTAK

l-arc.co.za

HOOFSLAAPKAMER

“Ek het die bouclé-materiaal gekies, want dit skep warmte.” Die muurgemonteerde leeslampies maak plek vir ander items op die bedkassies.



VERSKAFFERS @home bash.com
Amanda Jayne amandajaynecandles.com
Bergblom Soap bergblomsoap.com Cielo cielo.co.za
Cindy Pretorius cindypretorius.co.za
Coricraft coricraft.co.za Franchette Sandenbergh
instagram.com/franchette.atelier
Fynbossie madebyfynbossie.com Gelmar gelmar.co.za
Glo Lighting glolighting.co.za
Hugo Rust Konstruksie 076 070 0673
Ilze Boonzaaiër instagram.com/studioboonzaaiër
Italtile italtile.co.za Laurinda Belcher instagram.com/
laurindabelcher Leroy Merlin leroymerlin.co.za
On Tap ontap.co.za Pedersen + Lennard
pedersenlennard.co.za Pieter Nyman Houtwerke
078 442 2253 Stiles stiles.co.za
Superbalist superbalist.com Weylandts weylandts.co.za

Vra die kenners



Geïnteresseerd in meubelontwerp of soek jy wenke hoe om geverfde meubels te meng met rou hout? *Vra net – ons kry die antwoorde.*

Saamgestel deur
Beatrice Moore-Nöthnagel

Ontmoet die ontwerper

Wonderlike hout!

Hy het grootgeword in die bloeitydperk van die maak van meubels uit soliede hout in Knysna. Kleintyd het James Mudge in sy pa se fabriek rondgehardloop en speelgoedbootjies gemaak. “Ons voorman, Raymond, het altyd gesê ‘pasop vir jou vingers!’” vertel James. Vandag is hy die trotse eienaar, ontwerper en vervaardiger van James Mudge Furniture Studio.

“Ek het 18 jaar gelede in Kaapstad begin meubels maak – een kliënt op ’n slag,” sê James. “My argitektuurstudie het my ’n baie goeie begrip van ontwerp gegee en bygedra tot my kennis. Dit is belangrik om ontwerpvaardighede en tegniese kennis te hê wanneer dit kom by hout, veral soliede hout.”



James Mudge





Om 'n stoel te maak is die hoogtepunt van ontwerp. Dit bly vir my 'n konstante leerproses. – James

V&A MET JAMES

1 As mens net een ontwerperstuk kan bekostig, wat kies jy?
'n Eetkamertafel. Behalwe dat dit 'n praktiese meubelstuk is, word dit gewoonlik elke dag gebruik, dit is dus die hart van die huis. Natuurlik sal eetkamerstoele jou volgende prioriteit wees.

2 Wat is jou gunsteling-houtsoort?
Ek hou van iroko-hout; dit het 'n natuurlike olie wat dit baie geskik maak vir buitegebruik. Dit verouder pragtig en het 'n lieflike reguit grein, soortgelyk aan kiamat. Nog 'n ou gunsteling is eikehout – wanneer jy 'n meubelstuk maak en dit kom reg uit met die perfekte afwerking, is dit baie bevredigend. Eikehout se kleure is so veelsydig en sal in byna enige konteks werk.

3 Seëlaar: glans of natuurlik?
Ons het geëksperimenteer met watergebaseerde vernis sowel as olies, en albei het die afgelope 15 jaar baie ontwikkel. Basies beteken dit hoe meer seëlaar jy op hout aanwend, hoe beter word dit beskerm, maar hoe minder natuurlik lyk en voel dit. Ons probeer om 'n balans te kry tussen verseëling vir beskerming en die handhawing van 'n natuurlike estetika.

4 Watter materiale pas goed by hout?
Koper en hout, spesifiek eikehout, is 'n wonderlike kombinasie wat uit ou Kaapstad dateer. Tradisioneel is skepe van eikehout en koper gemaak (koper het vlekvrystaal voorafgegaan as 'n metaal wat nie ter see sal roes nie). Koper het 'n pragtige glans en patina, wat ons beklemtoon deur dit met waspleks van vernis te behandel.

5 Wat dink jy van helderkleurige meubels?
Helder kleure werk goed as aksente. Ek dink oor die algemeen lyk kleiner meubels goed in kleur en groter stukke beter in neutrale hout. As dit by etenstafels kom, neig ek gewoonlik na 'n natuurliker voorkoms en bring dan met die stoele 'n aksentkleur in net vir pret.

KONTAK jamesmudge.com

Vinnige vrae



V: Wat is die naam van die geel muurkleur op bladsy 39 van die Junie/Julie 2025-uitgawe? – Chera-Lee van Dyk

A: Dis plakpapier genaamd Asian Nights van Cara Saven Wall Design (carasaven.com) en kom uit die Vintage-reeks.



V: Waar kan ek die gelerige plastiekstoele kry op bladsy 52 van die Junie/Julie 2025-uitgawe? – Eurika O'Reilly

A: Die oorspronklike Italiaanse Magis-stoele is jare gelede op 'n uitverkoop opgeraap. Gaan kyk na soortgelyke ontwerperstoele by Chair Crazy (chaircrazy.co.za) of Créma Design (cremadesign.co.za). >>




Foto Eliza Cooper • Stilerig Suretha Jansen van Rensburg

Stylis se wenke

Geverfde meubels



Die liefdesverhouding met geverfde meubels het ontwikkel van die eenvoudige hergebruik van vintage stukke na 'n meer gesofistikeerde, spesiaal beplande voorkoms, sê ons kreatiewe redakteur, **Marian van Wyk**. Hier is haar gedagtes oor die pad vorentoe:

- **Minder is meer** Kies 'n enkele geverfde stuk wat die fokuspunt van die vertrek kan wees sonder dat dit met ander items moet meeding om aandag, soos gesien in al hierdie foto's.
- **Wys respek** Wag voordat jy 'n verfkwas optel. Die warmte, karakter en vakmanskap van goeie houtmeubels oortref enige trends. Soliede mid-eeus-moderne meubels en stukke wat vaardige vakmanskap weerspieël, behoort nie onder verf weggesteek te word nie.
- **Jukstaposisie** Natuurlike hout skep warmte en egtheid, maar te veel hout kan vervelig lyk. 'n Kombinasie van geverfde en ongeverfde stukke, soos 'n houttafel met geverfde stoele, skep 'n laag-op-laag gevoel en kontras. Alles hoef nie bymekaar te pas nie – dit is wat persoonlikheid gee.
- **Dinamiese kontras** 'n Enkele geverfde stuk bring vars energie in by 'n monochroom interieur, wat presies is wat Giselle Linström in haar kombuis reggekry het (*regs bo*).
- **Eenvormigheid** Verf kan onpaar meubelstukke soos 'n paar verskillende eetkamerstoele, 'n eenvormige voorkoms gee. Wanneer hulle almal dieselfde kleur geverf is, het hulle iets gemeen.
- **Moenie oorboord gaan nie** Deur net die pote van 'n tafel te verf, kan jy die beste van twee wêreldes geniet.
- **Dink aan die agtergrond** Wanneer jy 'n verfkleur kies, neem die palet van die res van die ruimte in ag. Alison Reynolds se interessante sitkamer (*regs*) is 'n fees van patroon en kleur. Die smaraggroen laaikas skep balans, terwyl wit mure hierdie stuk tot sy reg laat kom.



Foto Karl Rogers • Produksie Marian van Wyk



Foto Greg Cox • Produksie Marian van Wyk

'n Volhoubare & STYLVOLLE plan

Milestone Kitchens se trots
Suid-Afrikaanse Raw Range is
die ster van die gaste-eenheid.



WIL JY MEER WEE?
Skandeer die QR-kode
met die kamera-app op
jou slimfoon vir 'n video
oor die voordele van
losstaande eenhede.



Milestone Kitchens is ernstig oor volhoubaarheid. Anders as massavervaardigde eenhede word hul losstaande stukke gemaak om geslagte lank te hou.

Dit word ontwerp vir aanpasbaarheid – hulle kan saam met jou verhuis en aanpas by veranderende ruimtes.

Die Raw Range, wat van plaaslike materiale gemaak word, is ontwerp as 'n meer bekostigbare opsie om losstaande kombuise meer

bereikbaar te maak. Dié motorhuis is omskep in 'n oulike Airbnb met eenhede van soliede hout.

Al die stukke is handgemaak van SA dennehout uit klein saagmeule binne 'n 50 km-radius van Milestone Kitchens se KwaZulu-Natal-fabriek. G'n fineerlae, geen MDF, g'n kortpaaie. Dit ondersteun plaaslike besighede, verminder uitlaattasse en verpakkingsmateriaal.

Milestone Kitchens verminder vermorsing ook deur afvalhout te gebruik vir hul Smalls-reeks

(sien die produkte by milestonesmalls.co.za), en deur elke kombuis op bestelling te bou met geen oorproduksie en dus oortollige afval nie.

Die span is ook toegewy aan maatskaplike volhoubaarheid en bestuur Milestone Day Care by die fabriek waar kinders van personeel en van die omliggende gemeenskap onderrig word.

Wanneer jy Milestone Kitchens kies, kies jy nie net vakmanskap nie, jy wys ook jy gee om en heg waarde aan 'n bewuste leefstyl.



Maak so met verf wat afdop

Ilse van Huyssteen skryf Die verf aan die buitekant van ons huis dop erg af en dit lyk verskriklik. Ons het die pleister vier en 'n half jaar gelede laat verwyder en weer gepleister, maar die probleem duur voort. Ons wil die mure oordoen omdat ons van plan is om te verkoop, maar ons het raad nodig oor die korrekte voorbereiding, produkte en metodes. Voorheen het ons gate met proppe in een van die mure geboor om van vog ontslae te raak, maar dit was onsuksesvol. Die sement onder die verf is “sanderig”. Help asseblief.



Karin Cronjé, eienaar van Hands On Creative Building & Management, antwoord Dit lyk asof onderliggende vog die oorsaak van jou probleem kan wees. Die verf wat afskilfer sowel as die sanderige pleister dui op waterindringing, wat veroorsaak dat die materiale verkrummel. Dit kan bevestig word deur 'n vogtoets te laat doen. Daarna moet die regstellende werk gedoen word.

As die voginhoud egter nie baie hoog is nie, kan die oorsaak swak binding tussen die sanderige pleister en verfonderlaag wees. As dit die geval is, volg dié stappe:

- 1 Skraap al die los verf af.
- 2 Skrop die sanderige pleister met 'n draadborsel en skuur glad met skuurpapier.
- 3 Maak die muur skoon met 'n stewige borsel.
- 4 Stabiliseer die muur deur dit te seël met Plascon Professional Alkali Resistant Plaster Primer (plascon.co.za).
- 5 Vul krake met Breathecoat Renuplast (breathecoat.co.za). Dit kan ook gebruik word om beskadigde mure te herstel. Wend 'n laag van 1–4 mm dik aan en skuur glad wanneer dit droog is.
- 6 Geen onderlaag is nodig as jy Breathecote gebruik nie.
- 7 Wend twee lae akrielverf soos Breathecoat Breathable Paint aan. Laat genoeg tyd toe (soos aangedui op die blik) om tussen lae droog te word.

KONTAK karin@handsoncreative.co.za

Nog vinnige vrae

V: Ek hou baie van die glashanglig op bladsy 35 van die Mei 2025-uitgawe; waar kom dit vandaan?

– **Veronica Labuschagne**

A: Dit word 'n “cone glass pendant” genoem. Kyk by Eurolux (eurolux.co.za), K.Light (klight.co.za) of The Lighting Warehouse (lightingwarehouse.co.za) vir so 'n ontwerp.



Foto Greg Cox • Produksie Marian van Wyk

V: Van waar is die mooi gangmat met die goue rand op bladsy 14 van die Junie/Julie 2025-uitgawe?

– **Sunette de la Rey**

A: Die mat is van Airloom (airloom.co.za). 🏠




Foto Karl Rogers

MAAK SÓ MET 'N DEK VAN DENNEHOUT

Jy hoef nie hardhout soos balau vir 'n dek te gebruik nie; **kies behandelde dennehout en verseël dit** met Woodoc DECK Sealer vir 'n duursame afwerking.

Teks en produksie Shelly Bergh
Foto's ER Lombard



Shelly Bergh

WAT JY NODIG HET • Woodoc DECK Sealer • skuurder • skuurpapier (80- en 100-grint) • lap • minerale terpentyn • maskeerband • plat roerspaa • verfkwas • staalwol



1

1 Skuur die oppervlak tot glad.



2

2 Maak seker die oppervlak is droë en stofvry. Vee af met 'n lap, klam-gemaak met minerale terpentyn. Plak maskeerband om die rande.



3

3 Roer die Woodoc DECK Sealer goed met 'n plat roerspaa.



4

4 Wend die eerste laag Woodoc DECK Sealer met 'n verfkwas aan totdat die oppervlak 10 minute lank blink bly. Laat heeltemal droë word.



5

5 Skuur liggies met staalwol; verwyder die stof met 'n skoon, droë lap. Vee af met minerale terpentyn.



6

6 Wend nog twee lae op dieselfde manier aan. Moenie ná die derde laag skuur nie.



Vir nog stap-vir-stap-projekte met Woodoc se groot produkreeks, skandeer die QR-kode met die kamera-app op jou slimfoon en ontdek ons reeks Woodoc-selfdoenvideo's.



Diere- maniere

Saamgestel deur Beatrice Moore-Nöthnagel



Dis heerlike lente!

Blouselblou oë

Biscuit hou toesig oor Ma se tuinwerk. – Marie Louw, Durbanville



‘Ek lek solank my lippe af’

Soekie kruip weg vir haar prooi. – Riana Buitendag, Pretoria



Min gespin

Whisky wag die voëltjies oop en bloot in.

– May Gericke, Chintsa



Dis myne!

Winnie Lou deel nie haar speelgoed nie. – Chantelle Steenkamp, Gqeberha



Soo verveeld

Rocco stel glad nie belang nie.

– Alana Frankie Siddall (5), Ballito KZN



'So dom is ek nie'

Simba weet dié burger ruik nie reg nie.
– Lizelle Page, Centurion

WEN!

Die eienaars van die diere op die foto's wen elk 'n geskenkbewys van R500 van Petshop Science (petshopscience.co.za). Of jy 'n vinnige uitstappie of 'n vakansie beplan, maak seker jou troeteldier is reg vir die pad.

VetCare Calmcare Stress Relief Tablets for Dogs & Cats (R229.99) verlig angstigheid op lang reise of tydens besoeke aan die veearts of in vreemde vakansieverblyf. The Daro Small Plastic Pet Carrier (R449.99) is 'n kompakte, knus opsie vir kleiner diere en het baie openings aan alle kante wat optimale lugvloei en onbelemmerde uitsig gee. Vir ekstra beskerming en om te keer dat die bestuurder se aandag afgetrek word, maak jou troeteldier vas met die Rogz Safety Belt Clip (R69).

Kry dit alles en meer vir troeteldierreise by jou naaste Petshop Science-winkel of laat dit by jou deur aflewer deur Sixty60!

• Stuur jou foto's (minstens 2MB elk) en kontakbesonderhede na troeteldiere@tuis.co.za – jy kan ook 'n wenner wees! Lees ons kompetisiesreëls op bladsy 128.



V&A

Bring jou hond werk toe

Dinette Tredoux van Bloemfontein skryf

Ek wil graag 'n "Neem jou hond werk toe-dag" by my kantoor begin – enige raad hoe om dit reg aan te pak?



Marycke Ackhurst, troeteldiergedragskenner by Hill's Pet Nutrition, antwoord

Die "Neem jou hond werk toe-dag"-veldtog is meer

as 20 jaar gelede begin om die aanneem van troeteldiere aan te moedig en om die kolling te plaas op die band tussen mense en honde. Dit word wêreldwyd gevier as 'n herinnering aan hoe diere ons lewens elke dag verryk. Maak só wanneer jy jou hond kantoor toe wil neem:

Pak slim Bring jou hond se halsband, bak en speelgoed sowel as 'n hok of iets wat hul beweging kan beperk – en natuurlik kos!

Maak plek Honde het hul eie plekkie nodig om veilig te voel. Kamp 'n ruimte naby jou lessenaar af of sit 'n hok neer vir 'n kleiner hondjie.

Wees bedagsaam Maak seker jou kollegas is gemaklik met die idee en dat jou hond hulle nie sal hinder nie. Bring sakkies en skoonmaakgoed ingeval jou hond 'n glips kry. Vat jou hond gereeld uit om 'n draai te loop en vars lug te kry.

Bekyk die omgewing Moet honde nie bring na hoërisiko-areas soos werk-winkels, kombuise of plekke met toksiese materiale nie.

Baie honde in een kantoor Onthou dat kos probleme kan veroorsaak. Voer jou hond op 'n veilige plek waar ander honde nie kan inmeng nie.

Tuiswerkers As jy van die huis af werk, kan jy en kollegas altyd 'n aanlyn sessie reël waar julle mekaar se honde kan ontmoet.

ONTHOU Honde is gemaak vir interaksie. Om naby aan hul eienaar te wees verminder stres en versterk die verhouding. As kantoorbesoeke reg hanteer word, kan dit baie vir jou gemoedstoestand in die werkplek beteken.

KONTAK hillspet.co.za 🏠



Tuin-dagboek

Saamgestel deur Gillian Eva

Foto's verskaf



Coleus

September is die begin van die groeiseisoen regoor Suid-Afrika en dit is die ideale tyd om jou tuin voor te berei vir sukses op 'n manier wat mooi is én beter vir die planeet. Van die plant van bolle en bloeiselbome tot die vernuwing van moeë grasperke en die voeding van nuwe groei, is daar baie om te doen, te plant en voor te berei vir 'n kleurvolle, klimaatvriendelike lente. Begin deur enige plante wat deur ryp of andersins beskadig is, uit te haal. Hier is nog take:

- Snoei rose en lentebloommende struik sodra hul blomme begin verwelk.
- Snoei vormstruik soos Australiese jamboes (*Syzygium paniculatum*) en maak hoogstamstruik skoon om hul vorm te behou tydens die lentegroei.
- Stut slap meerjarige plante soos Inka-lemies (*Alstroemeria aurea*).
- Knip dooie gesiggies en viooltjies uit om hulle tot November te laat blom.
- Plant wortelgebonde houerplante oor en vervang die boonste laag grond, maar moenie te veel water gee nie.
- Gee alles kos! Gebruik stadigvrystellende misstof vir bome, struik, grasperke en potte, en maak goed nat na toediening.
- Warmer weer beteken plaas soos plantluise, blaaspootjies, slakke en sitruspsylla steek kop uit. Wees op die uitkyk hiervoor en behandel dit vroegtydig. Probeer neem-olie, seepbespuitings of plant metgeselplante om chemiese bespuitings te help verminder. Verwyder onkruid gereeld en maak grasperke een keer per week diep nat.
- Dit is nie te laat om somerblombolle soos aronskelke (*Zantedeschia aethiopica*), Maartlemies (*Amaryllis belladonna*) en dahlia's te plant nie.
- As jy enige kaal kolle op jou grasperk het, saai nou nuwe saad om 'n welige grasperk vir die somer te verseker.

EKOWENKE

- Tuisgemaakte kompos is tuingoud en deur tuinafval te benut, hoef minder na die stortingssterrein te gaan. Verryk beddings met kompos en bevorder so gesonde mikrobies. Kies organiese misstof om grondlewe te beskerm en waterbronne skoon te hou.
- Inheemse en klimaatgeskikte plante gebruik minder water, ondersteun plaaslike wild en verminder die behoefte aan chemiese sorg. Groepeer potplante saam om mikroklimaat te skep wat verdamping verminder en skadu gee aan wortels.




Australiese jamboes



Aronskelk



Nemesia



Alyssum

Inka-lilie



Begonia

WATERWYS KEUSES VIR 'N GROENER TUIN

September is die tyd om beddings en potte te vul met waterwys struik, rankers en lente-uitblinkers soos begonias, *Coleus*, *Alyssum*, *Nemesia* en afrikaners. Boslelies (*Clivia miniata*) is perfek vir skaduryke plekke: maklik om te kweek, inheems en 'n gunsteling onder bestuiwers. Voeg hoogte by met rankers en gee kleur aan jou potte met petunias en papawers. En moenie somerkruie soos basilie, koljander en roosmaryn vergeet nie.

Kopie verskaf deur Life is a Garden, besoek lifeisagarden.co.za vir meer, of volg hulle op Facebook en Instagram: [lifeisagardensa](https://www.instagram.com/lifeisagardensa)



Foto Gillian Eva

Mal oor
vetplante!

Op 'n streep

Die sebraplant (*Haworthiopsis attenuata*) is 'n aantreklike laaggroeiende vetplant wat rosette van donkergroen blare vorm met wit knoppies wat opvallende strepe skep.

Die attraksie Sebraplante is droogtebestand, stadig groeiend en nie-indringend en is 'n slim keuse vir ekobewuste tuiniers wat hul tuin wil vergroen sonder te veel onderhoud.

Kweekwenke Sebraplante is perfek vir beginners en besige tuiniers. Hulle hou van helder lig (maar verdra ligte skaduwee) en groei die beste in korrelrige, goed gedreineerde grond. Gee net water as die grond droog is. Hierdie vetplant groei stadig, hoef selde verpot te word en is gelukkig binne of buite. Buite dra sebraplante klein wit blommetjies met groen are op lang stingels in die somer.

Binne én buite Plant sebraplante in rotstuine, klein potte of gemengde vetplantbakke. In die huis is hulle ideaal vir lessenaars, rakke of sonnige vensterbanke (en sal nie te veel ly as jy so dan en wan vergeet om water te gee nie). Groepeer 'n paar saam vir 'n treffende gestreepte vertoning.

Pespatrollie Hulle is oor die algemeen plaagvry, maar witluise kan op binnenshuise plante voorkom. Vee dit af of behandel met neem-olie indien nodig.

Pretfeit Anders as baie huisplante is sebraplante nie giftig vir troeteldiere nie.

Het jy geweet? Dié taai plantjie berg water in sy blare om droë tye te oorleef en help om die lug te reinig deur koolstofdoksied te absorbeer en suurstof vry te stel, wat dit 'n ekobewuste manier maak om jou ruimte (en jou gewete) te reinig. >>

Kweek jou eie!

Heerlike eiervrug

'Oriental Fingerlings'



'Black Beauty'



'Rosa Bianca'

Blink en eksotiese eiervrugte kan as 'n fynproewersgroente geklassifiseer word. Hulle is onontbeerlik in Mediterreense en vegetariese kookkuns en word dikwels gekombineer met tamaties, soetrissies en murgpampoentjies, en in kerries en ander sterk gekruide geregte gebruik. Of dit nou op hul eie of saam met ander bestanddele is, kan eiervrug gebraai, gekook of gebak word en met gerasperde eiervrug rek jy 'n vleisgereg baie verder.

Kweekwenke

Dié groente is maklik om te kweek en al wat dit nodig het, is volson, vrugbare, goed gedreineerde grond en gereelde water. Dit neem egter 85-100 dae voor dit geoes kan word, so saai saad binnenshuis of op 'n warm plek in saadbakke. Plant saailinge uit nadat alle rypgevaar verby is.

- Die voorbereiding van die grond met baie organiese stowwe sal genoeg voeding verskaf tot die plant begin blom.
- Eiervrug is dorstige plante wat baie water nodig het, veral wanneer hulle vrugte produseer. In potte moet hulle daaglik natgemaak word tydens baie warm weer. 'n Plant wat dors ly, is vatbaar vir plantluise.
- Wanneer die eerste vrugte verskyn, bemes elke drie weke met 'n organiese 3:1:5- of

5:1:5-misstof soos Ludwig's Vigorosa. Plante in potte moet weekliks gevoed word met Margaret Roberts Organic Supercharger verdun tot halfsterkte. Blomme wat afval, is 'n teken van 'n kaliumtekort.

- Stut variëteite wat groot vrugte dra.

OES Moenie vrugte aan die plant los nie, want oortypes kan bitter wees. Sodra vrugte hul glans verloor, is dit oortyp.

WAT VAN POTTE? Die ideale grondmengsel vir eiervrug in potte is 50% tuisgemaakte ryp kompos, 25% gewaste riviersand en 25% vermikuliet of veen. Gebruik die grootste moontlike pot, minstens 30-40 cm in deursnee.

BESTE MAATS Plante soos kappertjies, grasuie en organum is goeie metgeselplante vir eiervrug aangesien hulle plaë afweer en bestuiwers lok. Wortels en beet help om die

grond te belug, terwyl boontjies stikstof in die grond vrylaat. Blaarslaai en blaarbeet floreer in die skaduwee wat deur eiervrug-plantte verskaf word.

PROBEER DIÉ VARIËTEITE

'Black Beauty' is 'n erfenis-variëteit met groot donkerpers, amper swart, vrugte wat konsekwent vrugte van hoë kwaliteit lewer.

'Oriental Fingerlings' is vingervormige eiervrugte in pers, groen en wit met sagte vlees. Hulle is soeter as ander variëteite en kan jonk geoes word vir ekstra geur.

'Rosa Bianca' is 'n Italiaanse erfenis-variëteit wat ronde wit vrugte produseer met 'n rooskleurige tint en romerige vlees met 'n sagte geur. Dit is 'n vroeg produserende plant wat na 85-90 dae oesgereed is.

KONTAK kirchhoffs.co.za, rawliving.co.za

KOMBUISTUINTAKE

- Maak saadbeddings en saailinge elke dag nat en gevestigde groente een of twee keer per week.
- Moedig erdwurms aan deur 'n laag kompos en 'n deklaag bo-op.
- Wanneer dit warmer word, beheer plantluise, witvlieg en ander plaë met omgewingsvriendelike insekdoders.
- Stut tamaties, eiervrug, soetrissies en komkommers terwyl die plante nog jonk is.

SAAI DIÉ GROENTE NOU

Somerreënvalgebiede Blaarbeet (*Swiss chard*), blaarslaai, beet, eiervrug, ertjies (in koeler gebiede), komkommer, kool, murgpampoentjies, mielie, pampoen, radys, rabarber, seldery, soetrissie, spanspek, tamatie, wortel.

Winterreënvalgebiede Beet, blaarbeet, blaarslaai, boontjie (bos en rank), eiervrug, komkommer, mielie, pampoen, radys, rabarber, seldery, soetrissie, spanspek, stampmielie, tamatie, wortel.

Laeveld en KwaZulu-Natalse kus Bone (bos en rank), eiervrug, komkommer, mielie, radys, soetrissie.



Mooi binne

Sterreprag

Calathea 'Beauty Star' is 'n nuwe *Calathea* met pragtige blare met 'n veerpatroon in skakerings van groen met

romerige wit strepe en tikkies pienk. Dit is 'n maklike binnenshuise plant wat hou van 'n warm, goed beligte posisie (maar nie direkte son nie) en eweredig klam grond. Moenie te veel water gee nie, maar handhaaf 'n goeie humiditeitsvlak deur die plant op 'n bak met klippies te plaas. Voed een keer per maand in die lente en somer met 'n vloeibare misstof vir welige blare en nuwe groei.

KONTAK lvplant.co.za



Nuut in kwekerye

Prettige pienk

Dahlia Dalaya Maxi 'Pink Starburst' het ekstra groot blomme aan kompakte plante. Die blomme se vorm lyk soos dié van anemone met 'n dieppienk kern van geriffelde blomblare. Hierdie mini-pot-dahlia hou van volson en vrugbare grond wat goed dreineer. Dit is 'n uitstekende houerplant wat met die regte sorg ook goed vaar in die tuin. Gee gereeld water en voed een keer per maand in die somer met 'n korrelmisstof. Dit kan bye en skoenlappers lok.

KONTAK ballstraathof.co.za >>

**In
full
Bloom**



**Kirchhoffs se snyblomsaadreeks
is hier. Treffend, helder en
vol fleurige potensiaal.**



Meer as 130 Jaar van tuinbetowering

@kirchhoffsseeds

@KirchhoffsZA

Die Grootste Verskeidenheid Patiomeubels en Bykomstighede in Afrika



Patio

WAREHOUSE

www.patiowarehouse.co.za



Centurion - 012 657 9400 | Randburg - 011 801 0820 | Kaapstad - 021 526 7240 | Somerset-Wes - 021 840 4160
Umhlanga - 031 566 8550 | George - 044 010 0102



VRA VIR LUDWIG

Pluk vir die vaas

Joey van Staden van Roodepoort skryf Ek het 'n verskeidenheid hibriedteerose geplant, insluitend 'Phambili DSG' sodat ek die blomme vir die vaas

kan pluk. Hoe kan ek verseker dat hulle so lank as moontlik hou?

Ludwig Taschner antwoord Die beste tyd om tuinrose te knip is vroeg of laat in die dag, eerder as gedurende die warmste tyd. Hou 'n emmer water byderhand sodat jy die stingels onmiddellik in water kan sit. Blomme wat aan die bos oopgemaak het – tot 'n derde of halfpad oop – hou beter in die vaas as onvolwasse knoppe. As jy kan, laat die rose oornag staan in die emmer water wat tot by die nek van die blomme gevul is. As jy die stingels vir die vaas sny, maak 'n lang skuins snit. Hoe groter die wond, hoe meer water neem die stingels op.

Om die vaaslewe van rose te verleng voeg Chrysal-blokkos by die water of 2-3 eetlepels suiker en 1 eetlepel asyn (of 1 teelepel Jik) by 1 liter water. Suiker los makliker op as die water warm is. Gee elke 2-3 dae skoon water. Stroop die onderste blare af om te keer dat die water troebel word.

KONTAK ludwigsroses.co.za



VRA VIR JJ

Help, goggas!

Theresa Rhodes van

Houtbaai skryf Ons het onlangs ons eerste suurlimoenboom gekoop, maar nou sien ek dit is oortrek met swart goggatjies. Wat is dit en hoe hanteer ons hulle?

JJ van Rensburg antwoord Jul boom is besmet met plantluise, 'n algemene tuinplaag. Dien 'n vinnig werkende insekdoder toe wat sipermetrië bevat, soos Kemprin en Knox Worm. Dit is veilig om op vrugdraende plante te gebruik, want die insekdoder sal nie deur die plant geabsorbeer word nie. Herhaal na 'n week.

KONTAK gardensbyjj.com



Die tiende tuinparty!

Tuindag word vanjaar vir die tiende keer gevier. Dis die perfekte verskoning om op Sondag 12 Oktober jou vriende en familie bymekaar te maak om al jou harde werk saam met jou te kom vier. Hou 'n dekadente tuintee, 'n gesonde piekniek, of ontspan in die skaduwee van 'n boom met 'n goeie boek. Solank julle nie vergeet om 'n blomkroon te dra nie!

Om jou te help voorberei het die Tuindag-span allerhande hulpbronne geskep – van plakkate en uitnodigings tot stap-vir-stap-gidse om jou eie blomkroon te maak. Gaan kyk by gardenday.co.za en klik op die blad "Toolkit". En moenie vergeet om jou tuinparty-foto's agterna op sosiale media te deel met #GardenDaySA nie of WhatsApp dit na 074 288 1487.



V: Op bladsy 22 van die Junie | Julie 2025-uitgawe het ek ongewone blomme op die huiseienaar se eetkamertafel gesien. Wat is dit? – *Elize Maartens, Pretoria*

A: Dit is blomme van *Amaranthus caudatus*, op Engels "love-lies-bleeding", 'n halfgeharde jaarplant. Dit groei in vogtige én droë toestande en vaar ook goed in potte. Dit hou goed as snyblom. 🏠



Luister na JJ se nuwe podsendingreëks, *Tuis Tuine met JJ*, by netwerk24.com! Kry dit onder "Kyk + Luister" – klik op "Klankgolwe".

September | Oktober 2025 **tuis 87**

Tuinkopies

Saamgestel deur Johané Neilson



Bamboes vir buite

Die draagbare Bob To Go-bamboeslamp (30 cm H x 32 cm D; R4 720, shopmoodmakers.com) is perfek vir buitekuierplekke wat baie son kry. Dit kan in die son gelaai word of met 'n USB-kabel.



Koperdraad-LED-feetjeligte werk met sonkrag (20 m; van R329), lighthouse.co.za

Mal hiervoor!

Sonkragmuurlig met bewegingsensor (28.4 cm L x 6.2 cm B; van R649), lighthouse.co.za



Sonkrag-buitelantern met aanraakbeheer (swart of wit; 25 cm H x 15 cm B; van R1 399), lighthouse.co.za



Ligstringe met LED-gloeilampe werk met sonkrag (van R1 699 vir 10 m; ook beskikbaar in 15 m), lighthouse.co.za

Spogstuk!

Die Sunny-sonkrag-staanlamp (162.3 cm B x 48 cm D x 164–184 cm H; R9 990, monexteriors.com) het 'n verstelbare arm met twee hoogtestellings, drie ligstellings en gee 12 uur lank lig as dit volgelaai is. Dis gemaak van poeierbedekte aluminium in Mocha en Teak en is ideaal vir buite kuier en eet.



Stel van drie Ochre-buitelampe (12 cm elk) R5 000, shop.babylonstoren.com

Die draagbare, herlaaibare Gold Vogue-tafellamp (R835, klight.co.za) skep lieflike atmosfeer binne en buite die huis.



Sonkrag-ligstringe is 'n praktiese, energie-besparende feestelikeheid onder die preekel van die Intak-selfsorgblyplek by Klein Paradys in die Elgin-vallei; besoek oldmacdaddy.co.za/stay.



aardklop.co.za

momentum
aardklop

  Volg ons op
sosiale media

FEES bly. **FEES** vrolik. FEES vrou!



7-12 OKT. 2025

**FEESTERREIN:
7-11 OKTOBER**

Marion Holm | Amore Bekker | Margit Meyer-Rödenbeck | Corlea Botha | Mel die Storieverteller | Je-Ani Swiegelaar | Amanda Strydom | Elzabé Zietsman | Desiré Gardner | Lizz Meiring | Lee-Ann van Rooi | Daneel van der Walt | Antoinette Kellermann | Lourensa Eckard | Marita van der Vyver | Cintaine Scutte | Bernice West

Vir volledige
program &
kaartjies
besoek



web tickets

NETWERK24

aardklop.co.za

 NWU®

Die **grootste** meubelvervaardiger ter **wêreld**



www.ashleyfurniture.co.za | **Centurion** | Tel: 012 749 3100
65 Landmarkslaan, Kosmosdal, Centurion, 0157





Foto The Science Photo Library/Gallo Images



WEN! Een van vier boeke ter waarde van R380 elk, uitgegee deur NB-Uitgewers, kan joune wees.

Die lugbraaier-meester Louisa Holst weet net wat die mark wil hê en is terug met nog 'n vuurwarm treffer – propvol watertand-maaltye wat gereed is binne net 30 minute! Geniet smullekker brijani-hoenderslaai, pikante stokvis-en-jalapeno-gebak, varktjops met geroosterde chakalaka en stomende frikkadelle-en-pap. En die ietsie soets ter afronding? Ontspan, onweerstaanbare nageregte sorg vir daardie soete verleiding – alles kant en klaar binne net 30 minute.

Die eerste vier lesers wie se korrekte blokraai ons trek, wen 'n eksemplaar van die **30-minute Suid-Afrikaanse Lugbraaier-kookboek** deur Louisa Holst ter waarde van R380.

Stuur die voltooide blokraai en jou kontakbesonderhede voor 16 September 2025 na **Tuis-blokraai #186**, Posbus 1802, Kaapstad 8000, of skandeer jou ingevulde vorm en e-pos dit na kompetisie@tuis.co.za. Sien ons kompetisiereëls op bl. 128.

Naam Adres
Poskode Sel Tel. (w) E-pos



Italiaanse inspirasie

Met ouma Dolla se krismisrose en 'n versteekte fontein het Gera de Wet se reis in haar groot plaastuin begin.

Deur Marié Brody • Foto's Jeandri Streicher

WIE WOON HIER?

Johann en Gera de Wet en hul kinders, Daniël en Lilya, en 'n string troeteldiere

WAAR

De Wetshof-

wynlandgoed, Robertson

GROOTTE VAN TUIN

Amper 'n halwe hektaar

GRONDTIPE

Kleigrond

OUDERDOM VAN

HUIDIGE TUIN 8 jaar



“**D**ie tuin was so oorgroei toe ons in 2017 hier ingetrek het, ’n mens kon glad nie die wingerd wat dit omraam, sien nie,” vertel Gera de Wet, wat intussen die groot plaastuin hier op Robertson waar sy en haar gesin woon, in haar droomtuin omskep het.

“Ouma Dolla de Wet het in die 1950’s die tuin begin. Sy het bome geplant, ’n groot roostuin gehad, krismisrose van steggies gekweek... Haar pronkridderspore het tot 2 m hoog gestaan!”

Maar, sê Gera, haar skoonouers, Danie en Lesca, het min tyd vir tuinmaak gehad in die 30 jaar wat hulle hier gebly het. “My skoonma is ’n sakevrou en het baie hard gewerk om die De Wetshof-handelsmerk uit te brei. Met ons intrek het ek ook nie veel van tuinmaak geweet nie. Ons het van ’n baie klein tuin na die groot plaastuin verhuis. Dit was vir my heeltemal oorweldigend.”

Maar sy hou van uitdagings en die eerste wat sy gedoen het, was om die tuin te laat skoonmaak met die plaas se laaigraaf en alles uit te haal waarvan sy nie gehou het nie. Daar was te veel bome wat deur die jare opgekom het; baie daarvan was oorgroei en moes teruggesny of verwyder word.

“Ek het die mooiste bome en van die struik soos die krismisrose (*Hydrangea macrophylla*) en seeroogblomme (*Hypoestes aristata*), wat nog van ouma Dolla se dae hier is, behou. Met die skoonmakery het ons op baie slange afgekom, maar daar was ook aangename verrassings – soos beeldjies en ’n pragtige fontein in die vorm van ’n leekop wat ons ontdek het.” >>



Met die skoonmaak van die tuin is die boskasie wat die agterste muur van die motorhuis toegegroeï het, verwyder. “Dit was so ’n groot verrassing om dié fontein teen die muur te ontdek. Ek het besluit om hiervan ’n fokuspunt te maak en vislyn gespan waarteen sterjasmyn opgroei. Ek noem dit my wit tuin. Hier groei net wit blomme soos die sterjasmyn, sintjosefslelies (*Lilium longiflorum*), wit pronkridderspore (*Delphinium x elatum*), hiasinte (*Hyacinthus orientalis*) en ook waterlelies (*Nymphaea*).”

Ek hou daarvan om 'n *mooi tafel* in die tuin te dek en daar te onthaal en te kuier. – Gera

Dié graspaadjie omraam met heinings van koemkwatbome (*Citrus japonica*) en seeroogblomme lei na die kombuistuin. Oorskietbakstene van 'n vorige bouprojek is vir die paadjie gebruik.

In die laat lente is die geëspalieerde blomappels (*Malus sylvestris*) langs die inrit oortrek met bloeisel. Gera se kinderdae op 'n vrugteplaas in die omgewing en talle besoeke aan Babylonstoren se tuin was haar inspirasie hiervoor.



Ouma Dolla se louriermagnolia (*Magnolia grandiflora*) staan vandag nog. "Sy was 'n groot tuinier. Al het ek haar nooit persoonlik geken nie, voel ek daar is 'n sterk konneksie tussen ons. Ek het die stam wit geverf; dis 'n herhaling van die pilare wat reeds in die tuin is en dien ook as beskerming teen insekte."


Italiaanse tuine

Gera het as deel van haar nagraadse studies in Renaissance-kuns aan die Universiteit van Florence 'n kursus oor die geskiedenis van Italiaanse tuine gedoen.

"Dit het my so geïnspireer. In die lieflike tuine van die Italiaanse villas wat ons besoek het, het ek gedink as ek ooit 'n tuin het, moet dit in dié styl wees. Die Italianers is bekend vir hul formele beddings, wat hulle 'n 'parterre' noem – 'n bedding wat omraam is met 'n netjies gesnoeide heining. Dit is ook presies hoe ek die plaastuin aangepak het."

Gera het eers die ruimte opgemeet en toe begin planne teken. Sy het die tuin verdeel in formele kamers, elk met 'n spesifieke doel. Die heinings rondom die tuinkamers is grootliks van soetsneeubal (*Viburnum odoratissimum*) en Australiese jamboes (*Syzygium paniculatum*), wat sy afwissel as hoë en lae heinings. Van die tuinkamers het sy ingevul met informele beplanting volgens die Engelse manier van tuinmaak, terwyl ander 'n stiller voorkoms het met terracottapotte en gruis-oppervlakke. Al haar planne is uitgevoer met die hulp van Paulus Pieterse, wat twee jaar gelede afgetree het, en Chris Philander, wat haar deesdae bystaan.

Vir Gera en haar gesin is hul tuin 'n heerlike kuierplek waar hulle baie tyd deurbring. "Ek het beslis nie die tuin net vir myself gemaak nie, maar vir my gesin en vriende met wie ons dit deel. Dit gee my soveel vreugde om dit vir ander te wys! My tuin is ook die plek waar ek die naaste aan God voel. As ek daardeur loop, wys Hy vir my sy pragtige natuurskoon."



Terracottapotte met lemoenbome gee hoogte langs die inrit wat met gruis klip bedek is. Hoewel Italianers tradisioneel suurlemoenbome so gebruik, het Gera juis lemoenbome gekies om aan te sluit by die pragtige oranje sonsondergange in die winter.

Stap saam deur Gera se tuinkamers

Gera, 'n binneontwerper, het die uitleg van haar tuin op dieselfde manier aangepak as wat sy 'n huis se interieur beplan. "Net soos 'n huis formele dele soos 'n ingangsportaal en sitkamer het, het my tuin 'n formele inrit met geëspaliede blomappels, en lemoenbome in terracottapotte. 'n Kruik met sterjasmyn (*Trachelospermum jasminoides*) en seisoenale blomme en bolle begroet jou voor jy deur twee wit pilare stap. Van hier lei 'n paadjie wat met laventel omraam is, jou na die roostuin," verduidelik sy. "En net soos jy deur 'n huis beweeg en van die vertrekke meer informeel raak, gebeur dieselfde in my tuin. Elke tuinkamer het 'n eie karakter wat by sy doel pas."



DIE ROOSTUIN



Gera het die rose vir haar roostuin, wat nou amper drie jaar oud is, sorgvuldig gekies met die hulp van die rooskenner Ludwig Taschner. "Ek het baie navorsing gedoen en wou roosbome plant wat goed in ons omgewing aard. 'n Roos wat goed by die kwekery groei, vaar nie noodwendig goed in jou tuin nie. Ek het ook by my buurvrou gehoor watter rose goed vaar in haar tuin, en daarvan geplant," vertel sy.

"Dit is vir my belangrik om rose te hê in kleure wat mooi lyk in ons huis. Ek is gek oor wit, sagte pienke en appelkooskleure, en het rose in kleurblokke van daardie skakerings geplant. Van my gunsteling is die lekkerruikroos 'Nahéma', die appelkooskleurige 'Avril Elizabeth Home', 'Clocolan', 'Nomzamo' en ook 'Roberto Capucci' met sy groot blomkoppe."

Om hoogte in die roostuin te kry, het Gera pilare ingesit en 'n preeel geskep waaroor 'n wit wisteria (*Wisteria sinensis* 'Alba') groei. Onder die pergola dek die De Wet-kinders graag tafel vir gesinsetes. >>



'Brümilda van Rensburg'



Die lieflike 'Mushe Kirsh'-roos
verander van kleur namate dit oopgaan.



'Magaliesburg'



'Pooh Bear'

DIE WATERWYS TUIN

Tydens 'n droogte het Gera besef sy moet haar tuin aanpas om meer waterwys te wees. "Ek het dele van die tuin uitgehaal en vervang met plante wat vir langer tye sonder water kan klaarkom. Hier groei onder meer soutbos (*Rhagodia hastata*), laventel (*Lavandula*), Australiese roosmaryn (*Westringia fruticosa*), *Muehlenbeckia complexa* en Australiese jamboes. Tussenin vorm gruisklappies die loopoppervlak. Al die vormsnoeiwerk is Chris en Paulus se handwerk. Paulus het juis die *Meuhlenbeckia* in die vorm van 'n wynbottel gesnoei, wat baie gepas is vir ons plaastuin. Elke keer as ek dit sien, dink ek aan hom!" >>

Regs van bo Chris Philander, Paulus Pieterse en die wynbottel-*Muehlenbeckia*.





DIE KOMBUISTUIN

Dit is vir Gera belangrik dat die tuin nie net mooi lyk nie, maar dat hulle daaruit kan leef. “Ek het altyd gedroom van ’n mooi groentetuin, en my inspirasie van die tipiese Franse ‘potager’, oftewel kombuistuin, gekry. Die muurtjies in die groentetuin is gebou van klip en ons gebruik ou wingerdpale om groente teen te laat rank. Ek voel baie sterk daaroor dat ’n mens goed wat tot jou beskikking is, hergebruik eerder as om nuwes te koop.”

Die groente in die vier hoofbeddings word afgewissel om te keer dat die grond uitgeput raak. In die somer is daar aarbeie, rissies, tamaties, boontjies, spanspek, waatlemoen en nog vele meer. Wintertyd kry beet, wortels, spinasie, krulkool en blaarbeet ’n beurt. Sy kweek ook rabarber vir haar skoonma en radyse vir haar skoonpa.

“Vir grondvoorbereiding gebruik ek lae volgens die lasagne-metode. Onder kom ’n laag gruisklippies, daarna ’n laag hout. Ou wynbokse wat met verloop van tyd in kompos verander, word bo-op gepak en daarna kom lae van strooi en sandgrond waarop die beste gewei het. Heel laaste kry dit ’n laag komposryke grond,” verduidelik sy. “Ek saai nie al die saad op dag een nie, maar doen dit deurlopend om te verseker dat daar heeltyd iets is wat ons kan oes.”

Rigby geniet ’n kopkrap in die groentetuin, waar klipmuurtjies en strukture van wingerdpale hoogte gee.





Vingerhoedjie

Wortelblomme sorg vir hoogte in die bedding en is uitstekende plukblomme.



SKOENLAPPERTUIN



Omdat die oorspronklike plaastuin groot en taamlik "plat" is, was dit vir Gera belangrik om hoogte en terrasse te skep om dit meer dimensie te gee. Trappies wat die werknemers met leiklip van die plaas gebou het, lei na die effens hoër skoenlappertuin.

"Ons het dié tuin tydens Covid gemaak en die kinders het my daarmee gehelp, al was hulle toe nog baie klein. Dit was 'n wonderlike leerskool vir hulle. Hulle plant nou nog saadjies daar wanneer hulle tyd kry tussen hul skoolbedrywighede deur," vertel sy.

In die skoenlappertuin, wat getrou aan die naam skoenlappers, bye en ander insekte lok, is daar hoofsaaklik wit, blou en pers blomme. Ysterboë gee hoogte en word met sterjasmyn toegerank. Binne-in die formele beddings groei plante met die gevoel van 'n Engelse tuin, wat informeel en sag vertoon. Hier is onder meer wit vingerhoedjies (*Digitalis purpurea*), Chinese vergeet-my-nietjies (*Cynoglossum amabile*), wortelblomme (*Daucus carota*), salies (*Salvia*) en interessante uiebolle (*Allium*) wat uit Frankryk kom. >>

Gera se tuinraad

- Ken jou grond en ook die pH daarvan – sekere plante vaar beter in suur grond terwyl ander alkaliese grond verkies. Kwekerye verkoop meters wat dit maklik maak om die pH van jou grond te bepaal. Doen dit voor jy begin plante koop.
- Jou tuin is 'n uitbreiding van jou huis en daarom is dit belangrik om plante te kies wat vir jou mooi is. Plant blomme wat jy graag vir jou huis pluk en wat daarby pas. Ek dink spesifiek aan kleurskemas. As blou mooi inskakel by die interieur van jou huis, plant blomme in skakerings van blou.
- Wanneer jy 'n bestaande tuin wil vernuwe, haal eers alles uit waarvan jy nie hou nie en kies nuwe plante noukeurig. Moenie net iets indruk om die grond toe te maak nie.
- Maak steggies en versamel die saad van blomme waarvan jy baie hou – so het jy altyd genoeg van jou geliefkoosde plante.
- Wees georganiseerd. Plant saad en bolle op die regte tyd en sorg dat die plek waar jy jou tuingereedskap hou, netjies is. Maak die gereedskap skoon sodra jy klaar gewerk het en bêre dit op die regte plek. Dit maak tuinmaak soveel makliker en meer genotvol. 🏡

Madeiraklokkies
(*Echium fastuosum*)

Gunsteling en plantkeuses

Ouma Dolla se louriermagnolia is Gera se gunstelingboom. “Sy blomme is net sô verskriklik mooi en dit ruik heerlik – al hou dit net vir 'n dag as jy dit pluk.

“Rose is my gunstelingblomme. Ek hou baie van erfenisrose en Ludwig's se Panarosa-rose soos 'Comtesse Panarosa', 'Jean Geldenhuys' en 'Shirley Wallington'. Die wit krismisrose by die ingangstuin is vir my pragtig, so ook die vingerhoedjies waarmee ek grootgeword het, en die *Helleborus*, wat laatwinter blom.

“Verder is ek versot op bloeisels. Die kweperboom se groot wit bloeisels is vir my die heel mooiste. Sitrusbloeisels se geur kan met niks anders vergelyk word nie en kersie-, blomperske- en pruimbloeisels is ook pragtig. My liefde vir 'n bloeiseltak is een van die redes hoekom ek al die verskillende vrugtebome geplant het,” verduidelik sy.



Akelei
(*Aquilegia vulgaris*)



Dubbele akelei



Helleborus



Papaver
(*Papaver somniferum*)



Blouklokkiesbos
(*Mackaya bella*)



Stokroos
(*Alcea rosea*)



Chinese vergeet-my-nietjie



Wortelblomme



Blomappel

WIE WOON HIER?

Gawie en Renè Steyn, hul dogter Beate (15),
Tessa die bokser en Mila die Schnauzer

WAAR Kanoneiland, Noord-Kaap

GROOTTE Sowat 5 000 m²

OUERDOM VAN TUIN 35 jaar

GRONDTIPE Vrugbare slikgrond



Met water *uit die* Oranje

As jy op 'n eiland in 'n groot rivier woon, mág
jy maar 'n lowergroen grasperk hê!

Deur Marié Brody • Foto's Maria Botha



“Daar is niks wat vir my soveel lafenis gee soos 'n groen grasperk wat pas gesny is nie. Dit laat my somer koel voel!” vertel Renè Steyn, wat met water uit die Oranjerivier in hul droë klimaat tuinmaak.

“Ons het die huis in 1990 gekoop. Hier was net 'n klein grasperk, drie dadelpalms en 'n klompie struik wat ek nou nog in my tuin het. Die tuin het jaar na jaar ontwikkel soos wat ek lelke dele op die erf probeer wegsteek het. Ek het met die hulp van 'n vriendin beddings met 'n tuinslang uitgelê en elke jaar het dit net groter en meer geword.

“Die grasperk het ook groter geword en die kinders het kleintyd heerlik in die water op die gras gespeel wanneer dit ons waterbeurt was.” Sy verduidelik: “'n Gedeelte van die kanaal uit die Oranjerivier loop deur ons erf en in die somer maak ons een maal per week 'n sluis oop wat die grootste deel van die tuin vloedbesproei. Die res van die tuin word met 'n besproeiingstelsel of tuinslang natgehou – alles ook rivierwater. Deesdae besproei ons tussen nege-uur soggens en vieruur in die middag, omdat ons net sonkrag gebruik.”

Die eerste boom wat Renè geplant het, was 'n papierbas-doringboom (sien foto op bl. 108). “Dit is vandag 'n pragtige groot boom waaronder twee van ons kinders getrou het. En hoewel ryp die boom in die winter beskadig, loop dit elke lente weer uit.

“Ek het ook heelwat bome rondom die huis geplant vir skaduwee naby die vensters. Die witstinkhout (*Celtis africana*) is my gunsteling en die luiperdbome (*Libidibia ferrea*) met hul mooi wit stamme groei goed tussen die kantoor en die huis, waar dit effens beskut is teen ryp,” vertel sy. >>





Luiperdbome en koninginpalm
groeï saam in 'n steeg tussen
die kantoor en die huis.



'My Granny'-roos




Hondeoorplakkie (*Cotyledon orbiculata*
var. *oblonga*) en aantelrosie
(*Crassula capitella* 'Campfire')



'Deloitte & Touche'-roos



'Summer Snow'-roos
en heilige bamboes



Bougainvillea en
kruipvy (*Ficus pumila*)





Plantkeuses en onkruidbeheer

“Aanvanklik het ek heelwat plante gekoop en by vriendinne present gekry. Ons kry baie strawwe ryp in die winter, maar ek het gou uit my foute geleer en besef dit is beter om plante te kies wat in ons klimaat aard en bestand is teen ryp,” sê Renè. “Ek saai nie eintlik blomsaad nie, want in ons warm weer hou blomme nie lank nie. Vir meer plante verdeel ek my staatmakers. In so ’n groot tuin werk dit goed as jy baie van ’n soort in een bedding plant om die regte effek te skep. Struik soos blinkabelia en heilige bamboes, wat in die winter rooi verkleur, lyk mooi in groot groepe bymekaar.”

Renè gebruik grondbedekkers en deklae van pekanneutdoppe en houtsnysels, asook herfsblare wat in die beddings val, om onkruid te beheer. So bly die grond ook langer vogtig. “Omdat die water direk uit die rivier kom en nie gesuiwer word nie, het dit baie onkruidsaadjies in en is dit belangrik om die onkruid op dié manier te onderdruk. Plante wat goed werk as grondbedekkers is vlooiakruid (*Erigeron karvinskianus*), dwergmondogras (*Ophiopogon japonicus* ‘Kyoto’), perklerie (*Liriope muscari*) en blou swenkgras (*Festuca glauca*), asook sterjasmyn, wat laag gesny word. Deur die grond te bedek, skep dit ook ’n omgewing waarin mikro-organismes wat noodsaaklik is vir ’n gesonde tuin, kan floreer,” verduidelik sy. >>



Renè met twee van haar gunsteling: ‘Summer Snow’-rose en Mexikaanse salie (*Salvia leucantha*).

Daglelies



Die meeste plante in my tuin herinner my aan iemand of iets – soos die pers salie wat my aan ons seun Anton herinner. Dit lê my baie na aan die hart. – Renè



Papierbasdoring



Nie alles in die tuin kry gereeld water nie. Dié vetplantbedding word selde natgemaak en floreer in die warm klimaat.




Die woonhuis (die oorspronklike een op die eiendom) is op hoër klipbanke gebou om dit te beskerm teen vloedskade wanneer die Oranjerivier sy oewers oorstrom. Voor die huis groei wit 'Icebergs' met 'My Granny'-rose onderlangs.



Ons het gelukkig baie water, want *dit* word *geweldig* warm in die somer. Dan moet ons die tuin gereeld natmaak. – Renè

Dié paadjie van plaveiblokke met dwergmondgras tussenin lei na 'n lowergroen grasperk omraam deur groot struik en twee dadelpalms (*Phoenix dactylifera*) wat reeds voor die Steyns op die erf was.




Pure plaas

Die Steyns boer met wingerd, waarvan hulle die druiwe uitdroog vir rosyne. Aangesien die boerdery ten volle organies is, maak Renè volgens dieselfde beginsels tuin. Om haar tuin te voed, gebruik sy kompos en voedingstowwe wat Gawie self maak, asook wurmkompos van haar wurmplaas. Wanneer 'n plant siek lyk, sal Gawie kom kyk en vir haar een van sy organiese mengsels bring om dit mee te bespuit.

Dit is vir Renè heerlik om veral soggens vroeg in die tuin te werk. “Ek trek gereeld onkruid uit en is lief vir snoei en om nat te lei. Die tuin is nou goed gevestig en ek kan staatmaak op Gerrit King wat my elke dag help. Tussen die twee van ons is dit maklik om netjies te hou. Ons het ook nou 'n klein trekker waarmee Gerrit die groot grasperk sny – iets wat hom in die verlede twee dae gekos het!”

Dié plaastuin lê vir Renè en haar gesin baie na aan die hart en is 'n skatkis van herinneringe. Haar dogter Deleen-Marié sê haar ma is al vandat sy kan onthou, altyd buite besig. “Die tuin is 'n verhaal van waar ons was en wat ons beleef het. As kinders het ons kriedek op die groot grasperk gespeel, en dit was net 'n seshou as jy die bal in die swembad slaan,” vertel sy. “Niks in die tuin is groot gekoop nie, alles het saam met ons grootgeword en sommige goed het jare later selfs 'n tweede lewe gekry – soos die tuinhekkies van 20 jaar gelede wat nou 'n kaal muur versier.”



Dié tuinhekkies het nou 'n tweede lewe as muurversiering.

RENÈ SE GUNSTELINGE

- Die witstinkhout (*Celtis africana*)*, apiesdorings (*Senegalia galpini*)* en die papierbasdoringboom (*Vachellia sieberiana* var. *woodii*)*
- Die koninginpalms (*Syagrus romanzoffiana*) vir hul pragtige stamme. “Moet dit net nie naby 'n swembad plant nie – die vruggies val af en verstop die swembadskoonmaker,” sê sy.
- Struik soos Indiese meidoring (*Rhaphiolepis indica*), heilige bamboes (*Nandina domestica*), blinkabelia (*Abelia x grandiflora*), blomkweper (*Chaenomeles lagenaria*) en poniestertpalm (*Beaucarnea recurvata*) aard almal goed in die klimaat. Hulle kan in volson groei en is rypbestand.
- ‘Summer Snow’ is Renè se gunsteling-roos. Dit kry feitlik geen siektes nie, is omtrent heeljaar mooi en dra geen dorings nie. ‘My Granny’ is ook vir haar mooi en verg min onderhoud.
- Klimplante soos sterjasmyn (*Trachelospermum jasminoides*) en bloureën (*Wisteria sinensis*), wat kleur gee in die lente. Die bloureën herinner haar aan dié klimplant voor Oranje-Meiskool se koshuis waar sy tydens haar skooljare tuisgegaan het. Sy is ook baie lief vir 'n bougainvillea en het van hulle geplant, al is dit nie rypbestand nie.
- *Ruscus aculeatus* groei goed onder die papierbasdoring en is heeljaar groen, terwyl daglelies (*Hemerocallis*), agapante (*Agapanthus*)* en salies (*Salvia*) vol in die blom is in die somer.

* inheems 📍



Die hondeoorplakkie se klokvormige blommetjies.



Aanteelrosie



Correa alba



Mexikaanse salie



'Burgundy Iceberg'-roos



Gerrit King



Vlooi kruid



Mexikaanse salie



Vygies floreer in die warm klimaat.

KOLLIG OP KAAS

AARBEI-EN-BEETSLAAI MET
GEKRUMMELDE BOKKAAS-BALLETJIES

Resep op bl. 114



KAAS is baas!

Bo-op of binne-in, gerasper, gesmelt, gesprinkel of
net eenvoudig in alles – met kaas kan mens toor.

GESTOPTE VARKNEK MET
EMMENTAL-KAAS EN UIESMOOR

Resep op bl. 114



Aarbei-en-beetslaai met gekrummelde bokkaas-balletjies

Dié besondere happies kan ook as deel van 'n kaasbord voorgesit word. Moenie skrik vir die lang bestanddelelys nie, dit is eintlik baie eenvoudig en jy kan selfs gekoopte slaaisous gebruik as jy 'n gunsteling het.

Genoeg vir 4-6 as bykos • Bereidingstyd: 30 minute
Gaarmaaktyd: 10 minute

BOKKAASBALLETJIES

• 2 rolletjies (100 g elk) sagte Chevin-bokmelkkaas (jou gunsteling-geur)

- sowat 125 ml koekmeel
- 2 eiers, geklits
- sowat 250 ml panko-broodkrummels
- canola-olie vir braai

HEUNINGSLAISOUS

- 125 ml olyfolie
- 15 ml heuning (of meer na smaak)
- 10 ml korrelmosterd
- 60 ml rooiwynasyn
- 'n knippie droë knoffel
- 'n knippie droë rissievlokkies

SLAAI

- 80 g wilde (of gewone) roketblare
- ½ rooi ui, fyngekap
- 8 aarbeie, in skyfies gesny
- 8 gaar baba-bete, gehalveer
- 80 g eetbare blommetjies, of ekstra slaai

1 Sny die rolletjies kaas met 'n skerp messie in 12 ewe groot skyfies. Rol elke skyfie in 'n netjiese balletjie.

2 Rol die balletjies eers in meel, dan in die eier en broodkrummels tot al 24 happies heeltemal bedek is. Jy kan tiemieblaartjies of sesamsaadjies by die broodkrummels voeg as jy wil.

3 Verhit 1 cm olie in 'n pan en braai die balletjies in die warm olie tot oral goudbruin en bros. Werk in sarsies en dreineer op handdoekpapier. Onthou om die gaar balletjies met sout en peper te geur.

4 Meng die slaaisous-bestanddele in 'n skroefdoeples, voeg 'n knippie sout ook by, maak toe en skud goed.

5 Meng die helfte van die slaaisous met die roketblare, ui en aarbeie en rangskik saam met die blommetjies en beet op 'n mooi dienbord. Sit die warm kaasballetjies net voor opdiening bo-op met die ekstra slaaisous by vir selfhelp aan tafel. 'n Strooisel geroosterde neute is 'n opsionele ekstra.

WENKE Wees op die uitkyk vir vakuümverpakte gaar beet by jou supermark as jy nie lus het om jou eie beet te kook nie. Onthou net om die beet met sout en peper te geur. Anders as gebottelde beet wat in 'n pekel lê, het dit 'n skoon smaak wat wonderlik werk saam met die slaaisous sonder om ekstra suurheid by te voeg.

• Jy kan die kaasballetjies ook in die lugbraaier berei: Spuit oral met olyfolie (sonder die olie sal verbruining stadig wees) en lugbraai by 180°C vir sowat 5 minute. Draai die balletjies versigtig om en oorweeg nog 'n minuut of twee soos nodig. Omdat die balletjies so klein is en lugbraaiers verskil, proe gerus as jy onseker is.

Gestopte varknek met Emmental-kaas en uiesmoor

Ons *Tuis*-redaksie het onlangs middagete geniet by die Orangerie-restaurant op die asemrowende Le Lude-wynlandgoed in Franschhoek. Sjie Nicolene Barrow se tradisionele Franse uiesop met gesmelte Emmental-kaas was die dis van die dag en dit is dié sop se geure wat hierdie vulsel geïnspireer het.

Genoeg vir 6 ruim porsies • Bereidingstyd: 45 minute
Gaarmaaktyd: 2 uur • Oondtemperatuur: 170°C

SMOOR

- 2 groot uie, gehalveer en dungsny
- 30 ml olyfolie
- 4 takkies tiemie, blaartjies gestroop
- 2 klein pienk of suur groen appels, in blokkies gesny
- 80 ml soet sjerrie
- 80 ml appelsyn

- 80 ml ligbruin suiker
- 'n knippie rissievlokkies
- 15 ml worcestersous

VLEIS

- 1,5 kg ontbeende varknek
- 150 g Emmental-kaas, grofgerasper
- 15 ml olyfolie
- 250 ml droë sider
- 3 lourierblare

1 Sit die uie in 'n dikboompan met 125 ml kookwater en laat kook droog. Voeg die olyfolie en tiemie by en braai die uie tot dit net begin kleur kry, sowat 10 minute, hou die hitte laag. Roer die res van die bestanddele behalwe die worcestersous by en roer tot die suiker opgelos is. Laat prut rustig tot dik en stroperig, minstens nog 10 minute. Roer gereeld om te keer dat dit aanbrand. Geur met die worcestersous en 'n knippie sout en laat afkoel.

2 Vlek die vleis versigtig oop met 'n skerp mes. Begin met 'n keep aan die sykant en vlek die vleis in fases heeltemal oop terwyl jy dit "ooprool" (amper soos 'n nuwe rol kombuispapier). Die idee is om die vleis oral ewe dik te hê sodat die vulsel eweredig versprei kan word wanneer dit opgerol word.

3 Sodra die vleis in 'n plat reghoek voor jou lê, smeer die koue uiesmoor oor die oppervlak en strooi die kaas oor in 'n eweredige laag. Rol die vleis in 'n netjiese rol en bind vas met lengtes kombuistou, sowat 2 cm uit mekaar. Vryf die buitekant van die rol met 'n bietjie olyfolie en geur met sout en peper.

4 Voorverhit die oond. Braai die vleis intussen in 'n vuurvaste skottel tot dit oral 'n mooi bruin kleur het. Voeg die sider en 'n paar lourierblare by. Maak styf toe met 'n deksel (of foelie) en bak vir 1 uur 30 minute. Skakel die oond af en laat die vleis rus vir 15 minute voordat jy dit sny.

Varkworsrolletjies met jalapeño en cheddar

Die warm pasteitjies is heerlike inpakkos of snoephappies.

Genoeg vir 20-24 pasteitjies • Bereidingstyd: 20 minute
Gaarmaaktyd: 25 minute • Oondtemperatuur: 180°C

- sowat 120 g cheddar
- 1 rol (400 g) bevrore blaardeeg, ontvries
- 8 vars varkworsies (sowat 500 g), vel verwyder
- 1 ingelegde jalapeño, gekap (met of sonder die pitte)
- 1 klein eier, geklits
- 5 ml swart sesamsaadjies

1 Sny agt stafies kaas van 1 cm dik en 8 cm lank en kap die res in klein blokkies.

2 Voorverhit die oond. Rol die blaardeeg oop op die werkkoppervlak. Ons s'n was ongeveer 23 x 36 cm groot; rol die deeg dunnier as jy 'n korter deegvel het.

3 Sny die deeg met 'n skerp mes in die middel deur om twee lang stroke te kry. Meng die worsvleis met die jalapeñosukkies en kaasblokkies. Verdeel in twee en versprei in die middel van elke voorbereide deegstrook. Los 'n rand van 1 cm alkant van die vleis oop.

4 Rangskik die kaasstafies in die middel van die vleis in 'n lang lyn op albei stroke. Verf 'n bietjie eier op die oop rande rondom die vleis.

5 Vou die deeg versigtig van een kant oor die vleis na die ander kant en vorm so twee lang worsrolle. Gebruik 'n klein vurkie om die kante waar die deeg bymekaarkom aan mekaar vas te druk.

6 Sny die lang worsrolle in die helfte deur en verskuif die vier stukke na 'n bakplaat wat met bakpapier uitgevoer is. Sny elke lengte in 5 of 6 klein worsrolletjies sonder om dit van mekaar weg te skuif – dit keer dat die gesmelte kaas te veel uitloop. Verf die pasteitjies met eier, strooi die sesamsaadjies oor en bak tot goudbruin en deurgaar, sowat 35 minute. >>

Oondhoender met gort, peer en romerige bloukaassous

“Gebakte pere” en “die gort is gaar” klink dalk soos ’n spreekwoordelike ramp, maar die kombinasie saam met romerige bloukaassous is uit die boeke. Proe is glo!

Genoeg vir 6 • Bereidingstyd: 45 minute • Gaarmaaktyd: 1 uur 10 minute
Oondtemperatuur: 180°C

- 1 heel plathoender
- 3 ml elk rooipeper, paprika en tiemie
- 5 ml elk fyn koljander en komyn
- 45 ml olyfolie
- 3 ryp pere
- 1 ui, in kwarte gesny
- 2 lourierblare
- 300 ml droë witwyn
- 15 ml botter
- 1 ui, gekap
- 1 wortel, fyngesny
- 1 stingel seldery, gekap
- 2 knoffelhuisies
- 250 ml gort
- 750 ml hoenderaftreksel, warm
- 15 ml gekapte platblaarpietersielie
- 200 g romerige bloukaas, gekrummel
- 150 ml suurroom
- ’n strooisel gesnipperde grasuie
- ’n hand vol babaspinasieblare

1 Voorverhit die oond. Verwyder die hoender se rugbeen en hou eenkant. Meng die speserye saam. Vryf die hoender oral met 15 ml olyfolie en geur met die speserymengsel, sout en vars gemaalde swartpeper na smaak. Sit die hoender velkant na bo op ’n draadrakke oor ’n oondroosterpan. Sny 1 van die pere in kwarte en sit saam met die behoue rugbeen, ui, lourierblare en wyn in die pan. Bedek met foelie en rooster die hoender oor die pan vir sowat 45 minute. Bedruip en bak oop vir nog 15 minute of tot goudbruin en gaar.

2 Smelt die botter en oorblywende olyfolie saam en braai die ui, wortel en seldery saam tot glansend, minstens 5 minute. Roer die knoffel en gort by en roerbraai vir nog 5 minute tot die korrels oraloor met geurige olie bedek is soos wanneer jy risotto maak. Voeg al die warm aftreksel by en bring tot kookpunt. Verlaag die hitte en laat prut oop tot die aftreksel geabsorbeer en die gort gaar is. Dit neem sowat 30 minute, maar proe gerus na 20 minute en oordeel of dit gereed is. Verwyder van die hitte, geur met sout en peper na smaak en strooi die pietersielie oor.

3 Sny die twee oorblywende pere in skyfies van 5 mm dik en rooster op ’n riffelpan tot daar mooi skroeylentytjies alkante is. Meng met die gort.

4 Haal die hoender uit die oond sodra dit gaar is en hou warm. Giet die pansappe in die roosterpan versigtig deur ’n sif in ’n maatbeker. Skep die oortollige vet op die oppervlak af. Jy benodig sowat 125 ml. Verhit die pansous in ’n kastrolletjie saam met die helfte van die gekrummelde bloukaas en roer tot die kaas smelt. Voeg die suurroom by en verhit tot deurwarm sonder om te kook. Maak dadelik met ’n staafmenger glad. Geur na smaak met sout en peper en strooi die grasuie oor.

WENK Ek hou daarvan om van die gaar ui en peer uit die roosterpan ook saam fyn te maak. Dit verdik die sous en gee ’n soet smakie.

5 Skep die warm pere en gort op ’n groot dienbord en rond af met die babaspinasieblare. Skep die oorblywende bloukaas oor en sit saam met die gaar hoender en bloukaassous voor. >>





Camembert-en-dadel-krans

Met of sonder dié broodkrans is 'n gebakte camembert verruklik.

Genoeg vir 6-8 as voorgereg • Bereidingstyd: 40 minute, rystyd uitgesluit • Gaarmaaktyd: 30 minute • Oondtemperatuur: 180°C

- 250 g camembert
- 3 skyfies prosciutto crudo, Parma- of Swartwoud-ham
- 3 dadels, ontpit en fyngeskap
- 8 pekanneute, gekap
- 10 ml soetwyn of soet sjerrie
- 30 ml mascarpone (opsioneel)
- 600 g klaargekoopte brooddeeg, kamertemperatuur
- 60 ml gesmelte botter
- 'n bietjie melk
- 'n strooisel papawersaad

1 Sny die bokant van die camembert versigtig af met 'n skerp mes. Hou die “deksel” eenkant. Skep die sagte vulsel van die kaas uit in 'n bak. Snipper een van die skyfies ham en voeg by saam met die gekapte dadels, neute, soetwyn en mascarpone. Meng goed deur en skep terug in die kaasdop. Sit die deksel op en vou toe in die ham. Dié gevulde ham kan net so in 'n bakkie gebak word as kaasfondue saam met broodstokkies. Alternatief: Sny die vulsel met die wit kaasrand uit om 'n kaasdop te vorm, kap die wit randjie op en meng saam met die sagte vulsel met die res van die lekkerbek-bestanddele soos bo. Skep die vulsel terug in die kaasdop. Sit die gevulde kaas met die twee oorblywende skyfies ham om dit gevou soos 'n kombersie in die middel van 'n 28 cm-koekpan.

2 Vorm die brooddeeg in bolletjies. Hou die bolletjies klein, net kleiner as 'n tafeltennis-balletjie. Smeer botter aan jou hande sodat die bolletjies mooi gesmeer is, en rangskik dit dan rondom die gevulde kaas om 'n krans te vorm. Laat die broodkrans rys tot poffierig, sowat 20 minute. Dit sal nie heeltemal verdubbel nie, maar moet beslis lyf kry.

3 Voorverhit die oond. Verf die broodbolletjies met 'n bietjie melk en strooi papawersaad oor. Bak vir 30-35 minute of tot die brood gaar en uitgersy is en die kaas smeltsag is. As jy bang is die kaas se kleur raak te vinnig donker in verhouding met die brood, kan jy die kaas bedek met 'n vel foelie.



Hoenderpannekoek met kaas en ham

Die sous is ook lekker saam met gestoomde broccoli of blomkool as bykos.

Genoeg vir 6-8 pannekoeke

Bereidingstyd: 40 minute, plus 30 minute rustyd as jy wil

Gaarmaaktyd: 30 minute

PANNEKOEKESLAG

- 2 eiers
- 250 ml meel
- 300 ml melk
- 60 ml olie
- 5 ml brandewyn (opsioneel)

BESTE KAASSOUS

- 50 ml botter
- 50 ml meel
- 400 ml melk
- 1 lourierblaar
- sout, witpeper en neutmuskaat na smaak
- 5 ml Dijon-mosterd
- 250 ml gerasperde gruyère of skerp cheddar

VULSEL

- 8 snye gypsy-ham (of meer as jy wil)
- 2 gaar hoenderborsies, gekap
- 1 sprietui, gekap

1 Klits die eiers, meel, melk, olie en brandewyn saam en voeg 'n knippie sout by. Giet die beslag deur 'n sif. Laat rus in die yskas vir 30 minute.

2 Verhit 'n pannekoekpan (myne is 24 cm groot) tot warm, smeer met olie en skep 'n soplepel beslag in die pan. Draai die pan sodat die bodem bedek is. Braai vir 'n minuut of twee, keer om en braai die ander kant. Skep uit en herhaal tot die deeg op is.

3 Smelt die botter in 'n kastrol. Gooi sodra dit skuim die meel by en roer dit saam om 'n roux te vorm. Braai vir 'n minuut. Klits die melk met 'n draadklitser in 'n straaltjie by en hou aan roer totdat die sous glad is en begin kook. Voeg die lourierblaar by, verlaag die hitte en laat prut vir 5 minute of tot jy nie meer meel kan proe nie. Geur ruim met sout, peper en neutmuskaat. Verwyder die sous van die plaat en roer die mosterd en helfte van die kaas by tot gesmelt.

4 Skep 'n lepel vol kaassous op elke pannekoek saam met een of twee skyfies ham, 'n porsie hoenderblokkies en 'n strooisel sprietuie. Vou in kwarte en herhaal tot al die pannekoeke en vulsel opgebruik is. Sit dadelik voor met 'n strooisel ekstra kaas.

Maklike maaskaas-platbroodjie

Daar is 'n legio weergawes van dié resep aanlyn, maar die meesterbrein is glo Francesca Aralla van @healthyMumWay. Haar resep het soos 'n veldbrand versprei, is vol proteïene en 'n plaasvervanger vir 'n broodjie of tortilla. So slim!

Genoeg vir 2

Bereidingstyd: 20 minute

Gaarmaaktyd: 40-45 minute

Oondtemperatuur: 180 °C

- 1 houertjie (250 g) volroommaaskaas
- 2 groot eiers
- 'n knippie van jou gunsteling-speserysout
- 5 ml olyfolie
- 'n strooisel vars platblaarpietersielie (opsioneel)

1 Voorverhit die oond. Verwerk die maaskaas en eiers saam met jou gunsteling-speserye na smaak tot glad. Voer 'n middelslag-bakplaat uit met bakpapier en smeer met die olyfolie. Strooi die pietersielie oor indien jy dit gebruik en giet die beslag versigtig oor die kruie. Smeer eweredig glad en bak vir 40-45 minute tot goudbruin en gaar. Laat effens afkoel en vul.

2 Ek hou daarvan om dit in die helfte te sny, die vulsel op te pak en dan die twee helftes apart op te rol en soos 'n "wrap" te eet, maar jy kan die twee helftes ook net toevou oor 'n vulsel om 'n platbroodjie te maak aangesien die gerolde weergawe kan kraak. Nog 'n manier om dit te gebruik is om dit in kwarte te sny en die blokke soos snye brood te hanteer. Dit is so veelsydig!

TUNAMAYO-VULSEL

Genoeg vir 2

Meng 1 blik (170 g) **tuna** (gedreineer) met 45 ml romerige **mayonnaise**, 15 ml **tamatiesous**, 'n skeutjie **brandrissiesous** ("hot sauce") en geur goed met **sout en peper**. Smeer oor die maaskaas-platbroodjie. Pak 1 **avokado** wat in skyfies gesny is en met **suurlemoen-sap** besprinkel is bo-op tesame met 100 g **fetaskyfies**, 2 **radys** in dun skyfies gesny, 'n paar skyfies **gepekelde uitjies** en 'n paar vars **babaspinasieblare**.

Vir knars, eindig met 'n strooisel van jou lekkerste "trail mix" met **neute, sade, goji-bessies** en **gedroogde bosbessies**. Vou toe en geniet dit!

Kaasgevulde paptert

Berei gerus die tert vooraf en rooster net voor opdiening vir 'n moeitelose bygereg by die braai. Dit is veral lekker saam met boerewors en tamatiesmoor.

Genoeg vir 12 as bykos

Bereidingstyd: 1 uur

Gaarmaaktyd: 40 minute

Oondtemperatuur: Rooster

- 30 ml botter
- 500 ml water
- 250 ml melk
- 3 ml sout
- 375 ml mieliemeel
- 125 ml pamesaankaas
- 250 ml gerasperde mozzarella
- 125 ml gerasperde cheddar
- 15 ml olyfolie
- 6 murgpampoentjies, helfte in ringetjies gesny en helfte in linte
- 2 knoffeltoontjies, gekap
- 5 ml gerasperde suurlemoen-skil
- 'n strooisel vars basilieblare

1 Smeer 'n diep reghoekige oondbak met die helfte van die botter. Jy kan dit eers met bakpapier uitvoer as jy wil. Kook die water, melk en sout saam. Sodra dit borrel, klits jy die mieliemeel geleidelik by met 'n ballonklitser om te keer dat klonte vorm. Draai die hitte laer en laat prut met die deksel op tot gaar – sowat 30 minute, maar raadpleeg gerus die verpakking. Wanneer dit van die rande begin wegtrek, is dit reg. Roer die pamesaankaas by en giet dadelik die helfte in die voorbereide pan. Stip die oppervlak met botter en smeer gelyk – die botter help dat die pap nie aan die lepel vassit nie en smaak heerlik. Meng die mozzarella en cheddar en strooi 250 ml daarvan in 'n lagie oor die pap. Skep dadelik die oorblywende pap in hopies bo-op en smeer gelyk voor dit stol en sonder om die kaas te versteur. Werk vinnig. Laat vir 30 minute afkoel tot gestol.

2 Braai intussen die murgpampoentjies en knoffel in die olyfolie tot glansend en gaar, sowat 10 minute. Geur met die suurlemoen-skil, sout en peper en laat effens afkoel.

3 Keer die pap uit op 'n bakplaat en sny in porsies. Strooi die oorblywende kaas oor en rooster onder die oond se roosterelement tot die kaas borrel en die pap deurwarm is. Sit voor saam met die gebraaide murgpampoentjies en 'n strooisel vars basilie. 🏠



WENK Alternatiewelik kan jy die pannekoeke en vulsel oprol, maar 125 ml sous behou. Rangskik die gevulde pannekoeke in 'n oondbak. Smeer die sous oor, bestrooi met kaas en rooster onder die roosterelement tot die kaas borrel.

MAKLIKE MAASKAAS- PLATBROODJIE



Deur Johané Neilson
Foto's ER Lombard

Hertzoggies

Bak vir Erfenismaand
(en net wanneer jy wil)
dié ikoniese soetigheid met
sy kleurvolle geskiedenis.

Genoeg vir 24 • Bereidingstyd: 30 minute, plus rustyd • Baktyd: 20-25 minute • Oondtemperatuur: 180°C

- 2 koppies (500 ml) koekmeel
- 7,5 ml bakpoeier
- 45 ml strooisuiker
- 'n knippie sout
- 125 g botter, kamertemperatuur
- 3 ekstra groot eiers, geskei
- 45 ml yswater
- 5 ml vanieljegeursel (of gerasperde suurlemoenskil of knippie neutmuskaat)
- sowat 200 ml gladde appelkooskonfyt, bessiekonfyt of geblikte karamel
- 3 ml vars suurlemoensap
- 250 ml witsuiker
- 500 ml fyn klapper
- Variasies: 5 ml vanieljegeursel, roosstroop of kakao



1 Sif die meel, bakpoeier, suiker en sout saam en vryf die botter in totdat dit soos droë broodkrummels lyk. Meng die eiergele en yswater by, sowel as die vanielje, suurlemoenskil of knippie neutmuskaat as jy wil. **2** Druk alles saam en knie liggies tot 'n sagte deeg vorm. Druk die deeg plat in 'n skyf, bedek met bakpapier en laat rus in die yskas vir 20 minute.

3 Voorverhit die oond. Rol die deeg dun uit met 'n rolstok. Druk sirkels net groter as die holte van 'n vlak muffinpan uit en voer die holtes van 'n gesmeerde vlak muffinpan daarmee uit. Druk die oorskietdeeg weer bymekaar, rol uit en sny verder sirkels uit.



4 Skep 'n lepeltye konfyt (of karamel) in die middel van die deegsirkel in elke holte. **5** Klits die eierwitte saam met 'n paar druppels suurlemoensap in 'n skoon mengbak tot dit sagte punte vorm. Klits lepel vir lepel die suiker by tot blink en styf. Voeg die klapper en 'n knippie sout by en vou tot ingemeng.

6 Skep 'n lepel vol klappermeringue bo-op elke gevulde tertjie en bak vir 20-25 minute of tot gaar. Laat afkoel op 'n draadrakie en bedien teen kamertemperatuur. 🏠

Het jy geweet?

Hertzog-koekies is oorspronklik deur generaal J.B.M. Hertzog se wit ondersteuners gebak. Toe hy in die 1920's onder meer belooft vroue sou stemreg kry, het Kaaps-Maleise vroue dit ook geesdriftig begin bak. Na verbreekte beloftes in die parlement het hulle uit protes dié konfyttertjies voortaan met konfyt aan die een kant en klappermeringue aan die ander kant gevul of selfs verder gegaan en die bokante met helfte pienk versiersel en die ander helfte met bruin bedek. En dié het hulle tweegevrietjies gedoopt.

Variasies

Vir roosgegeurde meringue, vou 'n lepeltye roosstroop by (lekker saam met bessiekonfyt). Vir sjokolademeringue werk 'n lepeltye kakao goed (lekker saam met karamel). En les bes, 'n lepeltye vanielje is 'n wenner saam met klassieke appelkooskonfyt.





Kos is op die tafel!

Hoender-en-kruie-pasta

Onder R120 • Genoeg vir 4 • Bereidingstyd: 30 minute
Gaarmaaktyd: 20 minute

- 2 hoenderborsfilette, in blokkies gesny
- 30 ml olyfolie
- 4 groot murgpampoentjies, gekap
- 250 ml room
- 400 g linguini
- 80 g basilieblare
- 60 ml geroosterde amandels, gekap
- 1 ansjovisfilet, gekap
- 30 ml gerasperde parmesaan
- 60 ml olyfolie
- gerasperde skil van 1 suurlemoen

1 Meng die hoender met die olyfolie en geur ruim met sout en peper. Braai in 'n groot dikboompan tot die blokkies goudbruin en gaar is. Skep uit en braai in dieselfde pan die murgpampoentjies tot gaar en sag.

2 Giet die room by sodra die murgpampoentjies mooi kleur het. Kook intussen die pasta in soutwater tot al dente.

3 Verwerk die basilie, amandels, ansjovis, kaas en olie saam met 'n ruim skeutjie pastawater tot dit die tekstuur van pesto het. Meng in by die pastasous en geur met sout en peper.

4 Dreineer die pasta en meng saam met die hoender deur die murgpampoentjiesous. Sit dadelik voor.

WENK As die tyd knyp, kies kortpad met gekoopte basiliepesto.

Groentepastei

Onder R105 • Genoeg vir 4 • Bereidingstyd: 40 minute
Gaarmaaktyd: 30 minute • Oondtemperatuur: 200 °C

- 250 ml botterskorsieblokkies
- 250 ml patatblokkies
- 12 sampioene, gehalveer
- 15 ml olyfolie
- 30 ml botter
- 2 preie, wit dele gekap
- 2 knoffelhuissies
- 45 ml meel
- 250 ml flou aftreksel (groente of hoender)
- 250 ml melk
- 30 ml gekapte platblaarpietersielie
- 1 rol (400 g) blaardeeg, ontdooi en in hartjies gesny
- 'n bietjie geklitste eier
- 5 ml sesamsaadjes

1 Voorverhit die oond. Meng die botterskorsie, patat en sampioene met die olyfolie, geur met sout en peper. Versprei in 'n geskikte pasteibak en bak vir 20 minute, of tot gaar en sag. (Jy kan dit ook in die mikrogolf stoom as jy verkies.)

2 Smelt die botter in 'n kastrol en braai die preie en knoffel saam tot geurig. Roer die meel by om 'n roux te vorm. Klits die aftreksel en melk by om 'n gladde sous te vorm. Kook vir 3 minute en verwyder van die hitte.

3 Giet die sous oor die geroosterde groente, strooi die pietersielie oor en laat effens afkoel. Bedek vinnig met blaardeeghartjies, verf met eier, strooi sesamsaadjes oor en bak vir 25 minute of tot gaar en uitgerys. Bedien warm.



Slaai met songedroogde tamaties, varkfilet en koeskoes

Onder R180 • Genoeg vir 4 • Bereidingstyd: 25 minute • Gaarmaaktyd: 20 minute

- 250 ml koeskoes
- 30 ml olyfolie
- 250 ml kookwater
- 120 g songedroogde tamaties in vinaigrette
- 1 groot varkfilet (sowat 400 g)
- 250 ml kookwater
- 1 blik (400 g) kekerertjies, gedreineer
- 80 g wilde roketblare
- 100 g gevulde groen olywe ("buffet olives"), gehalveer
- 100 g romerige feta, gekrummel
- 125 ml gemengde neute en saadjies, gerooster

1 Meng die droë koeskoes met die olyfolie en werk met 'n vurk deur. Giet die kookwater oor die koeskoes en bedek met 'n lugdigte deksel. Laat staan vir 8 minute sodat dit kan stoom. Woel die korrels met 'n vurk los, geur na smaak met sout en peper en hou eenkant.

2 Dreineer die tamaties (hou die vinaigrette) en knip kleiner met 'n kombuisskêr. Meng 45 ml vinaigrette met die filet, geur goed met sout en peper en braai in 'n dikboompan tot oral goudbruin en gekaramelliseer. Sodra die vleis gebraai is met 'n mooi kors reg rondom, giet ½ koppie kookwater in die pan en sit die deksel op. Stoombraai die vleis vir 10 minute. Draai die vleis om, voeg nog 'n skeutjie vinaigrette by, verwyder van die hitte en laat die vleis toe om te rus vir nog 'n paar minute om te verseker dit is deurgaar, maar steeds sappig.

3 Meng die gaar koeskoes met die kekerertjies, olywe, roket, feta en neutmengsel. Sny die vleis in dun skyfies en rangskik saam met die songedroogde tamaties en enige oorblywende vinaigrette op die slaai. Sit loutewarm voor. 🏠

Vars varkvleisfeite
wat jou sal verras!

VARKVLEIS WORD AS ROOIVLEIS GEKLASSIFISEER

Die klassifikasie van varkvleis as rooivleis spruit uit die hoër mioglobieninhoud daarvan as hoender of vis.

In samewerking met **Universiteit Stellenbosch**
se Afdeling Menslike Voeding

Gemiddelde
porsiegrootte: 90g

www.sapork.co.za

Skandeer my vir meer inligting.



Varkvleis-lekkerte!

Kos & drank

Deur Johané Neilson • Foto's verskaf



Olivia Princess- fluitende
stoofplaatketel (2.5L)
R1 399, yuppiechef.com



La Motte Estate Blend Olive Oil (500 ml, R350, la-motte.com) is 'n eerste vir dié wynlandgoed. Die elegante donkergroen bottel en geurige smaak maak dit die ideale geskenk vir fynproewers.



Jamie Oliver Big Love-erdeware is nou in SA! Die vrolike stukke in dromerige pastelle is ontwerp om in kos te maak, in voor te sit en mee te spog. Die Proper Pie Dish (28 cm, R649) en Pinch-Me-Pots (R499, stel van 3) is 'n aanwinst vir enige kombuis. Besoek yuppiechef.com.



Kuns in 'n bottel

Die 2024 Pierneef Sauvignon Blanc (R180) is 'n verfynde apytwekker wat die perfekte pasmaat vir seekos en vars slaai is. Die mineraal-ondertoon laat dit ook goed werk saam met geure wat moeilik is om te komplementeer soos tamaties en sterk gekruide kos. Besoek la-motte.com.



PROPVOL GEUR

Yotam Ottolenghi, wat bekend is vir sy geurkombinasies en Midde-Oosterse en Mediterreense kookkuns, bied nou van sy mees ikoniese geurprofile in 'n nuwe reeks pastasouse, pesto en smeersouse. Die Pomegranate, Rose & Preserved Lemon Harissa (R129.99 vir 170 g, woolworths.co.za) se soet en pikante geur is heerlik saam met geroosterde hoender.



Lentepatrone

Dek 'n vrolike lentetafel met 'n nuwe blokgedrukte tafeldoek van 100% katoen (groottes begin by 150 x 230 cm; van R795, indiaink.co.za) in Floral Orchid Mustard (*bo*) of Delicate Paisley Blue (*links*).



Rhythm-tafeldoek in pienk (150 x 150 cm; beskikbaar in 5 groottes en 4 kleure van R1 100, hannahclairecreations.com



Martinique-oondhandskoen R59.99, mrphome.com



"It's all about that taste"-spatel R34.99, pepstores.com



Eikendal Méthode Cap Classique Brut 2023 (R340, eikendal.com) word gemaak van 100% Chardonnay-druïwe. Geniet dit net so of saam met oesters, gorgonzola-sampioene of brie gebak met frambose.




'N GLASIE WIT, DANKIE Steenberg Black Swan Sauvignon Blanc 2024 (R295, steenbergfarm.com) FRICA het ondertone van kappertjies, vars aspersies en soetrissie op die neus en is 'n wonderlike koswyn.



Die nuwe reeks bevrore plaasstyl-etes van Babylonstoren is ontwikkel deur hul sjefs en spog met die beste bestanddele – wat of gekweek of grootgemaak is op die plaas of plaaslik ingekoop is. Oom Roelof se Chianina-bieflasagne is een van ons gunsteling. Bestel by shop.babylonstoren.com.



Dis klassiek



Tradisie met 'n kinkel

VIER ERFENISMAAND MET SA KOOKBOEKE!

- Ken jy die verskil tussen vetkoek en amagwinya? En tussen koeksisters en koesisters? *Timeless South African* (R480, Penguin Random House) deur een van ons gunsteling-kosmense, Ilse van der Merwe, plaas 101 ikoniese SA geregte in die kollig. Dié kosboek met sy interessante stories oor ons ryk, uiteenlopende kultuurgeskiedenis, vier die uniekheid van ons kulinêre tradisies. "Hoe meer ons ons kos en ons stories deel, hoe meer sal ons die dinge kan vier wat ons saambind," sê Ilse.
- In *Cooking with Kim Bagley: A South African Fusion of Flavours* (R390, NB-Uitgewers) neem Kim, 'n kosblogger, ons op 'n kulinêre reis en deel sy haar familie se gunsteling-etes. Toe Kim, wat van Kaapstad kom, trou met die Durban-boorling Suneshan Adjina, het sy begin eksperimenteer met die vermenging van Kaaps-Maleise en klassieke Indiese geure. Die gevolg is 'n unieke Suid-Afrikaanse aanslag wat jou hart sal blymaak. 📖

TEKEN IN & SPAAR

40%! R480⁰⁰ vir 8 uitgawes*

GEDRUKTE WEERGAWE

NUWE INTEKENARE SMS "TUIS" NA 32361

HERNUWINGS SKAKEL 087 353 1300

E-POS intekenare@media24.com

OF WHATSAPP 087 353 1287

DIGITAAL BESOEK Zinio.com of Magzter.com of Netwerk24.com

ZINIO
THE WORLD'S LARGEST NEWSSTAND

MAGZTER
DIGITAL NEWSSTAND
FOR YOUR DEVICE

NETWERK24

* Intekentarië is onderworpe aan prysverhogings en jou betaalinstruksie sal ooreenkomstig die verandering in jou tarief aangepas word. Aangesien maandelikse subskripsies outomaties hernieu word, moet jy ons laat weet indien jy jou intekening wil kanselleer. Dié aanbod geld tot 10 Julie 2025. B's en V's geld. Die gedrukte aanbod is vir intekenare in SA; vir internasionale intekentarië, skakel +27 21 065 0033. Vir nuwe subskripsies, SMS jou besonderhede aan ons sodat ons met jou in verbinding kan tree. Elke SMS kos R1,50; gratis minute tel nie.

KOMPETISIEREËLS 1 Enigiemand in Suid-Afrika mag deelneem, buiten werknemers van Media24, die kompetisieborger, hul filiale, advertensie- en promosie-agentskappe en hul gesinslede. 2 Pryse word toegeken aan die eerste korrekte inskrywings wat getrek word en wenners sal telefonies of per e-pos in kennis gestel word. 3 SMS-kompetisiewenners word lukraak uit al die SMS-inskrywings gekies. 4 Die organiseerders se beslissing is finaal en geen korrespondensie sal daaroor gevoer word nie. 5 Pryse kan nie verander, oorgedra, uitgestel of vir kontant geruil word nie. 6 Die onus rus op kliënte om die pryse te verskaf. *Tuis* kan nie verantwoordelik gehou word vir probleme met en vertraging in die gestanddoening van die pryse nie. 7 Pryse moet binne 6 maande ná kennisgewing opgeëis word; uitstel sal slegs verleen word indien die borge skriftelik daartoe instem. 8 Geen KI-gegenereerde beelde kom in aanmerking vir kompetisies in *Tuis* waar inskrywings geskied deur die instuur van 'n foto nie. **LET WEL** Weens variasies in die drukproses is verkleure in die tydskrif nie noodwendig 'n ware weergawe van die betrokke produk nie.




FIRE EMPIRE
LET IT BURN

KAGGELS & BRAAIS
GAUTENG 076 536 5305 • WES-KAAP 082 749 4684
WWW.FIREEMPIRE.CO.ZA  

Om op hierdie
blad te adverteer,
gesels met

**Evonne
Mehl**

078 402 1784

evonne.mehl@media24.com



sweef meubels
odezen.com
ons lewer landswyd af



Koopgids

Sorg vir die hele gesin deur jou mandjie met hierdie kopies te vul!

DIE RYKDOM VAN 'N ERFENIS

By Just Property is rykdom meer as net jou finansiële state. Dis erfenis, vreugde, familie, sekuriteit, groei en vryheid. Of jy nou huur of koop, eiendom skep 'n betekenisvolle lewe. Van jou eerste huurplek tot jou vir-altyd-woning, Just Property is elke tree van die pad saam met jou – en bied kennis, omgee en selfvertroue. Vind wat net reg is vir jou. #JustRight Besoek www.just.property om rykdom te skep deur eiendom.



HOU STYLVOL BY

Maak die alledaagse uitsonderlik met 'n Tempo-horlosie – waar ontwerp wat die oog vang, gepaardgaan met presiese vakmanskap. Dis ideaal vir raakvatters en diegene wat die dag aanpak met 'n doel voor oë. Tempo bied 'n treffende balans van styl en funksie, of jou styl formeel of informeel is. Dié horlosie met



sy elegante afwerking, moderne silhoeët en betroubare prestasie is gemaak om by te hou met jou leefstyl. Koop jou gunsteling-Tempo-horlosie in winkels of aanlyn by Sterns.

KLASSIEK EN MODERN

Selfversekerd, vars en vroulik – die nuwe Elizabeth Arden 5th Avenue Downtown NYC Eau de Parfum vang die energie en gees van New York vas. Ligte blomgeure vermeng met vars peer en fluweelagtige salie, versterk met romerige woudgeure en warm amber – alles van volhoubare bronne. Dis 'n kontemporêre geur met 'n tydlose aantreklikheid. Beskikbaar vanaf Augustus in 'n 75ml-bottel teen R1 290.



'N LUKSE NOODSAAKLIKHEID

Eens op 'n tyd was dit net 'n luuksheid, maar deesdae is Jeeves se premium-gehalte verhitte handdoekrelings algemeen in enige hoëgehalte-woning, gastehuis of hotel, waar dit bydra tot 'n higiëniese badkameromgewing deur handdoeke droog en vars te hou. Duisende mense oor die wêreld heen begin hul dae met 'n warm, sagte handdoek van 'n Jeeves-reling af. As jy eers dié soort knusheid ervaar het, sal jy verstaan waarom so baie mense hul dag op die Jeeves-manier wil begin.



EENVOUD MET 'N BEELDHOU-AANSLAG

Die Eurolux Halo Trio Pendant (P1346) voeg 'n beeldhou-aanslag tot interieurs met sy minimalistiese vorm en warm goue afwerking. Dis ideaal vir moderne vertrekke en werk as beligting sowel as 'n fokuspunt. Dié lig werk met E27-gloeilampe en laat jou toe om die helderheid te verstel om by die atmosfeer te pas. Die aanbevole verkoopprijs is R3 490. Kontak Eurolux in Kaapstad by (021) 528 8400, of in Johannesburg by (011) 608 2970. Sien meer by www.eurolux.co.za of stuur 'n e-pos na info@eurolux.co.za.



GEE 'N GESKENK MET BETEKENIS

By American Swiss kan jy nou goue hangertjies van 9 karaat koop vanaf R2 999 per hangertjie – en elkeen het sy eie storie. Die kompas, met kunstdiamante, is ideaal vir iemand op 'n nuwe reis. Die hoefyster, versier met pêrels, is 'n elegante geskenk vir 'n bruid. Die 'bose oog' bring geluk en beskerming, terwyl die klawer, gemaak van glansende perlemoen, hoop, geloof, liefde en geluk simboliseer. Kies styl en betekenis – kies American Swiss. Sien meer by bash.com/american-swiss.





Die stilte van rosyne



Sy het dae lank op een kolletjie bly sit, skryf Karin Brynard, maar sy het 'n leeftyd afgereis.

Een van die vreemdste dinge wat ek onlangs moes doen, was om in die Sederberge saam met 'n groep vreemdelinge na 'n rosyntjie te probeer luister. En dit in absolute stilte.

Maar hier sit ek op 'n betaalde stilteverblyf (oftewel *retraite*) diep in die berge, rigting Tankwa-Karoo, en ek doen maar skaapagtig mee. Dis vier dae van volslae stilte, ver buite foon-, Wi-Fi- of selfs posduifbereik. Alle afleidingsmateriaal soos boeke, fone of breiwerk moet jy ingee. En jy praat nie, selfs nie met 'n handgebaar of wenkbrouwikkie nie. Jy sonder jou af, ook binne die groep. Jou mond op slot.

Soos nou, met die rosyn. Ons sit aan die etenstafel en wag op ons eerste maaltyd saam. Elkeen kry 'n rosyn wat jy deeglik moet bekijk en beruik en tussen jou vingers moet rol en fyn beluister. Daarna byt jy 'n stukkie af wat jy stadig toe-oog kou tot jy, van songedroogde soet deurspoel, uiteindelik sluk.

Aanvanklik voel dit vreemd en ongemaklik en herinner dit my aan 4'33", 'n beroemde komposisie deur die Amerikaanse komponis John Cage. Dit bestaan uit vier minute en drie-en-dertig sekondes stilte. Gehore reageer meestal ongemaklik. Mense kug en vroetel en kyk rond en sug dankbaar as dit oplaas verby is en die volgende item kan begin.

Hier op ons *retraite* moet ons juis leer om tuis te raak binne die ongemak van die vakuum. Ons eet in afgemete stilte, sit rond en drink ons tee heel stadig en ons mediteer. En dan weer gaan ons in stille gang op kilometer lange wandeltogte, nóg dieper die berge in. Soms koes ons by 'n grot in waar delikate Boesmantekeninge in die binneskemer glim en ons blik soos 'n gewyde seëngebed groet, 'n stil benediksie vanuit die mistieke oertyd.

Saans is die naghemel helder soos kristal waardeur die Melkweg glansend duisel. Ons kyk deur reuse-teleskope boontoe, sien supernovas en rooi dwerge, die Metusalem-ster, oud soos die heelal self. En ek voel stormgeslaan en klein hier onder die tollende ewigheid.

Namate die stilte inbloeï in die tyd blom my sintuie oop vir alles wat om en binne-in my aangaan. Ek hoor die geruis van vlermuisvlerke in die donker, beleef my eie hart se klop.

Ons groepie stiltesoekers is uiteenlopend – van 'n oorwerkte jong bankier uit Nederland tot 'n afgematte staatsamptenaar uit Pretoria. En ek, 'n skrywer wat na nuwe horisonne soek.

Ons “juffrou” is 'n neuroloog iewers uit die Nordiese lande met so 'n liewe skuinslê-aksent. Sy praat oor stilte en neurogenese – die vorming van nuwe breinselle in die hippokampus, waar ons geheue en ander kognitiewe leerfunksies woon. Drie dae van stilte, vertel sy liefderik, bou nuwe senuweebane in jou brein vir beter helderheid en fokus, meer vlugheid van begrip. En bring emosionele rus.

Ons lewe in die era van die masjien, van oorstimulasie en lawaai van by die 80 desibel sterk (iewers tussen 'n grassnyer en 'n wasmasjien). Of dit nou verkeer, jou oorfone of jou koffie-winkelkantoor is, jou wêreld raas. Maar evolusionêr is ons gehoor eintlik op oorlewing ingestem (die veraf tromgeroffel van 'n vyand of 'n dier se grom), op veg of vlug.

Tog vrees ons die stilte, het ons dit verloor. 'n Stil huis, bieg 'n vriendin, dit maak haar doodsbenuoud en die Groot-Karoo se rondomstilte besorg haar angsaanvalle.

Ek begryp haar so 'n bietjie, hier in die weidse bergwildernis waar ek self maar skrikkerig wil wegdeins voor die niks. Wil opspring en weghardloop, soos uit 'n 4'33"-konsert.

Tog bly ek sit.

Want die stilte doen sy ding. Dit draai die spieël om en ek kyk na binne toe. En duik onder die harde karapakse van my uiterlikhede in tot waar die sawwe weekdier van my kern skuil. Ek vergeet van simpel goed soos politiek of die dak wat lek, want van binne-uit loop ek weer vol van die dinge wat my blymaak – my kosbaarste herinneringe, my naby mense, dit wat my ryker maak, betekenis gee.

Wanneer ek oplaas die tweespoorpaadjie terugvat huis toe, voel ek 'n effens ander mens. Meer vredig, dalk, my harde doppe bietjie sagter.

Iewers in 'n hemsak krap ek 'n halfgeëete rosyntjie uit wat ek plesierig in my mond steek en dan rustig kou. Vier minute lank. En drie-en-dertig luiierende sekondes by – tot ek opnuut deurspoel word van 'n soet versadiging. 🏠

CY MARK

is lekker!



KUIER, KOOP, KLETS EN WORD GEÏNSPIREER!

7 – 12 OKTOBER 2025

DURBANVILLE HOËRSKOOLO IN DIE HARTJIE VAN DIE DORP

**'N PLEK VIR SAMESYN,
KREATIWITEIT EN
FEESTELIKHEID.**

WWW.THECOLLECTIVEMARKET.CO.ZA



Koop jou kaartjie by

**VOEL
GOED
events**



tuis|home



'n Badkamer se warm hart



Sê totsiens vir koue oggende. Jeeves se elegante verhitte handdoekrelings bied warmte en styl aan enige badkamer.

Ontdek ons ontwerpe en vind jou naaste handelaar by jeeves.co.za

JEEVES
HEATED TOWEL RAILS

SPRING INTO YOUR OWN STYLE

4-Piece Chilton Aluminium
Lounge/Dining Patio Suite with Cushions

• Outdoor Fabric • Table extends upwards

R27 999, SAVE R2000



Chilton Aluminium Ottomans
R1699 each, SAVE R300

There's no place like
House & Home

Valid 18 August – 7 September 2025. While stocks last. Ts & Cs apply.



SCAN TO VISIT OUR WEBSITE



R32999

SAVE R12000

**6-Piece Brickson
Patio Suite with
Cushions**

**27%
OFF**

SPRING-READY OUTDOOR ESSENTIALS



R19999

SAVE R3000

**9-Piece Cannes
Glass-Top
Aluminium
Patio Suite**

ALSO AVAILABLE
Cannes Aluminium
Patio Chairs
R1099 each,
SAVE R200

**EXTENDS TO
12-SEATER**



R19999

SAVE R3000

**9-Piece Lyon
Aluminium
Patio Suite**

ALSO AVAILABLE
Lyon Aluminium
Patio Chairs
R1199 each,
SAVE R100
Lyon MkII Aluminium
Pool Lounger
R1999, SAVE R200

**EXTENDS TO
12-SEATER**



R2299

SAVE R400

**5-Piece Samoa
Patio
Suite**



R8999

SAVE R4000

**5-Piece Long
Island Bar Set**

**30%
OFF**

R599

SAVE R200

**June Patio
Chair**



R899

SAVE R1100

**Toby Patio
Chair**



**55%
OFF**

R1199

SAVE R1800

Bowie Bean Bag
• Also available In
Dark Grey



**60%
OFF**

R5499

SAVE R1500

**Dallas
Hanging
Chair with
Cushions**



R6999

SAVE R500

**Aspen Aluminium
Umbrella with LED Lights**

ALSO AVAILABLE
Aspen Umbrella Base
NOW ONLY R1999

THE LATEST TRENDS FOR A FRESH NEW SPACE



R8999
SAVE R1000
**2-Division
Praia
Recliner
with Console**

ALSO AVAILABLE
Praia Single Recliner
R5999, SAVE R1000




R3999
SAVE R1000
**2.5-Division
Appolo Couch**



R4999
SAVE R1000
**3-Division
Cuba Couch**



R6999
SAVE R1000
**3-Seater Bronx
Couch**



R6999
SAVE R1000
**Keywest
Sleeper Couch**



R6499
SAVE R1500
**Morocco
Sleeper Couch**



R2699
SAVE R300
**Jamie
Occasional
Chair**



R2999
SAVE R800
**Jasper
Occasional
Chair**



R2999
SAVE R500
each
**Ascot
Wingback
Chairs**

scan to visit
**OUR LATEST
DEALS.**
Ts & Cs apply.



R15999
SAVE R10000
**7-Piece Cordwell
Dining-Room Suite**

**38%
OFF**



R12999
SAVE R3000
**7-Piece Willow
Dining-Room Suite**



R16999
SAVE R2000
**9-Piece Alex
Dining-Room Suite**

R1199
SAVE R1300
**Louis
Adjustable
Bar Stool**



**52%
OFF**

R1499
SAVE R200
**Angela
Bar Stool**
• Also available
in Brown
& Red



R1699
SAVE R300
**Soho
Rubberwood
Bar Stool**



R1199
SAVE R300
Marley Dining Chair
• Also available
in Biscuit



R1299
SAVE R200
**Dante Dining
Chair**



Accessories not included

R13999
SAVE R2000

**5-Piece Valencia
Corner Lounge Suite**

NEW



RENEW, REVIVE AND RELAX IN STYLE



R15999

SAVE R2000

**2-Piece Delta
Corner
Lounge Suite**



R13999

3-Piece Du Pont Lounge Suite

SAVE R2000



R14999

**4-Piece Vega MKII Corner Chaise Lounge Suite
with Console**

SAVE R2000

R4799

SAVE R700

**Houston
Entertainment Stand**

H 617mm
W 4420mm
D 1758mm

ALSO AVAILABLE
Houston Coffee Table
R3499, SAVE R500



R4999

SAVE R1000

**Russel
Entertainment Stand**

H 530mm
W 2000mm
D 450mm



R5999

SAVE R1000

**Morgan
Entertainment Stand**

H 500mm
W 2200mm
D 450mm



R7999

SAVE R1000

**Santana High-Gloss
Entertainment Stand**

H 554mm
W 2001mm
D 421mm



R19999
SAVE R3000

**7-Piece Valentino
Recliner-Daybed
Lounge Suite with
Consoles**

NEW



R29999
SAVE R3000

**6-Piece Luxembourg
Corner Recliner
Lounge Suite
with Console**



NEW

R34999
SAVE R5000

**3-Piece Connery
Recliner Lounge
Suite with Lights
and Consoles**



R21999 **3-Piece Grayson Recliner Lounge Suite**
SAVE R3000



R44999 **3-Piece Zimball Lounge Suite**
SAVE R5000




GET **50% OFF OR MORE** ON ALL RUGS IN-STORE AND ONLINE

DESIGN YOUR PERFECT **SPRING SLEEP SANCTUARY**



R12999
 SAVE R2000
**5-Piece Houston
 Bedroom Suite**



R3299 152cm Porto Headboard
 SAVE R700

Porto Universal
 Pedestals
 R1799 each,
 SAVE R500
 Porto Dressing
 Table & Mirror
 R6499, SAVE R500



R16999 5-Piece Amber Bedroom Suite
 SAVE R3000

R3599 Homestead Pine
 Double Bunk
 SAVE R400 • Mattresses available
 to purchase in-store



R3299 152cm Night
 Retreat
 Headboard
 SAVE R700



R1499
 SAVE R1200
**Chicago Black &
 Gold Pedestal**

ALSO AVAILABLE
 Black & Gold Chicago
 Chest of Drawers
 R1999, SAVE R2000
 LIMITED STOCK



**44%
 OFF**

R2299
 SAVE R500
Log Pedestal



YOUR NUMBER ONE DESTINATION FOR TOP BASE SET BRANDS

R5999 Serta **sertapedic.**
SAVE R1000 **152cm Lana
Base Set**

- 2-Year Guarantee Included in a 10-Year Service Warranty



R5999 edblo **152cm Espresso
Base Set**

- 1-Year Guarantee Included in a 10-Year Service Warranty



R6499 Sealy **152cm Grande
Base Set**

- 1-Year Guarantee Included in a 10-Year Service Warranty



R6999 MaxiPedic **152cm Bronte
Base Set**

- 2-Year Guarantee Included in a 10-Year Service Warranty



R9499 **Lunar**
SAVE R2000 **152cm Gibraltar
Pillow-Top Base Set**

- 2-Year Guarantee Included in a 10-Year Service Warranty



R16999 **Lunar**
SAVE R3000 **183cm Centara Luxury
Pillow-Top Base Set**

- 3-Year Guarantee Included in a 15-Year Service Warranty



R8499
SAVE R1500 **RESTONIC**
**183cm Aspen
Pillow-Top Base Set**
• 1-Year Guarantee Included in a 10-Year Service Warranty

91cm R4499, SAVE R1000
107cm R4999, SAVE R1000
137cm R5999, SAVE R1000
152cm R6499, SAVE R1000

RESTONIC
BELIEVE IN THE POWER OF SLEEP

**67 DAYS OF
GUARANTEED
WINNERS**

BUY any
Restonic bed
& stand a chance to
POWER UP YOUR LIFE

**WIN 1 of 67
R5000
cash prizes**


Scan to enter

T&Cs apply

DON'T NEED THE SET? **ALSO AVAILABLE SEPARATELY**

R6499 Sealy **152cm Greystone
Mattress**
SAVE R1000

- 1-Year Guarantee Included in a 10-Year Service Warranty




R6999 edblo **152cm Serengeti
Mattress**
SAVE R1000

- 1-Year Guarantee Included in a 10-Year Service Warranty




R4499 Bed Lab Factory **152cm Urban
Storage Base**
SAVE R500

- 2 Year Guarantee



R4949 Bed Lab Factory **152cm Urban XL
Storage Base**
SAVE R550

- 2 Year Guarantee



BUNDLE DEAL

Buy The Mattress & Base For Only
R3799, SAVE R999


**152cm Snooze Rest
Mattress** **RESTONIC** **152cm Snooze Rest
Base**

- 1-Year Guarantee Included in a 5-Year Service Warranty on Mattress
- 1-Year Guarantee on Base



BUNDLE DEAL

BUY THE HISENSE 85" 4K SMART QLED TV
AND GET A SOUNDBAR WORTH R1699 FREE



R19999

SAVE R2000

Hisense
85" (216cm)
4K Smart QLED TV
85Q6Q
• 4-Year Guarantee

Hisense
2.1-Channel Soundbar
with Wireless Subwoofer
HS1800 • 140W
• 2-Year Guarantee

R36999

SAVE R3000

Hisense

100" (254cm) 4K
Smart QLED TV 100Q7Q
• 4-Year Guarantee

ALSO AVAILABLE
75" (190cm) 4K Smart
QLED TV 75Q6N
NOW ONLY R12999

NEW

240Hz HIGH REFRESH RATE
QUANTUM DOT COLOUR



UPGRADE YOUR HOME ENTERTAINMENT SETUP

R6999
SAVE R500

SKYWORTH
55" (140cm) 4K Smart
Google TV 55Q6400H
• 3-Year Guarantee

R4299
SAVE R200

SKYWORTH
43" (109cm) Full HD
Smart Google TV
43E5500H
• 3-Year Guarantee

R7499
SAVE R500

SKYWORTH
60" (152cm) 4K Smart
Google TV 60G6400H
• 3-Year Guarantee



R8999
SAVE R1000




Hisense
65" (165cm) 4K Smart
LED TV 65A6Q
• 4-Year Guarantee

R9999
SAVE R2000

SAMSUNG
65" (165cm) 4K Smart
LED TV UA65DU7000KXXA
• 2-Year Guarantee

R9999
SAVE R1000

SAMSUNG
55" (140cm) 4K Smart
QLED TV QA55Q60DAKXXA
• 2-Year Guarantee



ALSO AVAILABLE
75" (190cm) 4K Smart
LED TV UA75DU7000KXXA
R12999, SAVE R1400
85" (216cm) 4K Smart
LED TV UA85DU7000KXXA
R19999, SAVE R4000

ALSO AVAILABLE
75" (190cm) 4K Smart
QLED TV QA75Q60DAKXXA
R15999, SAVE R3500



R199⁹⁹
SAVE R100
Barkan
Fixed
Wall-Mount
Bracket
BRAE302

Fits 26"-65"
screens

R329⁹⁹

SAVE R40
Barkan
Tilt Wall-Mount Bracket
BRAE310

Fits 29"-65"
screens



R1399
SAVE R300
medabox
Maverick 4K
Streaming
Box

R2299
SAVE R200
DStv
Explora Basic

Excludes dish and
installation




R1499 **Hisense**
SAVE R200
2.1-Channel
Soundbar
HS2000 • 240W
• 2-Year
Guarantee



R13999
SAVE R1000
JBL

5.1-Channel Soundbar
with Wireless Subwoofer
BAR 800 PRO • 720W

R5499 **SAMSUNG**
SAVE R2500
3.1.2-Channel
Soundbar with
Wireless
Subwoofer
HW-Q600C/XA
• 2-Year Guarantee



R16999
SAVE R3000
JBL

7.1-Channel Soundbar
with Wireless Subwoofer
BAR 1000 PRO • 880W

R14999 **polk**
SAVE R2500
7.1.2-Channel
Magnifi Max SR
AX Home Theatre
Soundbar System



R1499
SAVE R200
PHILIPS
FM Dab
Radio
TAR5505



R1199
SAVE R100
PHILIPS
Party
Speaker
TAX2208
• Up to
7-Hours
Playtime



R11499
SAVE R1500
JBL

Partybox
Speaker
with Wheels
Stage 320
• Up to 18hrs
playtime
• Splash proof



R7999
SAVE R2000
SONY
5.1-Channel
Home Cinema
HT-S700RF
• 2-Year Guarantee



R13999
SAVE R2000
LG

AV Receiver
System MR11
• 2300W
• 2-Year
Guarantee



R10999 **hp** **Core i5**
SAVE R2000 **Notebook**
155



15.6"
SCREEN
8GB
MEMORY
512GB
SSD
STORAGE

R11999 **ASUS**
SAVE R1000 **Vivobook i7**
X1502/4ZA/VA-
I78512BL2/OW



15.6"
SCREEN
8GB
MEMORY
512GB
SSD
STORAGE

R2999
SAVE R700
EPSON
EcoTank
3-in-1 Printer
L3110/3211



R12799
SAVE R1500
SONY
PS5 Slim Disc
Console with
1 Controller

GAMING ACCESSORIES
AVAILABLE TO
PURCHASE IN-STORE



R1799
SAVE R500
Neptune
Gaming
Chair



Includes
USB
Lighting

R2799
SAVE R200
Nickle
Gaming
Chair




Includes
USB
Lighting

R2299 **Cougar**
Gaming Desk
SAVE R700



Adjustable
LED Lights
& USB

R2999 **Nash L/Shape**
Gaming Table
• Includes USB
Lighting
SAVE R500



Includes
USB
Lighting

R1799 **TECNO**
SAVE R700 **each** **Spark 20c**
4G Smartphone
6.6"
8MP Selfie Camera
50MP + 0.08MP
Main Camera
128GB
Storage
4GB + 4GB
Extended Memory
5000mAh
(18W Fast Charging)



R2799 **HUAWEI**
SAVE R200 **each** **Nova Y63**
4G Smartphone
6.75"
8MP Selfie Camera
50MP + 2MP
Main Camera
128GB
Storage
4GB
Memory
6000mAh



ALSO AVAILABLE
6.75" Nova Y72s
R3499, SAVE R800

R4499 **SAMSUNG**
SAVE R500 **each** **Galaxy A26**
5G Smartphone
6.7"
13MP Selfie Camera
50MP + 8MP + 2MP
Triple Main Camera
128GB
Storage
6GB
Memory
5000mAh



ALSO AVAILABLE
6.7" Galaxy A05
R1699, SAVE R200
6.7" Galaxy A06
R1999, SAVE R300

R4999 **HONOR**
SAVE R1500 **each** **X7c**
4G Smartphone
6.77"
8MP Selfie Camera
108MP
Main Camera
256GB
Storage
9GB
Extended Memory
6000mAh



ALSO AVAILABLE
6.58" X5b
R1599, SAVE R400

ADVERTISED HANDSETS INCLUDE FREE SIM CARD WITH 7.5GB DAY & 7.5GB NIGHT DATA VALUED AT R99 AND ARE
SUBJECT TO RICA/ACTIVATION AND AIRTIME PURCHASE OF R29 WITH TELKOM

Telkom COLOUR MAY VARY

R41999
SAVE R18000

30%
OFF



Contents not included

R16999
SAVE R2000

DEFY

Black Brushed Metal-Finish Water-on-Tap 4-Door Side-by-Side Freezer-Fridge DFF440
• 2 + 3 Years (with registration) Warranty



R10999
SAVE R3000

Hisense
Inox-Finish Side-by-Side Freezer-Fridge H670SIT
• 4-Year Guarantee



R12999
SAVE R3000

Hisense
Black Stainless Steel-Finish Upright Fridge-Freezer H450UBL
• 4-Year Guarantee



UPGRADE YOUR ESSENTIALS WITH SMART SAVINGS

R4299

SAVE R600


Hisense
Red Water-on-Tap Bar Fridge H230RRE-/235
• 2-Year Guarantee



R3999

SAVE R300

DEFY
Metallic Chest Freezer CF210 DMF451
• 2-Year Warranty



R5499

SAVE R1500

Hisense
13-Place Grey Dishwasher H13DETG
• 2-Year Guarantee



R3999

SAVE R500

DEFY
Metallic Twin-Tub Washing Machine DTT151



R5499

SAVE R900

DEFY
Grey Top-Loader Washing Machine DTL160
• 2-Year Warranty



R6999

SAVE R1000

LG
Black Front-Loader Washing Machine F2Y1HYP6J
• 2-Year Guarantee



R7999

SAVE R1000

DEFY
Metallic Condenser Dryer DTD322
• 2 + 1 Year (with registration) Warranty



R16999

SAVE R1000



Matt Black Water-on-Tap Bottom-Freezer Fridge GC-F459NQDM
• 2-Year Guarantee

**R7499**

SAVE R500

BOSCH

Silver Water-on-Tap Bottom-Freezer Fridge KGW36NL2AZ
• 3-Year Guarantee

**R6799**

SAVE R700



Satin Metallic-Finish Water-on-Tap Bottom-Freezer Fridge DAC627
• 2 + 3 Years (with registration) Warranty

**R6299**

SAVE R2200

Hisense

Black Glass-Finish Water-on-Tap Bottom-Freezer Fridge H370BMIB-WD
• 4-Year Guarantee

**R3699**

SAVE R500

Hisense

Titanium Silver-Finish Top-Freezer Fridge H225TTS
• 2-Year Guarantee

**R12999**

SAVE R1000

ELBA

5-Burner Black Essential Full Gas Stove
• 3-Year Warranty

**R4999**

SAVE R300

Univa

4-Plate Black Electric Stove U116B/1
• 2-Year Guarantee

**R6699**

SAVE R300

DEFY

4-Plate Black Multifunction Thermofan Stove DSS697
• 2 + 1 Year (with registration) Warranty

**R4799**

SAVE R700 per set



Oven & Hob Box Set DCB838E
• 2 + 1 Year (with registration) Warranty

**R3699**

SAVE R500

BOSCH

4-Plate Ceran Hob PKE611D17E/BA2E
• 3-Year Guarantee

R999

SAVE R200



Black Cookerhood DCH60B
• 2-Year Warranty



FREE DELIVERY
ON SELECTED PRODUCTS ONLINE!

Get **free delivery** within 100km of our nearest collection points.



Scan to view
eligible products
While stocks last. Ts & Cs apply.

R749 **Hisense**
SAVE R150
Black Microwave
Oven H20MOBS11
 • 2-Year Guarantee



R1299 **Midea**
SAVE R100
Silver Microwave
Oven EM30SILVER



R1399 **DEFY**
SAVE R200
Electronic Microwave
Oven DMO390
 • 900W
 • 2-Year Warranty



R1299
SAVE R200
PHILIPS
Steam Iron
GC3920/20
 • 2500W



R599
SAVE R100
PHILIPS
Daily Collection
Kettle HD9350/90
 • 2200W



R699 **PHILIPS**
SAVE R100
2-Slice
Metal Toaster
HD2637/91



R499
SAVE R70
PHILIPS
Hand Mixer
HR3705
 • 300W



Love it? Want it today?
Get it on credit
quick and easy.
 Ts & Cs apply.



CONVENIENCE AT YOUR FINGERTIPS



R8999
SAVE R400
SAMSUNG
Non-Inverter
Air Conditioner
AR3000
 • 12000BTU
 • Excludes
 Installation

R999
SAVE R500
Bennett Read
Rechargeable Fan
LIMITED STOCK



R599
SAVE R50
Bennett Read
2-in-1 Aerovac
Vacuum Cleaner
 • 600W



R79⁹⁹
SAVE R20
each
magneto
Rechargeable
LED Bulb
B22/E27 • 7W



R99⁹⁹
SAVE R30
magneto
Rechargeable
LED Compact
Light



R199⁹⁹
SAVE R50
magneto
2.0 LED
Lantern



R299
SAVE R50
magneto
4-Way Red
High Surge
Multiplug



ALSO AVAILABLE
 2-way High
 Surge Plug
DBK303
R169⁹⁹, SAVE R80

R2499
SAVE R300
per set
Snappy Chef
6-Piece Stainless
Steel Pot Set



shop online at www.houseandhome.co.za

customer care line: 0861 00 8861 / 0861 11 3213

SA-S44-H2532

FOR YOUR NEAREST STORE PLEASE VISIT OUR WEBSITE, FACEBOOK PAGE, OR CONTACT OUR CUSTOMER CARELINE

Prices advertised are applicable within South Africa only. Instalment amounts displayed include VAT, interest, credit life insurance, monthly service and inflation fee, if applicable, but excludes optional insurance and delivery charges. All credit applications are subject to an affordability assessment as is required by the NCA and its Regulations. Requirements for credit applications must include your ID document, latest three paystubs and/or bank statements, proof of residence not older than 3 months and monthly expenses. Deposit may have to be paid, subject to your credit assessment. SMS for credit - standard SMS costs apply. Ts & Cs apply. Lay-by is available on selected products. Minimum deposit of R100 per lay-by. Find any item cheaper at any other retailer provide us with a current catalogue or quote and we will refund the difference plus 5% of the difference, on condition that the identical product must be in stock at the time at the local retailer. This offer however excludes Store Openings, Clearances and Limited Quantity offers. Products can be purchased from all of our branches, some products may not be on display in all stores. Accessories displayed are all displayed as extras and are not included in the advertised price. Stock and quantities may be limited at our discretion. No Dealers allowed. Consumers purchasing TV sets must produce their ID document, proof of residence and a valid TV Licence as required by legislation. Cellphone purchases are subject to NCA requirements, Service Providers' Ts & Cs and in-store activation. Should an error occur or incomplete information be printed in this advertisement, we will display a notice in-store with all the correct details. Errors and omissions excepted. Rainbow Finance is a trading division of Shoprite Investments Ltd, an Authorised Credit Provider (RCRCP16035), and an Authorised Financial Services Provider (FSP 7732). Proud to be NCA compliant.

VALID 18 AUGUST - 7 SEPTEMBER 2025, WHILE STOCKS LAST.

There's no place like
House & Home

Sunel

Kyk wat het ek gratis gekry! Stuur dit aan. 😊



Betsie

Hoe het jy die nuwe uitgawe verniet gekry?? 😊

Sunel

Wie gee om? Stuur dit net aan.

DIE DEEL VAN PDF-PUBLIKASIES IS 'N **MISDAAD**

MOENIE STEEL NIE

AS JY 'N PDF-PUBLIKASIE OP E-POS, WHATSAPP OF ENIGE ANDER BOODSKAPDIENS ONTVANG, RAPPOORTEER DIT ASSEBLIEF AAN REPORT@MEDIA24.COM

MEDIA24